UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

DEPARTEMENT VAN GODSDIENS EN TEOLOGIE

MTh (Tesis)

# DIE RELEVANSIE VIR DIE GEE VAN TIENDE AS BYBELS-TEOLOGIESE RENTMEESTERSKAP

**9 NOVEMBER 2009**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Supervisor

**Professor Douglas Lawrie**

Student

**Adam J Carelse**

Studente Nommer

**8017873**

**DECLARATION**

I, Adam Japhta Carelse, declare that *"Die Relevansie vir die gee van tiende as Bybels-Teologiese rentmeesterskap"* is my own work and that all the sources I have used or quoted have been indicated and acknowledged by means of complete reference.

Signed ................................................... Date ........................................

AJ Carelse

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## ABSTRACT

Although the official policy of the African Methodist Episcopal Church states that members are required to give tithes, this has seldom been enforced. Recently there have been attempts to make tithing obligatory in some of its congregations in South Africa. Tithing is not the norm in Protestant churches, because it is believed to be part of the Old Testament law which is not binding on New Testament believers. Supporters of tithing claim that it is a necessary part of Christian obedience. They quote Old Testament passages to support their claim, but also point out that Jesus did not specifically abolish the practice. This causes confusion among church members and provides the reason for researching *“Die Relevansie van die Gee van Tiendes as Bybels-Teologiese Rentmeesterskap”*.

Chapter 1 outlines the problem and the research design. Chapter 2 first indicates where tithes and tithing are mentioned in the Bible and then examines the relevant passages. Some Old Testament passages are examined in an attempt to assess reasons behind the practice of tithing. Next, since the AME Church refers to Malachi 3:10 to motivate its members to tithe, a more detailed exegetical study is made of Malachi 3 in the context of the book as a whole. An examination of New Testament passages is made to assess the New Testament theology regarding tithes. The final section of the chapter deals with the practice of the early church regarding tithing.

From the data it is concluded that tithing was an old, pre-Israelite practice used in different contexts for different purposes. In the Old Testament tithes were apparently predominantly used for the upkeep of the temple, to support the temple personnel and to provide for the poor. These *functions* are still relevant, but the precise practice should not be regarded as binding. There is no indication that it was ever enforced and enforcing it today would not have good consequences. These conclusions are summarized in the final chapter, which also contains practical guidelines for the church.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

| | |
|---|---|
| Sleutel woorde | Tiende |
| | Profete |
| | Nuwe Testament |
| | Heilig |
| | Rentmeesterskap |
| | Verbond |
| | Ou Testament |
| | Wet |
| | Belasting |
| | Offers |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## DANK EN WAARDERING

In die beplanning en voltooiing van hierdie studie het ek die persoonlike en onbaatsugtige leiding en bemoediging ontvang van my promotor, Professor Douglas Lawrie. Aan hom betuig ek my opregte en innige dank.

My innige dank en waardering gaan ook aan almal wie bygedra het dat ek hierdie studie kon bemagtig. Hierdie studie wat ek vertou 'n unieke bydrae kan lewer tot die vooruitgang van die Kerk van Christus in die algemeen en spesifiek aan die African Methodist Episcopal Kerk in Suid Afrika word opgedra aan:

- my wyle vader Henry Gerald Carelse, wie my mentor en rolmodel in die pastorale bediening was, asook aan my moeder vir haar onophoudelike gebed vir my,
- my vrou, Arlene, wie my nagraadse studies betaal het asook vir haar onophoudelike aanmoediging'
- my gesin wie geen moeite ontsien het om hul tyd, bronne en woorde van aanmoediging te spaar nie,
- Biskop Samuel L. Green, Sr. vir die feit dat hy my "uit die nes geskop het" deur my subtiel te dwing om my verder akademies te bekwaam. Woorde ontbreek verder om my dank uit te spreek vir sy onbaatsugtige finansiële opoffering, deurdat ek vir drie weke by verskeie Teologiese Sentrums in die VSA (Miami, Florida; Orlando Florida en St. Louis, Missouri) kon gaan navorsing doen ten einde my tesis te voltooi.
- Eerw. Adonis C. Booyse vir sy besonderse vriendskap en ondersteuning, toe ek handdoek wou ingooi het hy my gehelp om in myself te glo, en
- Die universiteit van Weskaap, wie geen steen ongeroer gelaat het om my as student te slyp om sodoende my doelwit in die lewe te bereik nie.

By die afsluiting van hierdie studie, pas dit my om in ootmoed en dank erkenning te getuig: Alle Eer Aan God!

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**INHOUDSOPGAWE**

**Bls.**

**Afdeling I**

**1. INLEIDING**

1.1. Opsomming ........ 7

1.2. Persoonlike motivering vir onderwerp ........ 8

1.3. Relevansie van die onderwerp ........ 11

1.4. Navorsingsvraagstuk ........ 13

1.5. Prosedure en navorsing metodiek ........ 14

**Afdeling II**

**2. HOOFPUNTE**

2.1. Die begrip “tiende” in ʼn Bybelse konteks ........ 16

*2.1.1. Verklaring van die woord “tiendes” in ʼn Bybelse konteks* ........ 16
*2.1.2. ʼn Bepaling van waar en hoeveel keer die woord en of begrip tiendes in die Bybel voorkom* ........ 25
*2.1.3. Eksegetiese ontleding van ʼn paar sleutel tekste waar die woord tiendes in die Bybel voorkom* ........ 31

2.2. ʼn Eksegetiese ontleding van die boek Maleagi ........ 61

*2.2.1. Agtergrond van die Profetiese boek* ........ 62
*2.2.2. Die skrywer van die boek Maleagi* ........ 62
*2.2.3. Die doel van die Profetiese boek* ........ 63
*2.2.4. Die ontstaanstyd van die boek Maleagi* ........ 64
*2.2.5. Die historiese agtergrond* ........ 64
*2.2.6. ʼn Oorsig oor die inhoud en die boodskap daarvan,* ........ 65
*2.2.7. Die oorkoepelende tema van die boek Maleagi* ........ 68
*2.2.8. ʼn Eksegetiese ontleding van Maleagi 3:6-12* ........ 69
*2.2.9. Samevatting* ........ 78

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

2.3. ʼn Studie van die Ou Testamentiese teologie rondom tiendes ..................... 81

*2.3.1. Die verskillende eras waartydens daar tiendes in die Ou Testament gegee was* ..................... 81
*2.3.2. Die transformasie van tiendes in die Ou Testament,* ..................... 88
*2.3.3. Die hantering en aanwending van tiendes in die Ou Testament* ..................... 90

2.4. ʼn Studie van die Nuwe Testamentiese teologie rondom die gee van tiendes ..................... 91

*2.4.1. Tiendes in die Evangelies* ..................... 91
*2.4.2. Die woord tiendes soos aangehaal in die Brief aan die Hebreërs* ..................... 95
*2.4.3. Paulus se insette in terme omtrent "gawes" (finansiële bydrae)* ..................... 95

2.5. ʼn Studie van die gee van tiendes voor en na die stigting van die Kerk as Nuwe Verbondsvolk. ..................... 103

*2.5.1. Tiendes in Grieks - en later Judisium periode* ..................... 103
*2.5.2. Tiendes in vroeë en Middeleeue Kerk gebruik* ..................... 104
*2.5.3. Tiendes in die hedendaagse era* ..................... 106

**<u>Afdeling III</u>**

**3. SAMEVATTING**

3.1. Kerklike beleid rondom die gee van tiendes / gawes. ..................... 118
3.2. Die Katolieke Kerk se beleid rondom die gee van tiendes / gawes ..................... 121
3.3. Skriftuurlike beginsels oor die onderwerp Christelike rentmeesterskap in terme van die gee van tiendes / gawes. ..................... 122
3.4. Persoonlike en algemene samevatting ..................... 122

**<u>Afdeling IV</u>**

**4. AANHANGSELS**

Aanhangsel A: ..................... 127
Persoonlike Onderhoude: Kerklike beleid rondom die gee van tiendes / gawes

Aanhangsel B: . ..................... 134
'n Fundamentele Bybelstudie gebasseer op Skriftuurlike beginsels oor die onderwerp Christelike Rentmeesterskap in terme van die gee van tiendes / gawes

**Bronnelys**

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**AFDELING I**

# 1. INLEIDING

## 1.1. <u>OPSOMMING</u>

Die woord tiendes kom deurlopend in die Ou Testament voor. Dit is interessant om te ontdek dat dit in die eerste boek, Genesis, asook in die laaste boek, Maleagi, verskyn. Die gee van tiendes deur die Israeliete was onder andere in verhouding gebring met die onderhoud van die Leviete en priesters wat in diens van God was, asook met die onderhoud van die tempel.

Dieselfde behoefte aan onderhoud vir diegene wat die evangelie verkondig, asook aan onderhoud aan kerkgeboue en uitvoering van bedieninge is ŉ realiteit in die Nuwe Testamentiese era. Daar is nie ŉ enkele kerk in die wêreld wat nie geld nodig het nie. Die dilemma is dat daar nêrens in die Nuwe Testament ŉ direkte of indirekte opdrag, instruksie of aanmaning is dat Christene tiendes vir die doel moet gee nie. In die Pauliniese briewe word daar wel verwys na die gee van gawes, maar die vraag wat onstaan, is of dit dieselfde inslag het as dié van die gee van tiendes.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die realiteit van ŉ finansiële behoefte teenoor die afwesigheid van duidelike Nuwe Testamentiese opdrag om die probleem aan te spreek open ŉ debat oor of die gee van tiendes nog relevant is al dan nie. Verder skyn dit asof daar botsende sieninge in die verband is. Wat die debat verder interessant maak is dat beide skole van denke hulself deurgaans op die Bybel beroep om hul standpunt te regverdig.

In die navorsing wat gedoen is, blyk dit dat juis die gee van tiendes in verhouding met die realiteit van finansiële behoeftes geïgnoreer word. Daar word hoofsaaklik klem gelê op die gee van tiendes vanuit die konteks dat ŉ mens God sou beroof indien jy nie ŉ tiende van jou inkomste aan die kerk gee nie. Soms word daar ook verwys na die seën wat die gewer sal ontvang indien die tiendes gegee word. In beide gevalle gaan dit om die gehoorsaamheid (al dan nie) van die individu aan ‘n veronderstelde opdrag en nie om die doel waarvoor die gawes aangewend word nie.

Die African Methodist Episcopal Kerk is ŉ filiaal van "The World Methodist Council of Churches" asook "World Council of Churches" Beide hierdie twee ekumeniese liggame identifiseer die African Methodist Episcopal Kerk as Protestants. Omdat die African Methodist Episcopal Kerk 'n hoofstroomkerk is, het ek dit nodig geag om ŉ opinie te vorm oor die denke van erkende teoloë, soos byvoorbeeld Jürgen Moltmann, Hans Küng, Desmond Tutu, Karl Barth en Wolfhart Pannenberg, vanuit die tradisionele hoofstroomkerke rondom die gee van tiendes in die Nuwe Testamentiese era. Tydens my navorsing het dit aan die lig gekom dat daar skynbaar daar geen sistematiese teologiese dokumentasie deur genoemde teoloë is wat die probleem van die befondsing van kerklike aktiwiteite aanspreek nie. Hierdie ondekking substansieer bogenoemde stelling *"In die navorsing wat gedoen is blyk dit dat juis die gee van tiendes (en van ander finansiële bydraes) in verhouding met die realiteit van finansiële behoeftes geïgnoreer word."*

Die ondersoek van die onderwerp: "**Die relevansie vir die gee van ŉ tiende as Bybels-Teologiese Rentmeesterskap"** kan dus as ŉ werklike behoefte binne die Kerk geïdentifiseer word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 1.2. PERSOONLIKE MOTIVERING VIR ONDERWERP

Die grondwet van die African Methodist Episcopal Kerk, wat vervat is in die boek: "The Doctrine and Discipline of the African Methodist Episcopal Church"[1], bepaal op bladsy 42-44, onder die opskrif "(Rules for Giving) Stewardship: Tithes and Offerings" dat elke persoon wat hom of haar tot lidmaat van die Kerk verbind, ŉ rentmeester is. Daarom word daar dus van elke lidmaat verwag om ŉ tiende van sy/haar inkomste aan die Kerk toe te wy. Dieselfde bron lê dan die volgende beleid neer:

> *Tithing shall be the official doctrinal stewardship position of the African Methodist Episcopal Church. Every church shall work towards a full tithing commitment. The Committee on Stewardship and Tithing shall be a standing committee in the Annual Conference. It shall be the duty of every pastor to ensure that at least once each month there is either a sermon, lecture, workshop or other presentation enlighting the members of the church about tithing and encouraging them to become regular tithers. Every pastor shall at least once each month include in his or her worship bulletin some reference to tithing. The stewards of*

[1] Die Doctrine en Discipline van die AME Kerk is die amptelike konstitusie van die kerk wat elke vier jaar tydens die sinode hersien word. 2004.

*the local church, Commission on Stewardship and Finance and/or the Christian Education Department shall provide all members with appropriate brochures, tracts, and other information and literature on the subject of tithing at least once each quarter. The presiding elder shall admonish each congregation on his or her district, at the time of his her regular visit, that tithing is the official stewardship position of the African Methodist Episcopal Church. The presiding elder shall provide some special time on stewardship emphasis, especially tithing, at every Church School Convention and District Conference. At each Annual Conference session, the standing committee on tithing shall present a position paper interpreting the biblical mandate regarding tithing and encouraging faithfulness thereto by all members of the local church. The presiding bishop shall also admonish and specifically encourage members to become regular tithers. The numerous benefits derived from membership in the Christian church, which is the very body of Christ, impose upon each member the responsibility of Christian stewardship, which is the stewardship of all life as manifested in our time, talent, and treasure. From our study of God's word and the unfolding revelation of His will we are bound to conclude that each member of the church is a steward. A steward is one to whom an important trust has been committed. We hold that time, talent, and treasures are gifts of God committed to u sand the use to which we put these determines whether we are good and faithful stewards or careless and unprofitable ones (Matthew 25:14-30). As we face our responsibilities as Christian stewards in the bright light of God's truth, these silent facts stand out before us: (1) God is the sovereign owner and ruler of this world. The sea is his, and he made it: and his hands formed the dry land (Psalm 95:5)It is he that stretchesh out the heavens as a curtain, and spreadeth them out as a tent to dwell in (Isaiah 40:22). The earth is the Lord's, and the fullness thereof; the world and they that dwell therein (Psalm 24:1). (2) God's will for us is Holy and good, however much we may frustrate his purposes. He has given mankind dominion in the earth (Psalm 8:3-8). Most of all He gave His only Son as a ransom for many (John 3:16). (3) Fort these so great benefits and such high an honor and dignity, God requires that we use time, our talents, and our money for His benefit and glory. For every steward must use the things committed in his hands, not for his own personal glory but for the glory of the owner to whom he must finally account (Matthew 25:27).*

*Most of us accept without question the three fundamentals of Christian stewardship previously mentioned. We believe that God is over all, that all our power sand possessions are sacred trust, and that we are accountable to him for the use we make of them. Comes now the question, "How may one's belief in the stewardship of possessions (money and property) be made effective and transforming in his or her daily life? "What are the claims of Christ upon our money?" (1) Christ founded the church and gave his life for it. Through it, he would win the world to Himself. Our business remain unfinished until God's will is accomplished. Therefore, we are required to share our earthly substances as long as God shares with us. There is no discharge in*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

*this are. (2) And what does God require of us? The answer is simple, "Bring the whole tithes into the storehouse, that there may be food in my house. Test me in this, says the Lord Almighty, and see I will not throw open the floodgates of heaven and pour out so much blessings that you will not have room enough for it." (Malachi 3:10). To those who would charge that the law of tithe is Old Testament legalism no longer binding upon Christians who are under grace we declare: The tithe is in no place in the New Testament challenged, disproved, or set aside. The sturdy principles that undergird it, such as divine ownership and human stewardship, are proclaimed on every page of the New Testament. Can anyone suppose that love that went to the Cross demands from us a smaller gift than the people who knew not Christ brought to the alters of ancient Israel? If God is first in our affections and devotions, he cannot be last in our budget. Therefore, upon the first day of the week, let everyone of you lay him in store as God has prospered him (1 Corinthians 16:2). When our faith is sufficiently rooted in the certainty and goodness of God, we hesitate not tos hare joyously the tithe of our income. Not even our lives are withheld from him whom we implicitly trust. For he is able to keep that which I have commanded to him against that day (2 Timothy 1:12).*

Alhoewel hierdie beleid reeds vir meer as ŉ honderd jaar ŉ integrale deel van die kerk se wetgewing vorm, is dit deur veral kerke in Afrika geïgnoreer. Na my mening was dit as gevolg van die invloede van ander sending-denominasies waaruit en waarnaas die African Methodist Episcopal Kerk in Afrika ontstaan het, omdat eersgenoemdes geen beleid rondom die gee van tiendes gehad het nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ongeag die duidelike stellinginname in die grondwet van die Kerk, het die leierskap van die African Methodist Episcopal Kerk in Suid Afrika, waarvan ek ŉ lid is, tradisioneel lidmate opgeroep om finansiële bydraes te maak deur dankoffers, gelofteoffers en  bydraes. Hierin het hulle hulle aangesluit by ander denominasies wat in dieselfde gebiede werksaam was en geen beleid rondom tiendes gehandhaaf het nie.

Na deeglike studies oor hierdie besonderse onderwerp in die grondwet van die kerk, het ŉ nuwe denkrigting by ‘n groot aantal predikante in verskillende gemeentes posgevat. Hierdie denkrigting word reeds die afgelope vyf jaar by ŉ aansienlike aantal lidmate ingeskerp. Die jaarlikse verslaggewing van predikante, wat in ŉ brosjure saamgevat word, het in 2005 aangedui dat twaalf gemeentes uit die sewe en sewentig in die Weskaap tiende-betalers is. Dit moet egter vermeld word dat

genoemde twaalf gemeentes steeds in 'n proses van skoling oor die gee van tiendes is. Predikante het hulle al hoe meer toegespits en intens begin fokus op die beleid oor die gee van tiendes in hul gemeentes (sien kerkbrosjure vir 2005). Lidmate is geskool om hul tiendes te gee, gebaseer op die tekste soos in die kerk se grondwet aangehaal. Dus het die onderwerp van die gee van tiendes vir beide leraar en leek van al hoe meer belang geword.

## 1.3. RELEVANSIE VAN DIE ONDERWERP

Teen hierdie agtergrond het verskeie gemeentes en lidmate die nuwe denkrigting as beleid aanvaar en begin implementeer. Sedert die gee van tiendes as wyse van rentmeesterskap as beleid toegepas is, is daar nog geen amptelike teologiese werkstuk oor die onderwerp van tiendes binne die struktuur van die African Methodist Episcopal Kerk in Suid Afrika by enige konferensie of kommissie voorgelê of behandel nie. Selfs binne die konteks van Suid-Afrika is geen poging deur enigiemand aangewend om 'n wetenskaplik-teologiese boek oor die gee van tiendes te publiseer nie. Voorts, wanneer daar ondersoek ingestel word waarom lidmate tiendes betaal, benewens die verwysing na die "Doctrine and Discipline of the African Methodist Episcopal Church" en die teksverwysing wat daarin vermeld word, is dit duidelik dat daar geen teologiese of Bybelse verwysingsraamwerk vir die implementering van die beleid is nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Binne die African Methodist Episcopal geledere heers daar steeds verwarring en onsekerheid oor wat, wanneer, waarvan, hoe gereeld, ensovoorts, gegee moet word. 'n Vraag wat telkens by lidmate opduik is: "Hoeveel moet ek vir die kerk gee en waarom?" As gevolg hiervan, ontwikkel frustrasies by gelowiges, omdat hulle geen leiding van hul predikante ontvang nie en 'n geestelike worsteling ervaar omdat hulle soms voel dat hulle God beroof.

My persoonlik ervaring as predikant vir een en twintig jaar van genoemde kerk is die volgende:

- Daar is sommige lidmate wat hul tiendes, gebaseer veral op die verse in Maleagi, rekeningkundig tot op die laaste sent uitwerk, juis om daardie geloofsworsteling te ontkom.

- Ander lidmate is weer van mening dat ŉ persoon geregtig is om eers al sy of haar noodsaaklike uitgawes af te trek en dan ŉ tiende te bereken van die oorblywende netto inkomste.
- ŉ Derde groep lidmate is weer van mening dat indien hulle by geleentheid ŉ groot bedrag geld sou skenk aan byvoorbeeld ŉ boufonds of welsynsfonds binne die kerk, hulle daarmee hul tiendes bygedra het.
- Daar is ook groepe lidmate wat daarvan oortuig is dat die idee van tiendes uitgedien is, omdat Ou Testamentiese voorskrifte nie meer op die moderne kerk van toepassing is nie.

Daar heers ook verwarring onder predikante omdat hulle nog nie ŉ teologiese studie rondom die gee van tiendes gemaak het nie; hierdie verwarring sypel deur tot by die lidmate.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Uit die studie van Visagie is dit duidelik dat hy die beleid van die gee van tiendes soos vervat in die grondwet van die African Methodist Episcopal Kerk ondersteun (2003:4). Hy gaan van die standpunt uit dat God diegene wat blymoediglik hul tiendes aan Hom wy, mildelik seën. Voorts verklaar Visagie dat diegene wat hulle weerhou van die gee van tiendes, nie net vir God beroof nie, maar hulleself van God se seëning stroop. Aanvanklik het ek saamgestem met die standpunt van Visagie dat: "When we obtain this understanding, we will have the ability to tithe effectively, knowing what we are doing and why we are doing it. In tithing with understanding, we will enjoy the full blessing that comes with this principle" (2003:5). Soos die navorsing oor die onderwerp van die gee van tiendes in die tesis egter ontvou het, het dit my egter genoop om die vraag te vra: "Is dit wat die Bybel as die Woord van God aan ons voorhou in die hedendaagse era?" Dit is juis hierdie vraag wat my aangespoor het om dieper te delf, nie noodwendig om klinkklaar antwoorde op die onderwerp te kry nie, maar om en minste met vars oë na die toepassing van die beleid van die kerk ten opsigte van tiendes te kyk.

Alles in ag genome, ontstaan die vraag: wat word bedoel met die gee van tiendes? Waar het die gee van tiendes sy oorsprong gekry? Is die gee van tiendes nog relevant, en is die gee van tiendes Bybels afdwingbaar op Nuwe Testamentiese

verbondsvolk? Dit is wat ek in hierdie tesis wil behandel - met die doel dat predikante en lidmate 'n ingeligte besluit, gebaseer op Bybelse beginsels, mag neem.

## 1.4. NAVORSINGSVRAAGSTUK

Die wet van die African Methodist Episcopal Kerk meld duidelik dat die gee van tiendes Ou Testamenties is. Verder meld die bron dat dit nie bindend is op die Nuwe Testamentiese verbondvolk nie. Tog word dit ondubbelsinnig gesê dat die gee van tiendes nêrens in die Nuwe Testament weerlê, verwerp, afgewys of ten syde gestel is nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat daar aanvaar word dat die gee van tiendes nog relevant is, en dat die kerk Bybels oor die outoriteit beskik om dit as beleid aan hul lede voor te hou.

In hierdie verband bevestig Haupt (1984: 25) die siening van die African Methodist Episcopal Kerk dat die aanhoudende debat oor die gee van tiendes nog relevant is, en dat voorskrifte oor tiendes van toepassing is op gelowiges in die hedendaagse era. Voorts verklaar hy dat teoloë en skrywers die gee van tiendes Bybels-teologies kan regverdig. Hiermee rugsteun Haupt dus die standpunt van die African Methodist Episcopal Kerk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wolfgramm (2001: 54) sluit by Haupt (1984: 25) en Visagie (2003: 5) aan wanneer hy meld dat ons in 'n era leef waarin gelowiges dit moeilik vind om hul tiendes aan God toe te wy. Daar is vele faktore wat daartoe aanleiding gee. Van die faktore is onder andere die "agente" van materialisme, kapitalisme en die reklamewêreld, wat gedurig in ons oor fluister en ons wys op alles wat ons kortkom en benodig. Daarom, gemeet aan die standaarde van die reklamewêreld, kom almal van ons baie materiële dinge kort. Om hierdie behoeftes en begeertes te kan vervul, moet ons meer geld verdien en gevolglik harder werk. Die uiteinde van hierdie dikwels bose kringloop is dat ons net vir onsself en ons eie behoeftes begin leef. In hierdie materialistiese wêreld word God dikwels eenkant gestoot, sodat ons ons eie materiële behoeftes kan bevredig.

Die doel van hierdie werkstuk is dus tweeledig:

- Om die Bybelse gegewens oor die gee van tiendes te bestudeer; en

- Om algaande, in die lig van die studie, duidelike riglyne te probeer vind vir veral die African Methodist Episcopal Kerk in Suid Afrika.

## 1.5. PROSEDURE EN NAVORSING METODIEK

Ek maak hoofsaaklik van ‘n oorsig van die literatuur gebruik. Ten einde gestalte te gee aan hierdie tesis, gaan ek die volgende behandel:

In Hoofstuk een wil ek poog om te bepaal wat die begrip “tiende” beteken. Klem sal geplaas word op die Bybelse konsep daarvan, hoeveel keer die woord of begrip in die Bybel verskyn en om ŉ eksegetiese ontleding van ŉ paar sleuteltekste of perikope te doen. Die doel is om ŉ algemene opinie te vorm van dit wat die Bybel oor tiendes verklaar. As bronne gaan ek onder andere die volgende skrywers aanhaal: Jagersma (1978); Hasting (1921); Watley (1995); Thomson (1962); Williams (1989); Powell (1979); Mijnhardt (1986); Speiser (1964); Church (1960); Vosloo & Van Rensburg (1999); Pedersen (1947); du Toit (1956); en Roth (1996).

In Hoofstuk twee gaan ek ŉ histories-kritiese en teologiese oorsig gee oor die boek Maleagi, met eksegetiese aantekeninge oor sleutelgedeeltes. Die hoofrede vir die bestudering van hierdie profetiese boek, is omdat die African Methodist Episcopal Kerk se tiendestelsel swaar op Maleagi 3:10 “die bring van die tiendes na die skatkis,” (1933 vertaling) leun. As bronne gaan ek onder andere verwys na Guthrie & J.A. Motyer (1970); Noth (1958); Smith (1967); Von Orelli (1977); Young and Baldwin (1988); Kaiser (1984); O’Brien (1987); en Glazer-McDonald (1987).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In Hoofstuk drie gaan ek ŉ studie maak oor wat die Ou Testamentiese teologie rondom die gee van gawes is, omdat die gee van tiendes gewortel is in ŉ Ou Testamentiese teologiese denkwêreld. Die hoofbronne wat hier gebruik sal word is die werke van die volgende skrywers: Hess (1992); Davis (1987); Brueggemann (1991); Verhoef (1974); Hartley (1992); Merrill (1994); Morley (1996); Payne (1988); Yamauchi (1988); Bowman and Gilkey (1954); Smith (1972); McComiskey (1985); Calkins (1947); Goddard (1960); Dentan (1956); Banks (1975); Carson (1984); Kaiser (1996); France (1989); Blomberg (1990); Kobelski (1981).

Hoofstuk vier sal handel met skrifgedeeltes in die Nuwe Testament wat verwys na die gee van tiendes en gawes oor die algemeen, met die oog daarop om dit in verhouding met die Ou Testamentiese gedeeltes te bring. As bronne gaan ek onder andere verwys na Kaiser (1996); France (1989); Banks (1975); Carson ( 1984); Blomberg (1990); Stevens (1911); Chris Visagie, (2003); Kurianal (2000); Koester (2001); Guthrie (2002); Morris (1981); Kobelski (1981); Guthrie (1990); Barrett (1968); Bruce (1971); Alden (1985); Fee (1987); Garland (2003); Collins (1999); Chafer (1974); Cook (1908).

In Hoofstuk vyf gaan die gee van tiendes voor en na die "stigting" van die kerk behandel word. Gevallestudies sal gemaak word van minstens drie denominasies se beleid oor tiendes. In hierdie geval sal persoonlike onderhoude gevoer moet word, omdat ek slegs met betrekking tot een denominasie, naamlik die Rooms Katolieke Kerk, 'n kontemporêre geskrewe bron rondom die gee van tiendes kon bekom (naamlik Whalen 1967).

Met my tesis het ek ten doel om duidelike riglyne, veral vir die African Methodist Episcopal Kerk in Suid Afrika, oor die gee van tiendes daar te stel. As 'n aanhangsel, gaan ek Bybels-gefundeerde beginsels vir finansiële rentmeesterskap probeer daarstel. Die doel hiervan is om predikante en leke te ondersteun in hul soeke na leiding oor hierdie onderwerp wat tans verwarring in die kerk bring. As bronne gaan ek verwys na Chris Visagie (2003); Powell (1979); Saddler (2003); Lowry (1940); Haupt (1984); en Whalen (1967).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Ten einde gemeentelede in die African Methodist Episcopal Kerk in Suid Afrika ten opsigte van die beleid rondom die gee van tiendes te ondersteun, sal 'n omskrywe met die tesis as aanhangsel, aan alle belanghebbendes gestuur word. Die doel is om te versoek dat plaaslike gemeentes seminare hou, waartydens die inhoud van die tesis bespreek kan word.

## AFDELING II

## 2. HOOFPUNTE

### 2.1. <u>DIE BEGRIP "TIENDE" IN 'N BYBELSE KONTEKS</u>

Ten einde die relevansie vir die gee van ŉ tiende as Bybels-teologiese rentmeesterskap te ondersoek, is dit van kardinale belang om ŉ goed nagevorste verstaansraamwerk van die begrip tiende soos wat dit in die Bybel voorgehou word, te hê. Om dit te vermag gaan ek die volgende aspekte behandel

- Verklaring van die woord "tiendes" in ŉ Bybelse konteks
- ŉ Bepaling van waar en hoeveel keer die woord en/of begrip tiendes in die Bybel voorkom
- Eksegetiese ontleding van ŉ paar sleuteltekste waar die woord tiendes in die Bybel voorkom

#### 2.1.1. Verklaring van die woord "tiendes" in ŉ Bybelse konteks

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die woord of begrip "tiende" in die Bybel word vanuit verskillende kontekste verklaar. Teoloë en skrywers het uiteenlopende opinies aangaande hierdie woord of begrip wat baie interessante teorieë na vore bring. Die volgende insette is ŉ opsomming van opinies om lig op hierdie aspek van die Bybel te bring.

Volgens Jagersma (1978: 851) is die betekenis wat aan die tiende geheg is, die heel belangrikste saak waarby ons moet uitkom. Hy sê dat dit veel belangriker is as hoe dit ontstaan het en, veral vir ons hedendaagse tyd, presies hoe dit bereken moet word. Hiermee beweer hy geensins dat die ontstaan van hierdie gebruiksvorm geïgnoreer moet word nie. Teen hierdie agtergrond gee hy sy weergawe van die ontstaan van tiendes. Hy meld dat dit skyn asof daar van die gebruik van die gee van tiendes vir die eerste keer alreeds gedurende die regerende stamhuis van Ur[2]

[2] Die land waar Abraham se vader Tera gewoon het, ook die geboorteplek van Abraham. Genesis 11:28,31, 15:7 verwys daarna as "Ur van die Galdeërs".

[3] Die woord tien in Genesis 31:7 verwys na "van tyd tot tyd." Tien in hierdie teks dui dus nie noodwendig op ŉ spesifieke getal nie, maar eerder op ŉ herhaalde handeling. Dus word daar

ongeveer 2000 v.C. melding gemaak is. Dit kom dus daarop neer dat tiendes ŉ baie ou gebruik was, nog selfs voor die roeping van Abraham (James 1921:185). James (1968: 255) en Williams (1989:560) se weergawes stem grootliks ooreen met die van Jagersma (1978) deurdat hulle ook van die opinie is dat die gee van tiendes reeds bekend was voor die wet van Moses. Hulle verwys na Genesis 14:17 en beweer dat dit ŉ algemene gebruik was onder verskeie antieke nasies. Williams (1989:561) verklaar verder dat "tiendes gee" (tithing) beskryf kan word as "die  gebruik om ŉ deel van jou inkomste, wat uit een tiende bestaan, te gee vir godsdienstige doeleindes."

Watley (1995:5) sluit aan by Jagersma (1978) en Williams (1980) en is van die opinie dat daar aanvaar kan word dat die idee van gee van tiendes in ŉ periode voor die roeping van Abraham ontstaan het. Om sy opinie te staaf, meld hy dat daar in die antieke stelsel in tiene getel is. Hy meld dat dit ŉ gemaklike getal was reeds voor die ontwikkeling van tale en getalle, omdat persone die getal tien met hul aantal vingers en selfs aantal tone kon identifiseer. Verder beweer hy dat die woord tiendes kon ook ontstaan het omdat dit ŉ algemene ronde getal was, wat daarop kan dui dat "tien" gebruik kon word vir ŉ getal[3] groter of kleiner as tien, na gelang van spesifieke omstandighede, soos aangedui in Genesis 31:7 "... hy het my loon tien maal verander ..."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Benewens die moontlikheid dat die klem op die getal en begrip tiende ŉ voor-Israelitiese inslag kon hê, verduidelik Watley (1995:7) dat die getal tien ŉ heilige getal aangedui het wat uit twee ander spesiale heilige getalle saamgestel is, naamlik sewe en drie. Om sy standpunt te staaf, verwys hy daarna dat in die Ou Testament  die getal tien telkemale in verhouding gebring met heilige gebeure wat plaasgevind het. Hy verwys byvoorbeeld na die skeppingsverhaal in Genesis 1:1-2:3. In die skeppingsverhaal, wat ŉ heilige gebeurtenis beskryf. kom die woorde: "Toe het God gesê" tien keer voor. Verder kom die woorde: "God het gesien", en "God het geseën" onderskeidelik sewe en drie keer voor. My persoonlike opinie is dat Watley se

---

beweer dat die getal tien slegs gebruik is omdat dit ŉ ronde en gerieflike getal was om na te verwys.

[3] Die woord tien in Genesis 31:7 verwys na "van tyd tot tyd." Tien in hierdie teks dui dus nie noodwendig op ŉ spesifieke getal nie, maar eerder op ŉ herhaalde handeling. Dus word daar beweer dat die getal tien slegs gebruik is omdat dit ŉ ronde en gerieflike getal was om na te verwys.

bewering erg spekulatief is. As argument vir my stelling sou ek aanvoer dat ek geen ander bronne kon kry wat sy bewering kon bevestig nie.

Benewens die vorige verklaring van die woord of begrip tiende, benader Hastings (1921:347) die begrip tiende vanuit ŉ ander oogpunt. Hy meld dat dit moeilik is om die begrip "tiende" en "eerstelinge" van mekaar te skei, omdat die tiende slegs ŉ spesiale vorm van eerstelinge was. Alhoewel Hastings die begrip tiende in verhouding bring met die begrip eersteling, sluit hy by die vorige drie skrywers, Jagersma (1978), Williams (1980) en Watley (1995), aan deur daarna te verwys dat die konsep van die gee van tiendes alreeds by menige, indien nie alle nie, nasies ŉ algemene gebruik was (1921:349). Hastings meld dat die gebruik waarna verwys word as die gee van die "tiende" of "eerstelinge", ŉ algemene verskynsel was waarin ŉ gedeelte van goedere, hetsy produkte van ŉ oes, of ŉ getal van ŉ kudde, vir hul gode opsy gesit is. Hy noem verder dat daar by nasies nog voor die roeping van Abraham die tendens was dat die koning of die hoofman as ŉ soort van god beskou is. Die gee van die tiende, soms ook na verwys as "eersteling", aan die koning was ŉ vereiste en dus afdwingbaar (1921:355).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die gee van ŉ tiende of eersteling tydens die voor-Israelitiese periode was nie beperk tot die koning of die hoofman (wat ŉ soort god was) nie. Volgens Hasting (1921: 361) skyn dit asof daar ŉ "sekere offer" aan die plaaslike geeste verskuldig was, veral wanneer daar bykomende grond verkry is, ŉ nuwe nedersetting gebou is; ŉ onoorkomelike rivier oorgesteek is, ensovoorts. In hierdie geval is ŉ gedeelte van die bykomende grond aan as besit aan die ou (vorige) geeste nagelaat. Dit is in dieselfde konteks dat ŉ gedeelte van die opbrengs van die aarde vir die gode nagelaat of gegee is. Hy noem wel dat dit egter te betwyfel is of die gedeelte wat "geoffer" is, altyd dieselfde in terme van hoeveelheid was ('n tiende), alhoewel ŉ tiende ŉ maklik berekenbare hoeveelheid in die tyd van die ontstaan van die "tiende"-gebruik was. Hasting (1921:361) is dus van mening dat die Israeliete, wat ŉ latere ontstaan as die ander nasie gehad het, die gebruik van die "tiende" "geërf het. Die getal tien het dus vir die nasies van daardie tyd geen noemenswaardige waarde gehad nie; dit was net "maklik" bruikbaar.

Met bogenoemde argument in ag genome, sê Hasting dat binne die Hebreeuse konteks dit moeilik is om die gee van tiendes en van eerstelinge van mekaar te skei. Hy is van mening dat eerstelinge in die algemeen in terme van hoeveelheid (kwantiteit) van mekaar verskil het, terwyl die tiende ŉ min of meer vasgestelde hoeveelheid verteenwoordig. Verder meen hy dat die tiende slegs ŉ "eersteling" was wat op ŉ meer sistematiese wyse gegee is. Laastens beweer hy dat tiendes en eerstelinge eintlik een en dieselfde was en dat dit slegs verskillend benoem is op verskillendes tye, in verskillendes eras, op verskillende plekke, onder verskillende omstandighede, en, laastens, vir verskillende doeleindes (1921: 363).

In terme van die verduideliking van die begrip tiende is daar in die voorafgaande paragrawe gefokus op die verskillende benaderings tot die ontstaan van hierdie gebruik. Vervolgens gaan daar in die volgende paar paragrawe vanuit ŉ Bybelse oogpunt na die begrip tiende gekyk word.

Jagerma (1978), in sy bydrae in hierdie verband, verwys daarna dat die werkwoord "tiende" in die Ou Testament in sy oorspronklike taal nege keer voorkom, terwyl die selfstandige naamwoord nege en twintig keer voorkom. As ŉ tweede aspek meld hy dat daar onderskeidelik na: "tiende" en "die gee van tiendes" verwys word in dieselfde konteks. Laastens sê hy dat wanneer ŉ mens insig in die begrip "tiendes" wil bekom, jy drie vrae aan jouself moet stel. Die eerste vraag: "In die konteks van die Bybelse tekste, word daar na ŉ werklike tiende deel van iets verwys, of is "n tiende' slegs as ŉ standaard term gebruik om ŉ sekere vorm van belasting aan te dui?" Die tweede vraag is: "Was die gebruik van die gee van tiendes ŉ neergelegde vereiste, of was dit slegs ŉ vrywillige geskenk of offer?" Die derde en laaste vraag is: "Veral in die lig van die Deuteronomiese tekste, word daar na verskillende soorte tiendes verwys?" Dit blyk uit die latere Judaïsme dat daar onderskeid getref word tussen drie verskillende tiendes. Daar word na verwys as die tiende vir die Levitiese gebruik, daar word melding gemaak van ŉ tweede tiende vir die gebruik van die offeraar en verder word daar ook melding gemaak van ŉ derde tiende vir die gebruik van die wees, weduwees en armes (1978: 854). Hierdie bepaalde vrae sal van nader bekyk word, soos die studie ontvou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat betref die benadering tot die ontstaan van die begrip tiende, is daar ooreenstemming tussen die standpunte wat Jagersma (1978) en Watley (1995) huldig. Maar wat betref hulle siening oor die Bybelse gegewens oor wat die begrip beteken, het hulle uiteenlopende standpunte. Teenoor Jagersma (1978), wat geen duidelike standpunt inneem daaroor of die gee van tiendes op ŉ pertinente voorgeskrewe getal dui nie, is Watley (1995:9) van die opinie dat die begrip tiende beteken: "'n tiende van" of "'n deel wan ŉ tiende uitmaak" Watley (1995:11) gee die volgende interessante en insiggewende verduideliking wanneer hy sê: "Tien persent is nie ŉ willekeurige getal nie, dit is ŉ getal wat deur die Bybel voorgeskryf word as ŉ maatstaf waarvolgens ŉ minimum standaard van gee voorgeskryf word." Hy hou dit voor dat tien as ŉ getal 'n spesiale betekenisinhoud in die Bybel het, alhoewel dit ŉ antieke oorsprong het. Hy beweer dat in die geskiedenis van antieke Egipte, waar Moses sy opvoeding ontvang het, die getal tien ŉ geestelike syfer was. Hierdie bewering van Watley (1995:12), dat die getal tien ŉ "geestelike syfer" was in die geskiedenis van antieke Egipte, word nie deur enige verwysing na die bron waaruit hy hierdie afleiding maak, gerugsteun nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Thomson (1962:845) en Hawthorne (1986:851-855) maak ŉ verdere bydrae tot die verklaring na die begrip tiende vanuit ŉ Bybelse konteks. Hulle sluit by Watley (1995) aan deur aan te voer dat die getal tien ŉ spesiale betekenisinhoud in beide die Ou Testament en Nuwe Testament gehad het. Om hul opinie te motiveer, verwys hulle na verskeie insidente, gebeure en skrifgedeeltes in albei Testamente. Onderstaande is ŉ samevatting van die gegewens waarmee hulle hul argument te staaf -

<u>Ou Testament insidente, gebeure en skrifgedeeltes -</u>

- God stem in om die sondige stede van Sodom en Gomora te spaar indien daar tien regverdige persone gevind kon word,
- Daar was tien aartvaders voor die vloed,
- Daar was tien aartsvaders na die vloed,
- Die getal tien word gemeld met die mate wat aangegee word vir die ark wat Noag moes bou,
- Die getal tien word ook gemeld met die mate wat aangegee word vir die bou van die tempel,

- Daar was tien plae wat oor Egipte gekom het om die verlossing van die Israeliete uit slawerny te bewerkstelling,
- Moses het tien gebooie van God ontvang wat hy aan God se volk moes voorhou, en
- Verder is die getal “tien” beskou as die teken van volledigheid, volkomenheid, en is byvoorbeeld gebruik as ŉ getal persone iets gemeenskapliks verrig het (vergelyk Rut 4:2: “ook tien leiers van die stad gevra om daar te kom sit, en hulle het dit gedoen.”; 1 Samel 25:5: “het hy tien jong manne gestuur en vir hulle gesê ...”; en 2 Samuel 15:16: “Nadat hy tien byvroue agtergelaat het om die paleis op te pas, het die koning en sy hele hofhouding te voet gevlug”; 2 Samuel 18:15: “Toe het tien wapendraers van Jakob nader gestorm en Absalom heeltemal dood geslaan.”
- Die getal “tien” is ook gebruik wanneer ŉ veelheid van sake of voorwerpe ŉ afgeronde geheel gevorm het, vergelyk 1 Samuel 17:17: “Isai het vir sy seun Dawid gesê: ‘Vat tog vir jou broers sestien kilogram gebraaide koring en tien brode en bring dit gou vir hulle in die kamp”; 2 Samuel 18:11: “Toe sê Joab aan die man wat dit vir hom vertel het: ‘Wat? Het jy hom gesien? Waarom het jy hom dan nie net daar doodgeslaan nie? Ek sou jou dan tien silwerstukke en ŉ eregordel moes gegee het’”; 1 Konings 4:3: “Vat tien brode en koeke en ŉ kruik heuning saam en gaan na hom toe. Hy sal jou sê wat met die kind gaan gebeur”; 2 Konings 5:5: “Gaan gerus, het die koning van Aram gesê, ek stuur jou met ŉ brief na die koning van Israel toe. Hy het vertrek en drie honderd twee en veertig kilogram silwer, ag en sestig kilogram goud en tien stelle klere met hom saamgevat.”
- Die getal tien kom baie prominent voor in die apokaliptiese simboliek in die boek Daniel,
- Laastens sien ons ook dat tien maal spreekwoordelik beteken “genoeg”, vergelyk Genesis 31:7: “Maar julle vader het my bedrieg: hy het my loon tien maal verander. Maar God het hom nie toegelaat om my skade aan te doen nie”; Numeri 14:22: “Al die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, en My nou al tien maal versoek het en na my stem nie geluister het nie”; en Job 19:3: Nou tien maal al doen julle my smaadheid aan, mishandel julle my sonder om julle te skaam.”

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

<u>Nuwe Testamentiese insidente, gebeure en skrifgedeeltes -</u>

- In Romeine 8 vers 28 word daar verwys na tien magte wat die mens nie kan skei van die liefde van God nie,
- In 1 Korintiërs 6 verse 9 tot 10 lys Paulus tien ondeugde wat die siel weerhou om die koninkryk van die hemele te bereik,
- In die boek Openbaring verteenwoordig tien horings die totaliteit van mag,
- Die skrywer van die boek Hebreërs baseer sy interpretasie van die hoëpriesterskap van Christus op Abraham, wat ŉ tiende aan Melgisedek, koning en priester van Salem gegee het volgens Genesis 14:14-20.
- Soos in die geval van die Ou Testament, is die getal "tien" ook beskou as die teken van volledigheid, volkomenheid, en dit is byvoorbeeld gebruik as ŉ getal persone iets gemeenskapliks verrig het, vergelyk Matteus 25:1: "Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag"; Lukas 19:13: "Vooraf het hy tien van sy slawe geroep en aan hulle tien goue muntstukke gegee en gesê: 'Dryf handel daarmee totdat ek terugkom.'",
- Die getal tien kom baie prominent voor in die apokaliptiese simboliek in die boek Openbaring,
- Weereens, soos in die geval van die Ou Testament, is die getal "tien" ook gebruik wanneer ŉ veelheid van sake of voorwerpe ŉ afgeronde geheel vorm het, vergelyk Lukas 15:8: "Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie ŉ lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie?"

Op grond van al die Bybelse insidente, gebeure en gedeeltes soos hierbo vermeld, wil dit voorkom asof die "tiende deel" nie sonder rede uitgesonder is nie. Verder blyk dit dat daar in die Bybels inderdaad waarde aan getalle geheg is en dat getalle ook gekoppel is aan verskeie simboliese betekenisse. Dus kan daar met alle vrymoedigheid afgelei word dat die getal "tien" in ŉ Bybelse konteks besonderse waarde gehad het. Dit wil nog nie sê dat ek op hierdie stadium ŉ duidelike standpunt inneem dat die gee van tiendes Bybels afdwingbaar is, of van toepassing is op die Nuwe Testamentiese verbandsvolk en dus Bybels-Teologies relevant is nie. Om tot

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

hierdie konklusie te kom, indien dit skriftuurlik bewys kan word, sal daar inderdaad eers ŉ dieper studie gemaak moet word.

ŉ Afleiding kan gemaak word vanuit dit wat vooraf gemeld is, naamlik dat die vorige vermelde drie skrywers, Thomson (1962), Hawthorne (1978) en Watley (1995), subtiel oorleun na steun van die relevansie van die gee van tiendes in die hedendaagse era. Daarenteen blyk dit dat beide Jagersma (1978) en Hasting (1921), soos reeds gemeld, ongeneë is om ŉ bepaalde standpunt in te neem hieroor. Die volgende skrywer, Powell (1979) se standpunt wat betref die betekenis van die begrip tiende in die Bybelse konteks is, benewens die feit dat hy die konsep van "tiendes" en "eerstelinge", soos Hasting (1921), met mekaar in verband bring, ŉ totale of algehele kontras met dit wat tot dusver bespreek is.

Powell (1979:87-88) se beskrywing van wat met die woord tiendes bedoel word, is as volg: hy beweer dat die woord "tiende" in die Bybelse konteks sonder twyfel beteken "ŉ tiende deel van". Dit is ŉ vasgestelde persentasie van wat jou inkomste ook al is. Hy meld dat die tiende "heilig aan die Here" is deur te verwys na Levitikus 27:30-33 waar die wet van Moses die volgende stipuleer: "Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy. As iemand daarvan wil terugkoop, moet hy die loskoopwaarde daarvan plus twintig persent betaal. Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word...en ŉ dier wat afgekeer is, mag nie omgeruil word nie. As iemand so ŉ dier probeer omruil, word albei diere die Here se eiendom. Daar mag nie teruggekoop word nie."

Op grond hiervan argumenteer Powell dat ŉ "tiende deel" van jou inkomste aan God behoort, met geen uitsondering nie, en, verder, dat die "tiende", wat aan God behoort, slegs vir doeleindes soos deur God bepaal, aangewend kan word. Dus is hy van mening dat in die gee van tiendes die mens slegs rentmeester is van God vir administratiewe doeleindes, daarom word die mens deur God verantwoordelik gehou vir die bestuur daarvan. Wanneer mense dus weier om hul tiende te gee, of dit

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

aanwend teenstrydig met God se bepalinge, dan beroof hul God. En mense wat God beroof, kom onder God se oordeel volgens Maleagi 3:8-10[4].

Wat betref die verband tussen die "gee van tiendes" en "eerstelinge", sluit Powell (1979) by Hasting (1921) aan om sy standpunt verder te motiveer deur twee skrifverwysings te gee. Maar anders as Hasting, wat slegs hierdie verhouding as gegewe feit wil deurgee, maak Powell (1979) daarop aanspraak dat dit juis hierdie feit is wat substansie gee aan die relevansie van die gee van tiendes in die hedendaagse era. In die eerste skrifverwysing, naamlik Deuteronomium 14:22-23, meld Powell (1979:104) dat daar sprake van beide jou tiende en eersgeborenes is. Vir hom gaan dit dus in die Ou Testament nie net om die tiende nie, maar ook om die eersteling. Die afgee van die eerste en die tiende aan die Here was ʼn belydenis wat afgelê is, volgens sy verklaring, ʼn belydenis dat alles wat ʼn mens besit, aan die Here behoort. Van een tot tien het alles aan die Here behoort. Hiervan was die eerstelinge en die tiendes ʼn simbool. Dit was die betekenis wat die tiende binne die leefwêreld van God se volk aangeneem het.

Powell (1979:106) gebruik as tweede skrifverwysing Deuteronomium 26:5-10. Volgens hom is hierdie vers ʼn geloofsbelydenis wat meld: "My vader was ʼn Arameër wat van plek tot plek getrek het ... Die Egiptenaars het ons sleg behandel. Hulle het ons uit Egipte laat wegtrek deur magtige, kragtige dade ... Hy het ... hierdie land aan ons gegee, ʼn land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die rede waarom ek nou die eerste opbrengs van die land wat deur die Here aan my gegee is, gebring het." Volgens Powell se interpretasie staan daar in hierdie teks geskrywe: "Ek werskaf hier op God se grond. Dit is Sy grond. Alles tussen een en tien op my werf is genade en behoort aan Hom" (1979:106). Daarom, volgens hom, was die tiende, wat ook verwys na die eersteling, ʼn belydenis dat God beheer oor die mens se hele lewe het. Die tiende kan dus beskou word as ʼn simbool van die verhouding waarin ʼn mens tot God staan.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

[4] Die titel van Powell se boek en die uitgewer waarby dit verskyn het, skep die vermoede dat hy tot die fundamentalistiese groepering bekend as Christian Reconstructionism behoort. Hierdie Amerikaanse groep glo dat alle Ou Testamentiese wette onveranderd van toepassing is op Christene vandag, tensy die betrokke wette eksplisiet in die Nuwe Testament afgeskaf is. Dit sou sy standpunt oor die afdwingbaarheid van tiendes verklaar.

In samevatting, vanuit die bronne waarna daar verwys is, kan die volgende afleiding met redelike oortuiging gemaak word. Eerstens, die konsep "tiendes" was voor die ontstaan van Israel reeds 'n algemene gebruiksvorm en die gee van tiendes 'n gebruik. Tweedens, gegewe die feit dat Israel vanuit ander nasies ontstaan het, het hulle hierdie algemene gebruik geërf en van toepassing gemaak in hul eie en nuwe bedeling. Derdens, die feit dat die begrip "tien" en "tiende" herhaaldelik in beide Ou en Nuwe Testament voorkom, skyn 'n bevestiging te wees dat God 'n bepaalde doel gehad het en nog steeds het met die hierdie unieke gebruiksvorm. Met hierdie drie afleidings in ag genome, is dit op hierdie stadium van die tesis onmoontlik om die relevansie van die gee van die van tiendes vir die hedendaagse era as Bybelse mandaat te bevestig. Veral as in ag geneem word dat daar na vyf verskillende bronne verwys is waarvan slegs een dit as maatstaf wil voorhou.

### 2.1.2. 'n Bepaling van waar en hoeveel keer die woord en of begrip tiendes in die Bybel voorkom

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek het reeds genoem dat Jagerma (1978:854) meld dat: die werkwoord "tiende" in die Ou Testament in sy oorspronklike taal nege keer voorkom, terwyl die selfstandige naamwoord nege en twintig keer voorkom. Vosloo en van Rensburg (1999:53) beweer dat die woord "tiende" of "tien" soms met ander woorde of omskrywings vervang is, enersyds met die ontwikkeling van die taal en andersyds soos wat nuwe Bybelse vertalings die lig gesien het. Twee klassieke voorbeelde:

- Numeri 14:22

<u>Ou vertaling</u>: Al die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, en My nou al <u>tien maal</u> versoek het en na my stem nie geluister het nie.

<u>Nuwe vertaling</u>: Nie een van die manne wat my mag en die wonders wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, gesien het, en wat My nou <u>oor en oor</u> getart het en nie na my woorde geluister het nie.

- Job 19:3

<u>Ou vertaling</u>: Nou <u>tien maal</u> al doen julle my smaadheid aan, mishandel julle my sonder om julle te skaam.

<u>Nuwe vertaling</u>: Dit is die <u>soveelste keer</u> dat julle my beledig en my sleg behandel sonder om julle te skaam.

Beide hierdie voorbeelde het natuurlik nie met die gee van gawes te make nie.

Aangesien ek nie Hebreeus en Grieks ken nie, kon ek nie al die woorde of begrippe soos geskryf is in die oorspronklike taal, opspoor en nagaan nie. Mijnhardt (1986:1007) gee 'n aanduiding waar en hoeveel keer die woorde of begrip "tien" en/of "tiendes" in die Bybel voorkom, terwyl Vosloo en van Rensburg (1999:54) die Bybel tekste volgens die ontwikkeling van die verbruiksvorm asook volgens 'n moontlike "tydsera"[5], rangskik.

**OU TESTAMENT**

**Voor die Mosaïese wetgewing**

GENESIS

14:20: Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee. Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.

28:22: Hierdie klip pilaar wat ek regop gesit het, sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**Die Mosaïese wet**

LEVITIKUS

14:21: As die persoon egter so arm is dat hy nie gewone offers kan bekostig nie, kan hy 'n ramlam gebruik as skuldoffer. Dit moet as beweegoffer aangebied word om vir hom versoening te doen, saam met 'n graanoffer bestaande uit een en 'n halwe kilogram meel wat met olyfolie aangemaak is en 'n halwe liter olyfolie.

27:30: Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy.

27:31: As iemand daarvan wil terugkoop, moet hy die losprys waarde daarvan plus twintig persent betaal.

27:32: Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word.

---

5 Hier word verwys na die tydperk waarna die Bybelse boek verwys en nie na die ontstaanstyd van die

NUMERI

15:4: Dan moet die een wat sy offer bring, vir My ook 'n graanoffer bring van een en 'n half kilogram meel, gemeng met een liter olie.

18:21: Vir die dienswerk wat die Leviete in die tent van ontmoeting verrig, gee Ek aan hulle as hulle besitting al die tiendes wat die Israeliete as offergawes bring.

18:24: Ek gee aan die Leviete as hulle besitting die tiendes wat die Israeliete as offergawes aan die Here bring.

18:26: Dit is waarom Ek vir hulle gesê het dat hulle nie 'n deel van die land saam met die Israeliete kry nie. Sê vir die Leviete: As julle die tiende wat Ek vir julle as besitting gee, van die Israeliete ontvang, moet julle 'n tiende daarvan as 'n offergawe aan die Here bring.

18:28: So moet ook julle van al die tiendes wat julle van die Israeliete ontvang, 'n offergawe aan die Here bring. Wat die Here daarvan toekom as offergawe, moet julle aan die priester Aäron gee.

28:9: Op die Sabbat moet julle twee jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met 'n drankoffer daarby.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

DEUTERONOMIUM

12:6,7: En julle brandoffers en ander offers bring, ook julle tiendes en ander bydraes, julle gelofteoffers en vrywillige offers, die eerstelinge van julle groot- en kleinvee. Daar in die teenwoordigheid van die Here julle God moet julle en julle families saam eet en bly wees oor alles wat julle reggekry het deurdat die Here julle God julle voorspoedig gemaak het.

12:17: In die plekke waar julle woon, mag julle ook nie die tiende van julle koring of wyn of olie eet nie, ook nie die eerstelinge van julle grootvee of kleinvee nie, en ook nie iets wat julle aan die Here beloof het of enige vrywillige offer of ander bydrae aan die Here nie.

14:2: Jy moet elke jaar 'n tiende van die opbrengs van jou gesaaides, van wat op jou land groei opsy sit: Jy moet dit in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te laat woon.

14:23: Jy moet die tiende op sy sit van jou koring, jou wyn, en jou olie en dan ook nog die eerstelinge van jou grootvee en jou kleinvee, sodat jy kan leer om die Here jou God altyddeur te eer.

14:24,25: Maar as die Here jou God jou baie voorspoedig maak en die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te vestig boonop nog ver van jou af is, sodat jy nie die tiende die hele ent pad kan dra nie, kan jy die tiende in geld omsit. Jy moet dan die geld vat en na die plek toe gaan wat die Here jou God vir Hom gekies het.

14:28: Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak.

26:12: Om die drie jaar is dit ŉ jaar van tiendes.

26:13: Dan moet jy ŉ tiende van die opbrengs van jou land opsy sit. As jy dit opsy gesit het, moet jy dit gee aan die Leviet, die vreemdeling, die weeskind en die weduwee dat hulle in jou stede genoeg kan hê om te eet. Dan moet jy in die teenwoordigheid van die Here jou God sê:

26:14,15: Ek het die gewyde deel uit my huis uit weggeneem en aan die Leviet, die vreemdeling, die weeskind en die weduwee gegee soos U my beveel het in al u gebooie. Ek het nie een van u gebooie oortree nie. Ek het hulle nie vergeet nie. Ek het nie van die tiende geëet terwyl ek gerou het nie. Ek het dit nie uit my huis uit weggeneem terwyl ek onrein was nie. Ek het nie daarvan aan ŉ dooie afgod geoffer nie. Ek het na U geluister, Here my God, en ek het alle gedoen wat U my beveel het. Kyk tog af, Here, uit u heilige woonplek, uit die hemel, en seën u volk Israel en die land wat U aan ons gegee het soos U aan ons voorvaders met ŉ eed belowe het, ŉ land wat oorloop van melk en heuning.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**Die na-Mosaïese tyd**

1 SAMUEL

8:15: Van julle saaigrond en wingerde se opbrengs sal hy ŉ tiende vat en aan sy paleispersoneel en sy amptenare gee.

8:17: Van julle kleinvee sal hy ŉ tiende vat, en julle self sal sy slawe wees.

2 KRONIEKE

31:5: Namate die bevel bekend geword het, het die Israeliete die eerste opbrengste aan koring, wyn, olie, heuning en alles wat die land opgelewer het, ingebring, en ook die tiendes van alles, in groot hoeveelhede.

31:6: Ook die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het, en die mense van Juda self het hulle tiendes uit die groot- en kleinvee ingebring en hulle het die gawes wat aan die Here hulle God gewy was, kom neersit, hope en hope.

31:12: Die offergawes, die tiendes en die gewyde gawes het getrou ingekom. Die Leviet Kenanja moes daaroor toesig hou, en sy ampsgenoot Simi was tweede in bevel.

NEHEMIA

10:37: Ons sal die eerste deeg ná die oes, ons offergawes en die eerstelinge van alles wat ons bome oplewer, van ons wyn en olie, na die opslagplekke van die huis van ons God bring vir die priesters, en die tiendes van ons gesaaides vir die Leviete.

10:38: Die Leviete sal tiendes insamel in al die stede waar ons werk. "'n Priester uit die nageslag van Aäron sal die Leviete vergesel wanneer hulle tiendes insamel. Die Leviete sal een tiende van die ingesamelde tiendes in die huis van ons God toe bring, na die opslagplekke by die voorraadkamer toe.

12:44: "Daardie dag is daar ook manne aangestel oor die voorraadkamers vir die offergawes, die eerstelinge en die tiendes, sodat daarin die deel opgeberg kon word wat volgens wet die priesters en die Leviete uit die boerderygebiede van die stede toekom. Die priesters en die Leviete wat diens gedoen het, het voordeel getrek uit die blydskap van Juda."

13:5: ...vir Tobija 'n groot kamer ingerig wat tevore gebruik was vir die graanoffer, die wierook, die offergereedskap, die tiendes van koring, wyn en olie, die aandeel van die Leviete, die sangers en die poortwagte, en die offergawe vir die priesters.

13:12: Die hele Juda het daarna die tiendes van koring, wyn en olie ingebring na die voorraadkamers toe.

AMOS

4:4: Kom na Bet-El toe as julle wil sonde doen, na Gilgat toe as julle nog meer sonde wil doen. Bring julle offers vroegmôre, julle tiendes op die derde dag.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

MALEAGI

3:9: Sal ŉ mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: waarvan beroof ons U? Van tiendes en offergawes.

3:10: Bring die volle tiende na die voorraad kamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets my of ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle sal kan gebruik nie.

## NUWE TESTAMENT

### Die Evangelies

MATTEUS

23:23: Ellende wag vir julle skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid barmhartigheid en getrouheid. Juis hierdie dinge moet ŉ mens doen en die ander nie nalaat nie.

LUKAS

18:12: Ek vas twee keer in die week en ek gee ŉ tiende van my hele inkomste.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

HEBREËRS

7:2: En dit is ook aan hom dat Abraham ŉ tiende van al die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; en hy was ook koning van Salem, en dit beteken: koning van vrede.

7:3: Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd.

7:4: Let nou op hoe groot hierdie man was aan wie Abraham, die stamvader, ŉ tiende van die beste oorlogsbuit gegee het.

7:5: Die priesters wat van Levi afstam, het volgens die bepaling van die wet die reg om ŉ tiende in te vorder van die volk, dit wil sê van hulle broers, wat net soos hulle ook afstammelinge van Abraham is.

7:6: Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham ŉ tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën.

7:7: Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word.

7:8: In die geval van die Levitiese priesters is dit sterflike mense wat tiendes invorder, maar in die geval van Melgisedek iemand van wie getuig word dat hy lewe.

7:9: ŉ Mens kan sê dat ook Levi wat tiendes invorder, deur Abraham aan Melgisedek die tiende gegee het.

In samevatting, wanneer daar in ag geneem word dat die gee van tiendes na alle waarskynlikheid ontstaan het voor die vroegste moontlike datering van die Mosaïese wetgewing, kon ek in geen bron tydens my navorsing vasstel presies waar en wanneer die gebruik van tiendes sy oorspronklike ontstaan gevind het nie. Dit wil geensins sê dat dit nie reeds bepaal is of bepaal kan word nie. Tydens my navorsing is daar ontdek dat al wat die bronne voorgehou het, is dat hierdie gebruik baie oud is. Dit is veral die teks in Genesis wat ŉ duidelike aanduiding gee dat dit, volgens die skrywer altans, van voor die Israeliete se tyd stam. Bronne soos na verwys in hoofstuk 2.1.1, *(Verklaring van die woord "tiendes" in ŉ Bybelse konteks)* het ook aangedui dat die gee van tiendes ŉ gewoonte was wat heelwat wyer as net onder die Israeliete beoefen was.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 2.1.3. Eksegetiese aantekeninge oor ŉ paar sleuteltekste waar die woord tiendes in die Bybel voorkom

Vervolgens word aandag geskenk aan die wyse waarop daar met die gee van tiendes in beide die Ou Testament en Nuwe Testament omgegaan was.

**OU TESTAMENT**

GENESIS 14:18-20

Die eerste melding van tiendes in die Bybel word in Genesis 14:18-20 gevind. As agtergrond vir die eksegetiese aantekeninge oor die sleutelteks gee ek ŉ samevatting van die bepaalde Bybelse verhaal. Hierdie verhaal beskryf ŉ voorval waarin Abram (later bekend as Abraham, die vader van geloof) sy broerskind Lot en sy familielede van ŉ groep konings gered het en as oorwinnaar uit ŉ geveg getree

het. Met Abram se terugkeer, na sy oorwinning, word hy ontmoet en tegemoet gegaan deur Melgisedek, koning en priester van Salem (wat telkens met Jerusalem identifiseer word) in die Koningsvlakte. Melgisedek het vir Abram kos en wyn as ŉ geskenk gebring. As ŉ daad van dankbaarheid en lofprysing vir sy oorwinning in die oorlog, asook vir die geskenk (seëninge) wat Abram van Melgisedek ontvang het, het hy aan Melgisedek ŉ tiende van sy buit gegee.

Church (1960:29) werp lig op die onderwerp van die gee van tiendes soos weer gee in die teks. Hy meld dat dit byna onmoontlik is om die teks te verstaan sonder om die Bybelse figure soos gemeld in die teks van nader te bekyk. Die twee name wat prominent uitstaan is die van Abram (Abraham) en Melgisedek. Abraham as ŉ Bybelse figuur word algemeen aanvaar as die "vader van geloof" met wie God ŉ verbond gesluit het. Hy is die persoon deur God uitverkies en wie se nageslag as God se volk bestempel sal word. Melgisedek daarenteen word as ŉ kontroversiële figuur beskou. Hy maak melding van die feit dat daar nie in werklikheid konkreet bewys kan word wie Melgisedek werklik was nie en daar word soms beweer dat hy ŉ verskyning van die Seun van God self was.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Teen hierdie agtergrond word daar gekyk wat Melgisedek *gedoen* het. Daar word na twee dinge verwys: eerstens, hy het as koning brood en wyn as lafenis aan Abram en sy soldate gebring terwyl hy hulle geluk gewens het op hul oorwinning; tweedens, hy het, as priester van die allerhoogste God, vir Abraham geseën. Dus word dit so beskou dat God wat sy Seun Jesus opgewek het, sy Seun gestuur het om Abraham te seën, as die God wat outoriteit het om te seën.

Nie net het Melgisedek iets gedoen nie, maar hy het ook iets *gesê*. Hy het aan Abram gesê: "Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde." Die klem val hier op die woorde: "God die Allerhoogste", asook "Skepper van hemel en aarde." Met ander woorde: "Soewereine God" en "Eienaar van alle dinge" omdat Hy hulle geskape het. Wat egter nie misgekyk moet word nie, en wat opmerklik is, is dat Melgisedek aan God alle eer en lof toeswaai, daarin dat hy God seën vir wat Hy vir Abram gedoen het.

Dit is in antwoord op Melgisedek se optrede, dit wat hy gedoen en gesê het, dat Abraham reageer, deurdat Abraham aan Melgisedek ŉ tiende van sy buit gee. Hieruit word daar afgelei, soos uitgelê in Hebreërs 7:1-10, dat Abraham uit dankbaarheid en respek aan Melgisedek ŉ tiende van sy buit as geskenk gegee het. Verder, dat die tiende van die buit as offer en toewyding aan die Allerhoogste God aan Melgisedek as priester gegee is.

Dus, word daar Bybels teologies aanvaar dat: eerstens, wanneer mens deur God geseën word, dat dit paslik is om dankbaarheid te betoon deur aan God ŉ tiendes as eienaar van alles, te skenk. Tweedens, alhoewel ŉ tiende van ŉ mens se inkomste ŉ redelike maatstaf is om opsy gesit te word tot eer van God en tot diens van Sy heiligdom, moet die getal tien as ŉ letterlike voorskrif verder ondersoek word in terme van die relevansie daarvan in die hedendaagse era. Met ander woorde, die getal tien kan as ŉ riglyn en nie noodwendig as konkrete getal beskou word. ŉ Derdens, dat Jesus Christus, ons groot Melgisedek, die eer ontvang deur nederig Hom te erken as ons koning en priester van alle besittings (Church, 1960:31).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar word in die algemeen in akademiese kringe na bogenoemde skrywer, Church (1960) as ‘n nie-akademiese bron verwys. Om hierdie rede was dit belangrik om die gebruik van tiendes in dieselfde teks vanuit die oogpunt van ander bronne van nader te bekyk. Haines (1967:64) se kommentaar oor die teks onder bespreking verskil van die van Church (1960) hierin dat waar eersgenoemde bron meld dat *“Salem wat telkens met Jerusalem identifiseer word,”* Haines (1967:64) pertinent meld dat Salem inderdaad die ou naam van Jerusalem was. Verder gee Haines (1964:64) ‘n meer in diepte beskrywing van die agtergrond van wie die figuur Melgisedek was waarna daar in die teks verwys word. Hy meld dat Melgisedek was, soos reeds vermeld, die koning van Jerusalem. Ook dat “Melchizedek was “also the priest of El Elyon, the name of a Canaanite deity which meant God Most High” (Haines; 167:65). Haines (1967:65) is verder van die opinie dat die terminologie: God die Allerhoogste ‘n algemene verskynsel was wat as konsep deur ander heidense godsdienste in daardie era gebruik was. Dus was dit nie vreemd dat daar na Melgisedek as priester van God die Allerhoogste (vers 22) verwys word nie. In die oorblywende gedeelte van die kommentaar deur Haines (1967) oor die teks word daar geen noemenwaardige bydrae aangaande die gebruik van die gee van tiendes in die

algemeen, of die gee van tiendes in die spesifieke teks onder bespreking gegee nie. Met ander woorde die kommentaar deur Church (1960) word nie enigsins deur Haines (1967) bevestig of weerlê nie. As tweede bron om Church (1960) se weeergawe van Genesis 14:18-20 van nader te bekyk word Boadt (1998:373) se kommentaar onder die soeklig geplaas. Die enigste noemenswaardige bydrae wat Boadt (1998:373) as bykomende kommentaar lewer, wat nie deur enige van die vorige drie bronne gemeld was nie, is dat Melgisedek ongetwyfeld as heerser en priester van Jerusalem opgetree het. Boadt (1998:373) gebruik Psalm 110:4b “Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek” waar God aan Dawid sy priesterskap bevestig. Dus, word daar in die Psalm na beide Dawid en Melgisedek as priesters van Jerusalem verwys. Weereens soos in die geval van Haines (1967) is daar ‘n totale afwesigheid in die kommentaar oor die gebruik van die gee van tiendes. Inteendeel, word die bevestiging van wie die figuur Melgisedek in die teks nie bevraagteken nie, en help die bron geensins om meer klaarheid te gee oor die Ou Testamentiese gebruik van die gee van tiendes nie. As laaste bron met verwysing na die teks onder bespreking word daar op Wenham (2003:50) se kommentaar gesteun. Soos in die geval van Haines (1967) en Boadt (1998) lê hierdie bron ook meer klem op wie die figuur Melgisedek was. Die rede vir die verwysing na hierdie bron, is dat Wenham (2003:50) tog wel iets aangaande die gee van tiendes meld. Alhoewel kort en gering, is dit die moeite werd om te meld dat hy van die opinie is dat Melgisedek ‘n verteenwoordiger van Jerusalem was. Dit gesê, maak hy die afleiding dat daar op grond van die bewering, ‘n verhouding was tussen Israel as ‘n volk en Jerusalem as stad. Hy gaan een stap verder deur te meld, dat om hierdie rede, die verhouding tussen volk en stad, dit geregverdig kan word dat die volk ‘n tiende van hul inkomste aan die stad verskuldig is. Dit is egter van kardinale belang om die volgende kritiese leemtes in hierdie stelling van Wenham (2003) te identifiseer. Vrae wat onbeantwoord is in die kommentaar van Wenham (2003) oor die gebruik van die gee van tiendes is:

- Aan wie moet die volk ‘n tiende gee, aan die koning of aan die priester?
- Hoe gereeld moet die volk ‘n tiende gee?
- In watter vorm moet die volk ‘n tiende gee?
- Word daar na ‘n volle tiende of ‘n gedeelte van ‘n tiende verwys?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

As gevolg van al bogenoemde onbeantwoorde vrae en self ander vrae wat nie eens in ag geneem is nie, help die bron geensins om Church (1960) se weergawe te bevestig of te weerlê nie.

My persoonlike opinie aangaande die hele debat oor die gee van tiendes soos na verwys in die Genesis 14:18-20 teks is, dat alhoewel Church (1960) nie as ‘n akkademiese bron beskou word nie, hy ten minste insig gee oor die Ou Testamentiese gebruik van die gee van tiendes. Ek sou wou verwag dat die moderne en aanvaarde akkademiese bronne meer sou meld as wat kommentaar oor gelewer is. Dit maak dit vir my byna onmoontlik om nie Church (1960) se weergawe aangaande die gee van tiendes, soos na verwys in Genesis 14:18-20, as aanvaarbaar te vind nie.

<u>GENESIS 28:22</u>

Die tweede geval van die gee van tiendes in die Bybel word in Genesis 28:22 gevind. As agtergrond vir die eksegetiese aantekeninge oor die sleutelteks gee ek weereens ’n sinoptiese samevatting van die bepaalde Bybelse verhaal. Hierdie verhaal beskryf ’n voorval waarin Jakob in konflik gewikkel is. Die konflik spruit uit sy bedrog en sy doen en late met Esau sowel as met Laban en sy seuns. Jakob bevind hom as vlugteling op pad na die vreemde. Die voorval begin met vers 11 waar die nag hom oorval op ’n sekere plek in die veld. Wanneer hy gaan slaap, het hy ’n droom. In die droom sien hy ’n leer tot by die hemel. Daar is ook engele wat op die leer op en af beweeg. In die droom kom staan die Here by Jakob, en stel Hom bekend as die God van Jakob se voorvaders.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die verhaal beloof Jakob dat hy ’n tiende van sy besittings aan God sal gee. Volgens Speiser (1964:132) skyn dit egter asof Jakob se eed aan God ’n wantroue in God se woord kan behels. Sy argument is as volg:

Soos reeds vermeld in die samevatting van die verhaal, stop Jakob om te slaap, op weg na by Haran. Terwyl hy slaap, het hy ’n droom, waarin God ses dinge aan hom belowe (Genesis 28:13–15): -

(a) om aan hom die land te gee waar hy oornag het om te rus;

(b) dat sy nasate ontelbaar in getal sal wees;

(c) dat sy nageslag ’n seëning sal wees op aarde;

(d) dat God hom nooit sal begewe of verlaat nie;

(e) dat God hom op sy reis sal bewaar; en

(f) dat God hom terug sal bring na die land waar hy hom bevind het terwyl hy gerus het.

Dus gee God aan Jakob die versekering dat al die dinge wat Hy belowe het, sal gebeur en dat Hy hom nooit sal verlaat nie. Jakob reageer in vrees op God se belofte, daarin dat hy die volgende oggend ’n altaar vir die Here oprig en die plek “Betel,” “Huis van God” noem. Jakob lê verder ’n eed af voor God, maar van nader bekyk, word daar ontdek dat dit ’n voorwaardelike eed was: -

(a) “As” God doen wat hy vra,

(b) “Dan” sal hy die volgende doen.

Die “as” voorwaardes wat Jakob aan God gestel het in Gen. 28:20–22 is soos volg –

(a) as God met hom sal wees;

(b) as God hom op sy reis sal bewaar;

(c) as God hom van klere en kos sal voorsien; en

(d) as hy veilig by sy tuiste sal aankom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

God het reeds drie van die vier voorwaardes wat Jakob aan Hom gestel het, belowe, nog voordat hy die voorwaardes gestel het, en dus is dit van selfsprekend dat God die vierde in elk geval sou laat realiseer.

Die “dan” deel van Jakob se eed sluit die volgende in –

(1) dan sal Jahwe sy God wees;

(2) dan sal die klip waarop sy kop gerus het, God se huis wees; en

(3) dan sal hy ’n tiende van alles wat hy besit aan God gee.

Hieruit han afgelei word dat Jakob nie ’n tiende wou gee totdat God hom eers geseën het nie. Interessant om te meld is dat dit verder blyk dat daar nêrens in die Bybel bewyse is dat Jakob wel sy belofte ten opsigte van die gee van die tiende aan God nagekom het nie. Hierdie verhaal, van nader bekyk, weerspieël nie ’n positiewe gesindheid waarin Jakob uit eerbied en dankbaarheid teenoor God ’n tiende van sy inkomste beloof nie. Inteendeel dui dit op ’n gebruik waarvan Jakob kennis gedra het,

met verwysing na Genesis 14:20, waarin Abraham ŉ tiende van sy oorlogsbuit aan Melgisedek gegee het (Speiser, 1964:134).

My persoonlike mening aangaande die onderwerp van die gee van tiendes met verwysing na Genesis 28:22 is dat dit geensins as motivering vir die voortsetting daarvoor gebruik kan word nie. Inteendeel kom die gedagte van die gee van tiendes in die genoemde teks voor as ŉ ritueel en nie as eerbetoning teenoor God nie. Op die oog af skyn dit asof dit beter sou gewees het indien Jakob geen belofte aan God gemaak het nie.

In Genesis 14 en 28, word daar dus onderskeidelik na Abraham (Abram), wat ŉ gewer van tiendes was, en Jakob, wat ŉ belofte maak om ŉ tiende te gee, verwys. Jagersma (1978: 851) en Brueggemann (1991:403) meld beide dat dit die enigste insidente in die Ou Testament is waar daar na individue verwys word as gewers van tiendes. Hy meld dat dit skyn asof hierdie gedeeltes oor die gee van tiendes en belofte van die gee van tiendes ŉ etiologiese karakter het, wat ten doel het dat die nageslag van die aartsvaders aangemoedig word om hul tiendes te betaal.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Teen die agtergrond daarvan dat beide tekste in die voor-Mosaïese periode geplaas word, en volgens Brueggemann (1991:404) daarop gemik was om die aartsvaders se nageslag aan te moedig om hul tiendes te betaal, kan ons nie noodwendig sê dat dit nog steeds op die hedendaagse kerk van toepassing behoort te wees nie. Dit is veral die groot kontras in die gesindheid tussen Abraham en Jakob teenoor die gebruik van die gee van tiendes, wat my tot op hierdie stadium van die studie nie genoeg rede gee om te aanvaar dat die gee van tiendes Bybel-teologies geregverdig kan word nie.

LEVITIKUS, NUMERI EN DEUTERONOMIUM

Soos reeds vermeld, is die voorafgaande twee eksegetiese oefeninge uit Genesis wat verband hou met die gee van tiendes, geplaas in die konteks van die periode voor die Mosaïese wetgewing. Vervolgens gaan ek ŉ paar eksegetiese oefeninge vanuit die konteks van die "Mosaïese wet" doen. Daar is drie Skrifgedeeltes wat in hierdie kategorie val, naamlik: Levitikus 27:30-33; Numeri 18:20-32 en

Deuteronomium 12:6,11,17; 14:22,23,28; 26:12, wat almal handel oor die gee van tiendes.

Samevattend vanuit bogenoemde Skrifgedeeltes lyk dit asof daar vyf bepaalde afleidings aangaande die gee van tiendes gemaak kan word, aldus Noth (1956:315); Hartley (1992:485) en Merrill (1994:240), en dit is -

(1) In hierdie Skrifgedeeltes is al die besonderhede wat betref die gee van tiendes nie altyd dieselfde nie, maar almal verwys na God se voorskrifte aan sy volk.

(2) In hierdie voorskrifte verklaar God dat 'n tiende van alles waarmee Hy sy volk seën, aan Hom behoort, omdat Hy enersyds die alleeneienaar van alles is en dit andersyds Hy is wat mildelik in sy volk se behoeftes voorsien. Die woord "alles waarmee Hy sy volk seën" verwys na die vee as besittings; landbouprodukte as besittings; monetêre waarde as besittings en selfs hulle lewe.

(3) Die voorskrifte bepaal ook onomwonde dat die volk die tiende na die heiligdom moes neem.

(4) Dit is belangrik om te meld dat die voorskrifte wat God aan Sy volk in Levitikus voorhou, aangepas en beklemtoon word in Numeri, en dan weer met wysigings in Deuteronomium bevestig word. Dit is dus moontlik dat die gebruik van tyd tot tyd nuut geïnterpreteer is.

(5) Die gee van tiendes word nêrens in die wette van Moses as 'n nuwe instelling voorgestel was nie. Dit word as vanselfsprekend aanvaar en in die geheel as deel van die wette ingelyf.

Vervolgens word die drie skrifgedeeltes individueel as volg, en volgens die orde soos wat hulle in die Bybel voorkom, behandel.

- Levitikus 27:30-33

Volgens Hartley (1992:489) word hierdie skrifgedeelte as die eerste duidelike voorskrif aangaande die gee van tiendes beskou. Hy tipeer dit as "die gebooie wat die Here aan Moses by die berg Sinai aan Sy volk, Israel, gegee" het met verwysing na vers 34: "Die voorafgaande is die gebooie wat die Here deur Moses by Sinaiberg vir die Israeliete gegee het."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hartley (1992: 496) maak melding van "een tiende van die land" wat graan of vrugte insluit sowel as "een tiende van die beeste en kleinvee." Die konsep wat hier geld is dat die hele inkomste, sonder uitsondering, onderhewig is aan die voorskrif. Die voorskrif stel dit onomwonde dat die hele tiende aan die Here behoort, met ander woorde dat dit heilig is aan die Here. Om hierdie rede word dit op ŉ ander vlak geplaas as die vrywillige tiendes soos genoem in Genesis 14:20 en Genesis 28:22. Dit moet afgesonder word tot diens van God. Dit kan beskou word as ŉ soort "heilige belasting" wat die volk van God aan die God van die volk, wat alleen Eienaar is van alles, betaal vir die vruggebruik van die land. Maar ook andersyds, dit is waarmee die volk van God aan die God van die volk hul dank en eer betoon vir sy genade en seëninge.

Dit is opvallend dat ons nêrens in hierdie teks lees van enige dwangmaatreëls wat toegepas moes word nie. Daar kon ook nie van gevalle van verontagsaming van die voorskrif of wet gevind word nie, aldus Hartley (1992:498). Verder hou Hartley (1992:498) voor dat volgens hierdie skrifgedeelte, saam gelees met Maleagi 3:6-12, dit aanvaar kan word dat die ongehoorsames en wederstrewiges tog op ŉ unieke wyse gestraf word. Daarom word daar ŉ besonderse beroep op die gewete en die wil van God se volk gedoen, om as verantwoordelike rentmeesters van God se eiendom op te tree.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek is van mening dat die gegewens wat Levitikus 27:30-33 ons in verband met die gee van tiendes verstrek, soos volg saamgevat kan word:

(1) die gee van tiendes is deur God as ŉ Bybelse voorskrif aan Israel voorgehou;

(2) die hele tiende, betekende ŉ tiende van alles wat Israel besit het, met geen uitsondering, was onderhewig aan God se voorskrif;

(3) die tiende wat gegee is, was geheilig vir die Here;

(4) daar is geen dwang op Israel geplaas om ŉ tiende van hul inkomste aan God te gee nie; en

(5) daar word ook nie melding gemaak van enige strafmaatreëls indien Israel hierdie voorskrif sou verontagsaam nie.

- Numeri 18:20-32

Noth (1958:316) meld dat verse 20 tot 32 die tweede deel van hoofstuk 18 vorm. Volgens hom is vers 19b, “Dit is my vaste instelling. Dit is my onverbreekbare verbond met jou (Israel) en jou nageslag”, eintlik die skakel tussen die eerste deel (verse 1 tot 19) en die tweede deel. Dit hou verband met dit wat voorgeskryf is aangaande die inkomste van  die priesters (verse 8 tot 19a) en voorgeskryf is aangaande die tiendes vir die Leviete en priesters (verse 20 tot 32). Dus was die voorskrif vir die gee van tiendes “’n onverbreeklike verbond” voor die aangesig van die Here, gesluit met Israel en hul nageslag saam met hulle.

’n “Nuwe dimensie” wat betref die gee van tiendes kom ook in hierdie skrifgedeelte te voorskyn. Dit lê daarin dat daar vir die eerste keer in God se voorskrif vir die gee van tiendes daarvan melding gemaak word dat tiendes as vergoeding vir die dienswerk van diegene wat God tot Sy diens geroep het, aangewend moet word, volgens vers 21: “Vir die dienswerk wat die Leviete in die tent van ontmoeting verrig, gee Ek aan hulle as hulle besitting al die tiendes wat die Israeliete as offergawes bring.” Die aanwending van die tiende soos hier bepaal, gee ’n verdere verduideliking van die vorige voorskrif, naamlik Levitikus 27:30-33, waar Hartley (1992: 496) noem dat “die tiende heilig is aan die Here.” Met ander woorde: dit is dus allereers ’n offergawe aan die Here. God op sy beurt het dit volgens die teks onder bespreking vir die stam van Levi afgesonder (Noth 1958:318).

Afgelei uit bogenoemde bespreking gebaseer op Numeri 18:20-32 kon ek as samevatting tot die volgende konklusie kom, dat –

(1) die gee van tiendes volgens God se voorskrif aan Israel ’n vaste instelling was;

(2) die tiendes is as inkomste vir die Leviete en priesters (diegene wat in diens van God gestaan het) aangewend;

- Deuteronomium 12:6,11,17;14:22,23,28, 29; en 26:12

Deuteronomium bied, soos sy naam aandui, ’n herhaling van die wet aan, so ook wat die tiende betref, aldus Merrill (1994:240). Die fokus in die skrifgedeeltes soos hierbo aangedui, is die voorskrif deur God aan Moses, wat beklemtoon dat daar in die Beloofde Land, Kanaän, één plek van aanbidding sal wees waarheen Israel met sy offers en heilige gawes moes kom. Hierdie één plek van aanbidding van die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

offerdiens was vir die eenheid van die God se volk Israel van die allergrootste betekenis.

Merrill (1994:242) gee ŉ sinoptiese samevatting van hierdie drie skrifgedeeltes in Deuteronomium, wat soos volg lui –

(1) Die verse in hoofstuk 12 hou voor dat dié wet van krag word sodra Israel in die Beloofde Land veilig woon en dat Israel dus hul offers, insluitende hulle tiendes, na die plek van aanbidding moes bring;

(2) Die verse in hoofstuk 14 meld dat die priesters tesame met die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees ook voordeel moet trek uit die tiendes wat na die plek van aanbidding gebring moet word. In die laaste gedeelte van vers 29 word daar ŉ belofte aan die gee van die tiendes, wanneer dit volgens God se voorskrif aangewend word, gekoppel. Dit meld dat "indien" die volk (Israel) volgens God se verordeninge handel in die gee van tiendes, "... sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak."

(3) Die verse in hoofstuk 26, tesame met die voorafgaande en die daaropvolgende verse, is bloot ŉ herhaling van God se voorskrif en belofte soos vervat in hoofstuk 14.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ten opsigte van die gee van tiendes soos voorgehou in die Skrifgedeeltes in Deuteronomium staan die volgende, wat in totaliteit ŉ ander konnotasie van die voorskrif inhou, uit. Naamlik –

(1) Dat Israel moes hul offers, insluitende hulle tiendes, na die plek van aanbidding moes bring;

(2) dat die priesters tesame met die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees ook voordeel moes trek uit die tiendes;

(3) dat daar ŉ belofte aan die gee van tiendes gekoppel word.

Vosloo en van Rensburg (1999:214) se weergawe aangaande die gee van tiendes volgens die Levitikus, Numeri en Deuteronomium skrifgedeeltes, stem gedeeltelik ooreen met die van Noth (1958), Hartley (1992) en Merrill (1994). Daar word egter terselfdertyd "ander" inligting deurgegee wat nie deur enige een van die laasgenoemde skrywers gemeld is nie. Die "ander" inligting wat Vosloo en van Rensburg (1999) deurgee, is –

(1) die Leviete moet ŉ gedeelte van die tiende wat aan hulle toegewys was, aan God wy, vir die gebruik van die hoëpriester;

(2) ŉ deel van die tiende moes vir feesdoeleindes, "waarin die volk die Here kon dank vir sy troue versorging, daar moes hulle bely dat hulle van God afhanklik is vir alle goeie dinge" aangewend word; en

(3) ŉ deel van die tiende moes *"elke derde jaar"* aangewend word om voorsorg te maak vir weduwees, weeskinders en vreemdelinge, wat as die armes in die samelewing beskou is, en wat versorg moes word uit dit waarmee God sy volk geseën het.

My persoonlike opinie, as samevatting wat betref die gee van tiendes, gebaseer op die skrifgedeeltes in Levitikus, Numeri en Deuteronomium is –

(1) Dat die Bybel die gee van tiendes, as ŉ voorskrif van God, bepaal; en

(2) Dat die voorskrif aan Israel gedurende die Ou Testamentiese era gegee is.

Op hierdie stadium van die studie is dit onmoontlik om te bepaal of die gee van tiendes vir die hedendaagse era nog steeds Bybels-teologies relevant is. Hierdie stelling, weereens my persoonlike opinie, sal eers beredeneer kan word wanneer die korrelasie van die gee van tiendes met die verordeninge van die Nuwe Testament ondersoek is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar is egter tot op hierdie stadium, vanuit die gegewens in die Ou Testament, op die Bybelse verordeninge gefokus. Dit noop my tot nadenke. Onder andere –

(1) Ongeag of die gee van tiendes voor die periode van die Mosaïese wetgewing ontstaan het, is die gee van tiendes deur God ingestel;

(2) dit is ŉ Bybelse feit dat alles, selfs in die hedendaagse era, aan God behoort, en dit wat ons as mense besit, ook ons salaris, het ons van God ontvang, dit is ŉ gawe van God – dit bly onveranderd;

(3) dat die Nuwe Testament volgens Matteus 25:31-46 dieselfde standpunt huldig dat die "Kerk", as "nuwe verbondsvolk" ŉ verantwoordelikheid teenoor die weduwees, weeskinders en vreemdelinge het. Dus is daar ŉ korrelasie tussen die "mededeelsaamheid van die tiendes deur die Israeliete" en die 'mededeelsaamheid van die inkomste van die kerk" wat op dieselfde beginsel rus; en

(4) dat soos in die geval van die Leviete en priesters in die Ou Testamentiese era, wat in diens van God was, daar vandag ook predikante is, veral diegene wat in ŉ voltydse kapasiteit in diens van God staan, wat afhanklik is van die inkomste aan die kerk. Dus is die beginsel, ongeag die era, dieselfde. Presies hoe hierdie beginsel vandag toegepas moet word, kan nog nie bepaal word nie.

**1 SAMUEL, 2 KRONIEKE, NEHEMIA EN AMOS**

Die laaste paar eksegetiese oefeninge om meer lig op die onderwerp van die gee van tiendes te werp, gaan vanuit die konteks van die "na-Mosaïese tyd" gedoen word. In hierdie verband gaan daar na die Ou Testamentiese boeke soos in die opskrif aangedui, verwys word. Die skrifgedeelte aangaande die gee van tiendes soos vervat in die profetiese boek Maleagi gaan as ŉ aparte en meer volledige eksegetiese oefening behandel word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1 SAMUEL 8:15,17

Beide Jagersma (1978:132) en Pedersen (1947:70) is van die opinie dat die sleutel gedagte in 1 Samuel 8 nie dié van die gee van tiendes is nie. In teendeel is hulle van mening dat dit handel oor Israel se versoek om ŉ eie koning te hê. Hierdie afleiding word gemaak deur na vers 20, wat hulle meen die sleutelvers is, te verwys: ""Ons wil ook soos al die nasies wees. Ons koning moet oor ons regeer; hy moet ons lei en ons oorloë voer." Met ander woorde Israel het hul vertroue in ŉ aardse koning geplaas, om soos ander nasies te wil wees, en dus by implikasie ŉ wantroue in die God, wat hul Koning was, getoon.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Samuel hulle gewaarsku het wat die gevolge van ŉ "eie" koning sal wees, asook wat met hul tiendes sou gebeur. Vers 19: "Maar die volk het geweier om na Samuel te luister. Hulle het vir hom gesê: Nee, daar moet tog maar ŉ koning oor ons wees." Israel het daarop aangedring op hul eie aardse koning, ongeag die waarskuwing deur Samuel dat: " ... julle saaigrond en wingerde se opbrengs sal hy [die aarde koning waarop Israel aandring] ŉ tiende vat en aan sy

paleispersoneel en sy amptenare gee” (1 Samuel 8:15) asook “van julle kleinvee sal hy [die aarde koning waarop Israel aandring] ŉ tiende vat, en julle self sal sy slawe wees” (1 Samuel 8:17). Daar is nie genoegsame bewyse dat die tiende waarna Samuel in die vermelde teks verwys bloot belasting was nie. In een van die hieropvolgende paragrawe gaan daar meer eksplisiet aandag gegee word aan die heffing van belasting deur konings van Israel.

In die skrifgedeelte onder bespreking herinner Samuel vir Israel aan God se verordeninge aangaande die gee van tiendes, asook die belofte van God wat daarmee gepaard gaan. Andersyds waarsku Samuel vir Israel wat die gevolge sou wees indien hulle aandring op hul eie aardse koning. Die doel vir die gee en aanwending van die tiendes wat as inkomste vir die Leviete en priesters; die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees geoogmerk was, sou verlore gaan. Voort, hou Samuel aan die volk voor dat die tiendes wat ook aangewend moes word vir feesdoeleindes, “waarin die volk die Here kon dank vir sy troue versorging” soos deur God bepaal, verlore sou gaan.

Jagersma (1978:133) voeg verder by dat tiendes wat aan die koning as ŉ soort van belasting betaal moes word, soos deur Samuel vooraf gewaarsku, slegs hier in die hele Ou Testament genoem word. Daar is geen ander aanduiding van hierdie gebruik nie. Hierteenoor verwys alle ander gedeeltes in die Ou Testament na tiendes wat na die tempel of heiligdom geneem is tot eer van God. Freedman (1992:336) verwerp hierdie stelling van Jagerma en verwys daarna dat daar tog in die Ou Testament verwys word na die gebruik waarvolgens konings pertinent belasting van die volk van God gehef het. Sy bewyse dui egter nie daarop dat daar ŉ duidelike verband was tussen tiendes en belasting nie. Hy noem die volgende gedeeltes:

- Volgens 2 Samuel 24 hef Dawid as koning belasting, waarop die volk weerstand bied;
- Volgens 2 Konings 15:20 hef Menahem, koning van Israel, belasting van die volk om die koning van Assirië te kan betaal;
- 1 Konings 4:7-19 dien as ŉ klasieke voorbeeld daarvan dat die koning pertinent belasting geëis het. In hierdie verhaal het koning Salomo twaalf streekbestuurders in die hele Israel aangestel met die oog op onderhoud van die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

koning en sy hof. Elkeen was verantwoordelik vir een maand per jaar se onderhoud.

Uit bogenoemde wil dit voorkom dat daar Bybelse verwysings is dat Israel opgeroep was om ‘n tiende van hul inkomste aan God te wy en terselfde tyd, soos dit blyk te wees, hewig belas was om ook ‘n deel van hul inkomste aan die koning te gee. Veral vanuit die profetiese boeke, met verwysng na die traagheid van Israel om hul tiendes aaneenlopend te gee, kan hul gesindheid amper menslik vanuit ‘n suiwer ekonomiese oogpunt regverdig word.

2 KRONIEKE 31:5,6,12

Payne (1988:115) meen dat die teks voorhou dat die volk opgeroep word om hul tiendes aan God te wy met die doel om die priesters en die Leviete te onderhou. Dit is egter Thomson (1962:482), in sy uitleg van hierdie gedeelte, wat ŉ meer diepgaande insig in die teks bied. In sy verduideliking bring hy Hiskia se hervorming in nou verband met die gee van tiendes. Hiskia wou dit bewerkstellig dat die volk van God vir mekaar moes omgee. Dit word in verhouding gebring met die gee van tiendes, soos later verduidelik word. Verder het sy hervormings ten doel gehad om die volk van God terug te bring na God se verordeninge en voorskrifte. Weereens word dit in verhouding gebring met die gee van tiendes.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Tydens Hiskia se regering moedig hy die volk van God aan om vir mekaar om te gee. Om dit te vermag, roep hy die volk op om hul tiendes na die heiligdom te bring. Deel van die tiendes is aangewend vir die onderhoud van die Leviete en priesters. Dit het daartoe bygedra dat: eerstens, die priesters en Leviete die die wet van die Here voltyds kon bestudeer; tweedens, hulle aandag kon gee aan die uitleg van die wet van die Here, met die uitsluitlike doel om Israel, as God se volk, te lei in die voorskrifte en verordeninge van God en derdens, hul verantwoordelikheid ten opsigte van die tempeldiens kon nakom (Thomson 1962:483).

Deur middel van die hervorming het Hiskia die ware aanbidding van God hervestig in ŉ gereinigde en herstelde tempel. Vosloo en van Rensburg (1999:506) meld dat Hiskia: (1) die verbond tussen God en die volk herbevestig het; (2) die Pasga

heringestel het; (3) die afgodsaltare afgebreek het, (4) die bronsslang wat Moses in die woestyn gemaak het, en wat as afgod begin dien het, verwoes het; en (5) die volk opgeroep om hul offers en tiendes na die heiligdom te bring. Laasgenoemde was met die doel om die volk te herinner dat dit God is wat in hul daaglikse behoeftes voorsien. Ook het die gee van tiendes hul dankbaarheid en eerbied aan God getoon. Die gee van tiendes het met groot opoffering en moeite gepaard gegaan. Die volk moes met oorgawe hul tiendes gee. Die gevolg was dat "daar was hope en hope goed, meer as genoeg. Daar was egter ook 'n ander aspek: naamlik dat hulle in die gee van tiendes moes volhard. Niemand kan versorg word indien daar nie 'n konstante stroom geld inkom nie. Die offergawes, die tiendes en die gewyde gawes het getrou ingekom." (Vosloo en van Rensburg; 1999:506).

In bogenoemde gedeelte is daar twee stimulerende hoofgedagtes waaroor 'n mens kan reflekteer. Een: die gee van tiendes dra daartoe by dat diegene wat in diens van God staan hul onverdeelde aandag kan gee aan die bestudering en uitleg van die Woord van God met die uitsluitlike doel om die geloofsgemeenskap te lei, geestelik te voed en te ondersteun om God se voorskrifte en verordeninge te verstaan en toe te pas. Die vraag ontstaan dus, is dit nie dalk een van die redes waarom die kerk sy krag verloor het nie? Daar word gefokus op geldinsameling op allerlei wyses, dus word diegene wat in diens van God staan se aandag verdeel, en hul primêre taak en roeping ly daaronder. Dit word weer in die oppervlakkige geestelike leefwyse van die kerk weerspieël. Dit gebeur ook dat, as gevolg van 'n sukkelende inkomste of tekort aan inkomste in die kerk, diegene wat in diens van God staan gedwing word om 'n "tweede" of sekulêre inkomste te verdien, met dieselfde gevolge soos reeds gemeld.
Twee: die gee van tiendes dra daartoe by dat gelowiges die geleentheid kry om vir mekaar te sorg, daarin dat die wees, weduwees en armes kan deel in die oorvloed van andere. Weereens ontstaan die vraag, is dit dalk een van die redes waarom die kerk sy krag verloor het nie? Daar is 'n gedurige finansiële tekort in die kerk. Dit dra by dat kerke vir hulself bestaan, naamlik vir hulle eie geboue, die skamele salarisse vir diegene wat in diens van God staan, begrotings tot die algemene denominasie, dienste, ensovoort. Daar is dus eenvoudig niks oor om maatskaplike en sosiale verantwoordelikhede na te kom nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Dalk word die kerk uitgedaag om terug te keer na ŉ Hiskia-era van "omgee vir mekaar" en hervorming ten opsigte van God se voorskrifte en verordeninge. Dit sluit beslis in: die era van die gee van tiendes.

NEHEMIA 10:37,38; 12:44; 13:5,12

Volgens Pedersen (1947:312) is daar twee hoofgedagtes wat in hierdie gedeelte uitstaan. Die skrywer meld dat, in die eerste plek, die teks in Nehemia wat verband hou met die gee van tiendes as God se verordeninge by Numeri 18 verse 21 tot 24 aansluit. Met ander woorde, dit verwys na die voorskrif dat :

(1) die tiende aan die Leviete gegee moes word;
(2) die Leviete ŉ gedeelte van hulle tiendes aan die priesters moes gee;
(3) die gee van tiendes deur Israel ŉ wetlike instelling was wat hulle moes uitvoer; en
(4) die volk van God hul tiende aan die Here spesifiek na die heiligdom (tempel) moes bring.

Pedersen (1947:314) verduidelik in die tweede plek dat, benewens die feit dat die teks verband hou met die gee van tiendes as God se verordeninge in Numeri, daar ook ŉ unieke bydrae in die Nehemia teks is, naamlik, dat die tiende as gawe ŉ teken van eerbied teenoor God is. Dit beklemtoon die gedagte dat die volk van God niks meer is as ŉ vruggebruiker is nie, en dat alles aan God as die alleeneienaar behoort. Eerbied en dankbaarheid is dus die motivering vir die uitvoering van die gee van tiendes wat spruit uit die bepaling van die wet.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

AMOS 4 VERS 4

Smith (1972:103) gee ŉ deeglike verduideliking van die konteks waarin daar na die gee van tiendes in Amos 4:4 verwys word. Die gedeelte toon aan dat die welgestelde vroue in Samaria en Jerusalem, wie se mans alreeds die arme onderdruk, onsensitief is teenoor die armes, deurdat hulle hul mans oproep om die armes verder te onderdruk. Die profeet Amos hou dus aan hulle voor dat die tiendes wat hulle gee van nul en gener waarde is. Die profeet wil hulle laat verstaan dat dit nie die rituele gee van tiendes is wat God verlang nie, maar die gesindheid waarmee hulle gee, asook die nakom van die totale gebod soos deur God neergelê is, wat God verlang. McComiskey (1985:305) lewer kommentaar oor dieselfde teks en huldig dieselfde

standpunt as die van Smith. Hy voeg egter verder by dat Amos “moedswillig” oordrewe taal gebruik deur te verwys na slagoffers wat slegs jaarliks geoffer moes word en tiendes wat driejaarliks gegee moes word (met verwysing na Deuteronomium 14 vers 28). Amos sê in vers 4: “... bring julle slagoffers in die môre (elke dag) en julle tiendes al om die derde dag.” Hierdeur sê Amos dat julle nie vir God kan omkoop of beïndruk nie. Die profeet sê aan hulle dat die verkeerde gesindheid waarmee hulle offer en hul tiendes gee, ŉ sonde in die oë van God is. McComiskey (1985:306) trek ŉ interessante parallel tussen dit wat die profeet Amos aan die volk voorhou en Jesus se boodskap aan die Jode in Matteus 23:34 en Lukas 18:9-14, naamlik dat die totale gebod van God nagekom moet word en nie net dit wat vir hulle gerieflik is om te onderhou nie.

SAMEVATTING

Du Toit (1956) in sy artikel: “Die gee van Tiendes in die Ou Testament” gee ŉ algehele samevatting van die ontleding van die bogenoemde sleuteltekste wat in die Ou Testament voorkom aangaande die gee van tiendes. Vanuit Du Toit (1956) se oogpunt kan die volgende konklusie gemaak word:

(1) Die gee van tiendes was alreeds bekend voor die tyd van Moses. Hierdie gebruik was deur beide die “heidene” en God se uitverkore volk toegepas. In die lig van Hebreërs 11:4: “Omdat Abel geglo het, het hy ŉ beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy ŉ opregte man is, want God het sy offer aangeneem en deur dieselfde geloof spreek hy nog, al is hy reeds dood.” Daar kan afgelei word dat Abel ongetwyfel deur die geloof ŉ offer aan God gewy het.

(2) Daar is verskeie gedagtes aangaande die gee van tiendes te bespeur. Wat egter by uitstek uitstaan is die van dankbare toewyding van die besitting aan die eintlike Eienaar, God, deur die vruggebruikers, Israel. Verder is dit duidelik dat die deel wat in die tiende gegee word, die hele opbrengs verteenwoordig.

(3) Volgens God se verordeninge kan daar afgelei word dat die tiende toegeken is vir die gebruik van: (a) die Leviete wat dienswerk in die Tempel verrig het; (b) die priesters (en hoëpriester) wat die offers aan die Here gewy het; (c) die wees, weduwees en die armes en (d) die onderhoud van die tempel.

(4) Verskeie teksgedeeltes verwys na die feit dat die tiendes wat gegee is, na die heiligdom gebring moes word, en nie na “enige” plek nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(5) Dit wil voorkom uit die interpretasie van die gedeelte uit Samuel dat die oorspronklike bedoeling vir die gee van tiendes nie was dat dit aangewend moes word vir maatskaplike en staatskundige doeleindes in Israel nie, behalwe in sover dit die "wees, weduwees en die armes" aangaan, soos reeds vermeld.

(6) Alhoewel die skrifverwysing in Maleagi, vir redes wat later gemeld sal word, nie deel van die gemelde tekste tot dusver behandel is nie, meld Du Toit (1956) dat die laaste profeet Maleagi sterk nadruk lê op die gee van tiendes. Die profeet Maleagi stel dit onomwonde dat weerhouding daarvan beteken om die Here te beroof en te bedrieg, terwyl in die gee van die tiende groot seën opgeslote lê. Wat verder in hierdie laaste profetiese boek uitstaan, is die feit dat God die seën plegtig beloof.

(7) Daar is in geen gedeelte waarna verwys is enigsins melding gemaak van enige dwangmaatreëls wat toegepas sou word, sou Israel nalaat om hul tiendes te gee nie. Ook is daar geen strafmaatreëls voorgeskryf sou die gee van tiendes, as 'n Goddelike bepaling, verontagsaming word nie. Interessant wel is die feit dat God tog self met die ongehoorsames en wederstrewiges op 'n unieke wyse sal handel.

(8) Saam gelees met bogenoemde punt 7, word die gee van die tiendes geheel en al op die wil en gesindheid in terme van gehoorsaamheid aan God se verordeninge aan Israel, as God se volk, geplaas.

(9) Dus, die instelling van die gee van tiendes deur God aan Sy volk, word beskou as 'n bepaling om die verhouding tussen God as Skepper en Israel as skepsel op 'n meer sigbare wyse nouer te trek.

Roth (1996:1158) bevestig dit wat Du Toit (1956) ten opsigte van punt 7 en 8 (tiendes as 'n vrywillige praktyk) aangaande die gee van tiendes gemeld het. Hy is ook van mening dat daar geen dwangmaatreëls van toepassing was in die gee van tiendes nie. Verder beskou hy die praktyk van die gee van tiendes as 'n soort eed of vrywillige geskenk, wat die mens teenoor sy Skepper gemaak het. Om substansie aan sy argument te gee, verwys Roth (1996:1159) na die volgende tekste:

(1) Jakob se tiende in Genesis 28 wat duidelik as 'n eed, of voorwaardelike eed, beskou word;

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

(2) Abraham se tiende aan Melgisedek wat as ŉ vrywillige geskenk beskou word in Genesis 14:19-20;

(3) Amos wat ook melding maak van die tiende binne die raamwerk van ŉ vrywillige offer volgens hoofstuk 4:4-5;

(4) Die wet waarin daar ook na tiendes in Levitikus 27:32-33 in die gees van ŉ heilige vrywillige geskenk verwys word;

(5) Numeri 18:21, waar die gee van tiendes aan die van eerstelinge vir die onderhoud van die priesters, asook vir die onderhoud van die tempel en die Leviete, gekoppel word;

(6) In Deuteronomium word melding gemaak van die gee van tiendes wat daargestel moet word vir die arme, die wees en weduwees.

(7) In beide die twee laasgenoemde teksverwysings kan die idee van tiendes wat "onder dwang gegee word", geskep word. Tog, by nadere ondersoek is dit duidelik dat daar nêrens maatreëls ingestel is om dit af te dwing nie, nog enige aardse strafmaatreëls wat toegepas sou word indien dit nie gegee sou word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die beginsels dat die gee van tiendes ŉ vrywillige gebaar was, soos deur Roth (1996) voorgehou vind byval by my. My persoonlike opinie is dat, indien daar dwangmaatreël of strafmaatreëls met die gee van tiendes gepaard gegaan het, sou dit ŉ wanbalans in die verhouding tussen Skepper en skepsel gebring het. Dit sou die indruk skep dat God gee met die uitsluitlike doel om iets terug te kry. Dit opsigself sou God se karakter skend, wat openbaar dat Hy ŉ God is wat gee en seën omdat Hy ŉ God van liefde is, sonder om sy wil op sy skepping af te dwing of iets in ruil te verwag. Dus wil dit vir my op hierdie stadium van die tesis voorkom asof die vraag na die relevansie vir die gee van tiendes as Bybels-teologiese rentmeesterskap in die hedendaagse era eintlik ŉ retoriese vraag is: ŉ vraag waarvan die antwoord byna vanselfsprekend is. Dit volg daaruit dat die gee van tiendes nie ŉ wet is nie; dit is nie afdwingbaar nie, daar is geen strafmaatreëls indien dit nie nagekom word nie. Aan die ander kant is die antwoord ook nie so eenvoudig nie, altans nie voordat daar in diepte gekyk word na wat die Nuwe Testament oor die gee van tiendes te sê het nie.

**NUWE TESTAMENT**

In hierdie hoofstuk is daar tot dusver aandag geskenk aan die wyse waarop daar met die gee van tiendes in die Ou Testament omgegaan is. Daar gaan vervolgens gefokus word op die Nuwe Testament skrifgedeeltes waar die woord of begrip tiendes voorkom.

MATTEUS 23:23

Vosloo & van Rensburg (1999:54) verduidelik die teks soos volg: hulle meld dat wanneer Jesus die woorde uiter: "*Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie"*, dit die bedoeling was om alle moontlike misverstand aangaande die gesindheid waarmee die Jode hul tiendes moes gee, uit die weg te ruim. Die sleutel tot hierdie teks lê in die woorde: "maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na." Die misverstand is gebaseer op die feit dat die skrifgeleerdes en Fariseërs meer klem gelê het op die letterlike / uiterlike toepassing van die wet, met verwysing na die tiende, as op die totale nakoming van dit wat die wet voorhou. Dit is: geregtigheid, barmhartigheid en getrouheid. Jesus bring dit na vore wat hy in Matteus 5:19 aan Sy volgelinge voorgehou het: "Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet [in totaliteit] gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Carson (1984:481) stem met Vosloo & van Rensburg (1999) saam dat dit skyn asof die Fariseërs voorkeur gegee het aan sekere dele van die wet wat vir hulle "makliker" was om toe te pas, sonder om die wet in sy totaliteit te gehoorsaam. Jesus handhaaf die eenheid van die wet en wys daarop dat die Fariseërs slegs gehoor gee aan 'n gedeelte van die wet, en derhalwe by implikasie ook tekort skiet aan die eise van die totale wet. Met ander woorde, indien daar geen liefde tot die broeders is nie, kan daar geen sprake van liefde tot God wees nie en dan is alle uiterlike presiesheid waardeloos, volgens Jakobus 1:27: "Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld." Vosloo & van Rensburg

(1999:55) meen dat wat egter in gedagte gehou moet word die feit is dat Jesus in Matteus 5:17 verklaar het: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te gee.” Met ander woorde, daar moet rekening gehou word met die feit dat die Here met albei voete nog in die Ou Bedeling gestaan het, en Hy het dus nie in hierdie vers die gee van tiendes ongeldig gemaak het nie, of anders gestel, voorgehou dat die gee van tiendes in ’n nuwe bedeling anders as in die Ou Testament beskou moes word nie. In teendeel, Christus self het tydens sy aarde bediening in sy omwandeling die seremoniële wet onderhou. Dit sluit in die gee van die “tempelbelasting.”

Samevattend wil dit voorkom asof die vers ons hoogstens ’n bevestiging gee van die gebruik van die gee van tiendes, soos vervat in die Ou Testament. Dit kan dus onomwonde gestel word dat Jesus nie die gee van tiendes afgeskaf het nie. Maar, in dieselfde asem moet gesê word dat die gee van tiendes, in isolasie gesien, sonder om die res van God se verordeninge na te kom, van nul en gener waarde is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

LUKAS 18:12

Talbert (1989:274) gee hy ’n breedvoerige uitleg van die bepaalde teks. Die teks vorm deel van ’n gelykenis van: “die Fariseër en die tollenaar.” Om die gee van tiendes waarna daar in die teks verwys word, te verstaan en in konteks te plaas, moet die teks as ’n geheel, met ander woorde, vanuit die doel van die gelykenis, bespreek word. Lange is van die opinie dat daar twee ander sleutelverse in die teks is wat die konteks waarin daar verwys word na die gee van tiendes meer klaarheid sal gee. (1) Die eerste sleutelvers, naamlik vers 9 lui as volg: *“Met die oog op mense wat*

> *seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel.”* In die gelykenis sien ons dat die Fariseër met groot selfvertroue naderstap. Volgens vers 12 stel hy sy voortreflikheid aan God voor, en skilder enersyds op negatiewe wyse wat hy nie is nie en andersyds op positiewe wyse wat hy wel alles doen. Hy stel dit onomwonde dat afgesien van die feit dat hy tweemaal in die week vas, hy ’n tiendes van sy hele inkomste gee.

(2) Die tweede sleutelvers, naamlik vers 14, lui as volg: *"Ek sê vir julle: Hierdie man (die tollenaar), en nie die ander een (Fariseër) nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word."* Dit was Jesus se reaksie, nadat hy daarop in die gelykenis gewys het dat die tollenaar se optrede in die gelykenis een van ootmoed was (vers 13: "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig')

Dus, volgens Talbert (1989), sien ons in Jesus se reaksie, soos weer gee in vers 14, dat Hy sy verdoemende oordeel oor die Fariseër se geestesgesteldheid uitspreek, nie oor sy gewoonte om te vas en tiendes te gee nie.

In samevatting, soos in die geval van die Matteus-teks wat reeds bespreek is, ontdek ons dat in die Lukas-teks, hoofstuk 18:12, wat na die gee van tiendes verwys, as dit in konteks geplaas is, geen absolute oordeel oor die gee van tiendes uitgespreek word nie. Aangaande die praktyk van die gee van tiendes, wanneer Jesus in beide gevalle daarna verwys, sien ons dat die wese van dié praktyk nie soseer lê in die uiterlike handeling nie, maar in die regte gesindheid van die hart wanneer dit kom by die nakom van die voorskrifte. Die afleiding kan dus gemaak word dat volgens beide evangelies waar die gee van tiendes vermeld word, die Ou Testamentiese voorskrifte oor die gee van tiendes onaangeroer bly, want nêrens is daar 'n aanduiding dat Jesus Homself daaroor uitspreek nie. Wat egter ontdek word is dat, terwyl die Matteus-teks op "die gehoorsaamheid aan die totale gebod" fokus en die Lukas-teks op die "gesindheid en ingesteldheid van die hart wanneer dit kom by die nakom van die voorskrifte", geeneen van die tekste God se verordeninge aangaande die gee van tiendes verwerp nie. Want in beide Evangelies waar die gee van tiendes aangehaal word, spreek Jesus Hom nie daarteen uit nie; ook gee Hy geen aanduiding aan sy toehoorders of volgelinge dat die gee van tiendes 'n Ou Testamentiese gebruik was en dus nie meer relevant in 'n nuwe bedeling is nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

HEBREËRS 7:2,4,5,6,8,9

Benewens die twee verwysings na die gee van tiendes in die Evangelies, word daar ook na die gee van tiendes in die Brief aan die Hebreërs verwys. Die spesifieke

verse waar die woord “tiendes” in die Hebreërsbrief aangehaal word, verwys na die gebeure soos opgeteken in Genesis 14:18-20.

Die eksegetiese ontleding van die Hebreërs boek bring ontsettende botsende menings na vore oor die gee van tiendes. Skrywers soos Visagie (2003), Powell (1979), Saddler (2003), Lowry (1940) en Haupt (1984) betoog dat die gee van tiendes relevant vir die hedendaagse kerk is en dat dit juis in Hebreërs 7:1-10 gerugsteun word. Daarteenoor betoog Kurianal (2000), Koester (2001), Guthrie (2002), Kobelski (1981) en Morris (1981) dat die inhoud van Hebreërs 7:1-10 nie die fokus plaas op die gee van tiendes nie. Die gedeelte plaas eerder die klem op die orde van Melgisedek. Die belangrikheid vir die bespreking van hierdie brief lê daarin dat ons hier te make het met twee skole van denke. Ten einde ’n geheelbeeld oor die interpretasie van die teks onder bespreking te vorm, gaan ek die kontrasterende standpunte van beide skole van denke ondersoek.

In die eerste standpunt verklaar Visagie (2003:4) dat wanneer ’n mens tiendes gee, dit die Priesterdom van Christus bevestig. Voorts verklaar hy dat toe Abraham ’n tiende gegee het, hy die priesterdom van Melgisedek erken het. Abraham se tiende is gegee aan iemand met wie hy homself kon vereenselwig, iemand wat in wese bestaan het, naamlik Melgisedek. Hy is dus van mening dat wanneer ons tiendes gee, ons erken en verklaar dat Jesus uit die dode opgestaan het. Verder verklaar ons dat Jesus leef - volgens die getuienis van die Bybel as Heilige Skrif asook vanuit die oortuiging van die Gees van God. Ons gee dus nie tiendes aan mense nie, ook nie aan mense wat dood is nie, maar aan Christus wat lewe. As ’n mens dus glo dat Jesus gekruisig is, dat Hy gesterf het, dat Hy uit die dode opgewek is; dan gee ons tiendes in erkenning van sy opstanding en van sy Priesterdom, omdat ons glo dat Hy lewe. Visagie (2003:5) baseer dus sy argument op grond van sy waarneming soos hierbo vermeld en voeg by dat Hebreërs 7:9-10 dit verder baie duidelik voorhou dat daar geen gelowige is wat van die gee van tiendes vrygestel is nie: “’n Mens kan sê dat ook Levi, wat tiendes invorder, deur Abraham aan Melgisedek die tiende gegee het, want Levi was nog in die liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir Abraham tegemoet gegaan het.” Visagie (2003:6).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Powell (1979:87) sluit by Visagie (2003) aan en beklemtoon sy standpunt deur te meld dat daar ’n vereiste is waaraan voldoen moet word ten einde in die seëninge te deel wanneer daar tiendes gegee word. Indien daar geen vereistes was nie, sou dit beteken dat elkeen wat tiendes gee, kan deel in die seëninge wat met hierdie beginsel gepaard gaan. Dit sou selfs ongelowiges, asook persone wat apaties staan teenoor God se Woord, insluit. Voordat persone hulle tiende aan God kan gee, benodig hul die seëninge van heiligheid wat ook as ’n vereiste dien. Hierdie stelling impliseer dat persone eers hulle geloof in God moet bely en God se versoeningsoffer deelagtig moet word deur Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker aan te neem, alvorens hul in die seëninge van die gee van tiendes kan deel.

In ooreenstemming met die vorige twee skrywers gee Saddler (2003:4-5) ’n uitleg van Hebreërs 7:1-10. Die volgende is ’n samevatting van Saddler (2003) se verduideliking van die teks:

- Die tiende wat aan God gewy word, vereis dat die gewers se motief waarom hul hul tiende gee, reg moet wees. Dit gaan nie by God om wat ’n mens gee nie, maar die gesindheid waarin dit gegee word. Wanneer ’n mens se motief opreg is, sal ’n mens outomaties jou beste aan God gee. Slegs dan is die offer aan God sonder vlek of rimpel. Die enigste motief wat God vereis is liefde. Die mens se liefde vir God maak die offer wat aan God gewy word, ontvanklik.
- Die seëninge van die Hoëpriester word benodig. Daar word na Genesis 14:18-19 verwys as ’n model waarin Melgisedek as Hoëpriester vir Abram seën nadat Abram ’n tiende aan hom gegee het. Die Woord wat Melgisedek oor Abram uit spreek het, het hom geheilig, wat hom dus waardig in die teenwoordigheid van God gemaak het. Abram was geheilig deur die Woord wat oor hom gespreek is. In dieselfde konteks word daar na Johannes 15:3 verwys, waarin die woorde wat Jesus oor die mens uitspreek, die mens heilig. Ons weet ook dat Jesus Christus ons Hoëpriester is en naas Hom is daar niemand anders nie. Voordat ’n mens kan oorweeg om ’n tiende aan God te wy, is dit ’n vereiste om geheilig te word deur die woord wat Jesus oor jou spreek as Hoëpriester.

Saddler (2003:6) verduidelik dat die rede waarom die gee van tiendes soms nie effektief God se seëninge in mense se lewens weerspieël nie, is omdat hulle nog nie toegelaat het dat die Woord hulle geheilig het nie. Die gebrek van geloof in die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Woord van God dra daartoe by dat God se seëninge wat met die gee van tiendes gepaard gaan, soms ontbreek. Dit is die geloof in God se Woord wat ŉ mens reinig. Die rede waarom Abram na God kon kom met sy tiende, was dat hy in die woorde wat Melgisedek oor hom uitgespreek het, geglo het. Die woorde wat Melgisedek oor Abram uitgespreek het, het hom waardig in die teenwoordigheid van God gemaak. Dus bevestig die gee van tiendes ŉ ewige verbond met God.

Lowry (1940) se standpunt betwis nie dié van Visagie (2003), Powell (1979) en Saddler (2003) nie. Inteendeel, ondersteun hy die standpunt dat die gee van tiendes relevant vir die hedendaagse kerk is. Lowry (1940:13) fokus sy standpunt op Hebreërs 7:3 waarin hy meld dat niks is omtrent die begin van Melgisedek se lewe of die einde van sy lewe bekend nie. Hy verwys daarna dat dit slegs God is wat geen begin of einde het nie. Verder meen hy dat indien Melgisedek soos die Seun van God is, Hy in wese die Seun van God is, dus bly Hy priester vir altyd. Die soort verbond wat Melgisedek met Abram gesluit het, was ŉ ewige verbond. Abram se tiende het hierdie verbond bevestig. Die praktiese daad van hierdie verbond is die "breek van die brood" (wat nog steeds vandag beoefen word), heiligmaking deur die Woord (soos bevestig volgens Johannes 15:3) en geloof in God deur tiendes te gee. Dit is die fondasie van hierdie verbond. In Genesis 14:18-19 openbaar (spreek) Melgisedek die woord van heiligmaking, waarna hy die brood en wyn aan Abram bring en in daardie konteks van die verbond bring Abram die tiende. In Christus ontvang ons dieselfde ewige verbond. Jesus openbaar (spreek) sy Woord van heiligmaking, skenk sy liggaam en sy bloed as die brood en die wyn en ons bring die tiende. Indien die tiende van die verbond verwyder word, word die verbond gebreek. Solank as wat Melgisedek (wat ons weet Jesus Christus is) priester bly vir ewig, moet ons tot in ewigheid tiendes gee om die verbond te bevestig. Elkeen wat ŉ tiende gee volgens God se verordeninge, bevestig die verbond wat Abram met God gemaak het. Lowry (1940:14) verwys ook na Genesis 28:22, waar Jakob dieselfde verbond bevestig deur ŉ tiende van dit waarmee God hom geseën het, deur middel van ŉ eed aan God te belowe. Hierin vernuwe hy die seëninge van God wat hy van sy vader Abram geërf het.

Haupt (1984:29) bevestig die vorige skrywers se weergawe oor die gee van tiendes. Hy betoog dat die rede waarom elke Israeliet verplig was om ŉ tiende van hul

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

inkomste aan God te wy, was omdat die tiende as ŉ merk van hul erfenis van Abraham gebruik is. Hy beweer dus dat wanneer die mens, insluitende die Nuwe Testamentiese verbondsvolk, hul tiendes gee soos wat Abraham gegee het, bevestig hul dat hulle kinders van Abraham is. Hy stel dit pertinent dat wanneer mense nie ŉ tiende van hul inkomste aan God wy nie, hulle nie as een van die broers volgens Hebreërs 7:5 *"Die priesters wat van Levi afstam, het volgens die bepaling van die wet die reg om ŉ tiende in te vorder van die volk, dit wil sê van hulle broers, wat net soos hulle ook afstammelinge van Abraham is"*, getel kan word nie. Dus moes die Israeliete hul merk, die gee van hul tiendes, as kinders van Abraham gemaak het. In dieselfde konteks, argumenteer Haupt (1984:32), word selfs die hedendaagse mense opgeroep om hul merk te maak deur die gee van tiendes, indien hulle verlang dat God hulle in sy erfenis moet insluit.

Om sy punt tuis te bring dat die gee van tiendes nog relevant is in die hedendaagse lewe, verwys Visagie (2003:7) ook na Efesiërs 1:3-14. In sy verduideliking van die genoemde teks, sê hy dat die Woord leer ons dat geestelike seëninge van God kom deur sy Seun Jesus Christus, wat ŉ sonde-offer vir ons geword het. God is gees, dus is die seëninge wat ons van God ontvang, geestelike seëninge. Derhalwe word ons deur Christus erfgename van God in die ontvangs van alle geestelike seëninge. Verder weet ons dat mense geestelike en natuurlike wesens is. Soos wat ons ŉ geestelike Vader benodig om erfgename van geestelike seëninge te word, so het ons ŉ natuurlike vader nodig om erfgename van aardse seëninge te word. God het voorsiening gemaak vir ŉ aardse vader deurdat ons erfgename van Abraham is. Die enigste ding wat ons aan hierdie erfenis verbind, is die tiende wat ons gee. Hieruit kan afgelei word dat die tiende gesien kan word as die sleutel wat God se seëninge oor die mens vrylaat. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat, alhoewel Abraham ŉ tiende van alles wat hy gehad het gegee het, hy nie die een was wat God geseën het nie. In teendeel, Hebreërs 7:6-7 *"Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham ŉ tiende geneem en hom, aan wie God sy belofte gegee het, geseën. Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word"* stel dit baie duidelik dat toe Abraham sy tiende aan Melgisedek as dankbaarheid teenoor God gee, God vir Abraham geseën het. Dit is dus duidelike dat die mens se tiendes wat hul in geloof aan God gee, die sleutel is wat die deur open sodat God hulle kan seën. Visagie (2003:15) is daarvan oortuig

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

dat dit ŉ yslike groot fout sal wees om hierdie seëning wat God aan die mens gee, wanneer hul die deur van seëninge deur middel van die gee van tiendes open, in ŉ eng en nougesette konteks te sien. God se seëninge is beslis nie beperk tot geld of materiële dinge nie: “It could be a peace that is beyond human understanding, a joy that overflows or love that cannot be contained. These are the most valuable possessions that life can give” (Visagie 2003:21).

Die volgende is ŉ samevatting van die opvatting oor Hebreërs 7:1-10 van die eerste groep skrywers, wat van mening is dat die gee van tiendes nog relevant vir die hedendaagse mens is. Hulle baseer hul argument op die oortuiging dat, wanneer ŉ mens tiendes gee, dit die Priesterdom van Christus bevestig. Hulle hou voor dat toe Abraham ŉ tiende gegee het, hy die priesterdom van Melgisedek erken het. Abraham se tiende was gegee aan iemand met wie hy homself kon vereenselwig, iemand wat lewendig was. Wanneer mense tiendes gee erken en verklaar hul dat Jesus uit die dode opgestaan het. Verder verklaar hul dat Jesus leef; volgens die getuienis van die Bybel as Heilige Skrif asook vanuit die oortuiging van die Gees van God. Hulle gee dus nie tiendes aan mens nie; nie aan ŉ “kerk” nie, en ook nie aan mense wat dood is nie, maar aan Christus wat lewe. As ŉ mens dus glo dat Jesus gekruisig is, dat Hy gesterf het, dat Hy uit die dode opgewek is; dan gee hulle hul tiendes in erkenning van sy opstanding van sy Priesterdom, omrede hul glo dat Hy lewe. Dus is die skrywers oortuig dat daar geen gelowige is wat vrygestel is van die gee van tiendes nie.

In die <u>tweede en teenoorgestelde standpunt</u> word daar verklaar dat die Brief aan die Hebreërs in Hoofstuk 7:1-10 ten doel het om te bevestig dat Melgisedek verhewe was bo die Levitiese priesterskap. Die skrywers, naamlik: Kurianal (2000:86); Koester (2001:335); Guthrie (2002:682); Kobelski (1981:125) en Morris (1981:62), is dit almal eens dat die verwysing na tiendes in Hebreërs 7:1-10 ŉ sekondêre stelling deur skrywer van die Brief aan die Hebreërs is. Om substansie aan hul argumente te gee, hou hulle die volgende aan hul lesers voor -

- Hebreërs 7 begin deur te meld dat Jesus die vervulling van Ou Testament beloftes is en dat sy bediening groter is as die van die Levitiese orde (verse 1 tot 3).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

- Nadat daar gemeld is dat Melgisedek vir ewig priester sal bly, word die volgende redes voorgehou as bewys waarom Melgisedek se priesterskap groter as die van die Levitiese orde was (verse 4 tot 8 ) –
    - Melgisedek word aangedui as groter as Abraham, gebaseer op die feit dat Abraham 'n vrywillige tiendes aan Melgisedek gegee het en nie andersom nie.
    - Melgisedek word verder as groter dan Abraham aangedui, omrede hy vir Abraham geseën het en nie andersom nie. Dit is altyd die een wat groter is wat die ondergeskikte seën, terwyl die ondergeskikte die ontvanger van die seën is.
    - Levitiese priesters het in die algemeen diens begin doen nadat hulle 'n sekere ouderdom bereik het, waarna hulle met die verloop van tyd sou sterf. Terwyl Abraham se afstammelinge tiendes aan priesters sou gee wat sou sterf, het Abraham 'n tiende aan Melgisedek gegee wat vir ewig leef. Weereens, word Melgisedek as groter as Abraham aangedui.
    - Omdat Melgisedek by magte was om die funksies van 'n priester tot uitvoering te bring, sonder dat hy van die Levitiese stam was, kan Jesus nie gediskwalifiseer word van die priesterskap nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

As verdere motivering vir hul argument dat Hebreërs 7:1-10 ten doel het om te bevestig dat Melgisedek verhewe was oor die Levitiese priesterskap, en nie om die gee van tiendes te bevorder nie, meld Kobelski (1981:125) dat Psalm 110:4: *" ... Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek.",* verwys na Jesus as Hoër Priester volgens Hebreërs 7:17. Met ander woorde, hy argumenteer soos die ander skrywers wat die tweede standpunt huldig dat Jesus in die orde van Melgisedek is volgens Hebreërs 7:17, en aangesien Melgisedek se priestersorde verhewe is bo dié van die Levitiese priestersorde volgens Hebreërs 7:1-10, Jesus se priestersorde verhewe bo die van die Levitiese priestersorde is.

Ter samevatting van die twee standpunte in terme van die interpretasie van Hebreërs 7:1-10 soos hierbo weer gee, is dit duidelik dat hulle lynreg teenoor mekaar staan rakende die argument of die gee van tiendes in die hedendaagse era nog relevant is al dan nie. Gegee die feit dat die African Methodist Episcopal Kerk se beleid verklaar dat hul lidmate as rentmeesters tiendes moet gee, sal dit beteken dat

die tweede standpunt sal vereis dat die beleid van die kerk betwis kan word. Hierdie bepaalde tesis skep dus geleentheid vir die kerk om ten minste met nuwe insig na die beleid te kyk. Dit skyn op die oog af asof die skrywers wat die eerste standpunt huldig, meer, hoewel hulle in moderne bronne skryf, vanuit ŉ kerklike oogpunt die teks van Hebreërs 7:1-10 benader. Verder kry ek die indruk dat hul eie kerklike beleid en standpunt rondom die gee van tiendes ŉ impak het op hul benadering tot hierdie spesifieke teks, om sodoende die relevansie van die gee van tiendes in die hedendaagse era te regverdig. Hierteenoor blyk dit asof die skrywers wat die tweede standpunt huldig, die teks vanuit ŉ meer akademiese oogpunt benader. Hulle staan nader aan ŉ eksegetiese ontleding van die teks, om te bepaal wat die skrywer van Hebreërs aan sy lesers wou tuisbring. Hoewel hierdie tesis bedoel is om die lidmate van die African Methodist Episcopal Kerk ŉ dieper insig te gee aangaande die gee van tiendes, moet dit nie uit die oog verloor word dat dit ŉ akademiese tesis is nie. Dus is dit vir my van kardinale belang om antwoorde aangaande die onderwerp in die Bybel te soek en nie om die Bybel te gebruik om die standpunt en beleid van die kerk te regverdig nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

SAMEVATTING

My persoonlike opinie ter samevatting van die ontleding van die twee tekste wat in die Evangelies (Nuwe Testament) voorkom, tesame met die Hebreërs teks, aangaande die gee van tiendes, het ek die volgende konklusies gemaak:

- Die bepalings, voorskrifte en verordeninge soos deur God in die Ou Testament bepaal, aangaande die gee van finansiële ondersteuning vir kerklike gebruik, word nie in die Nuwe Testament betwis nie, daarom moet dit in totaliteit met gehoorsaamheid toegepas word.
- God verafsku enige uiterlike en skynheilige vorm van aanbidding, wat selfs die gee van tiendes insluit
- Jesus het dit onomwonde gestel dat met Sy koms die wet (God se verordeninge) nie ongeldig gemaak is nie, en dus is daar nie genoegsame bewys dat die gee van tiendes in die Nuwe Testament afgeskaf is nie.
- In die samevatting van die teks soos bespreek in die Matteus Evangelie is daar by implikasie ŉ bevestiging gegee van die gebruik van die gee van tiendes, soos vervat in die Ou Testament,

- God verafsku hoogmoed volgens Lukas 14:11: “Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word”, dus indien ’n persoon sy tiende aan God wy, moet dit in alle ootmoed gedoen word,
- Jesus spreek Sy verdoemende oordeel uit oor diegene met ’n verkeerde geestesgesteldheid, al gee hulle ook “meer” as ’n tiende,
- Die Ou Testamentiese voorskrifte oor die gee van tiendes bly onaangeroer, want nêrens is daar ’n aanduiding dat Jesus Homself daaroor uitgespreek het nie.

Tot op hierdie stadium van die tesis, is dit vir my byna onmootlik om onomwonde te sê of die gee van tiendes nog steeds relevant is al dan nie. Ek sou liewers wou fokus op aspekte soos die gesindheid waarmee ’n mens ’n bydrae lewer tot God se Koninkryk op aarde, asook op die totale gehoorsaamheid aan God se wette en verordeninge. Dit is aldus die benadering van Jesus volgens die twee evangelie tekste met verwysing an die gee van tiendes wat ontleed is. Ek het verder die gevoel dat wanneer ons as gelowiges die gee van tiendes slaafs en eng in die hedendaagse era aanmoedig, ons in dieselfde strik as die van die Fariseërs kan trap, naamlik die nakoming van ’n uiterlike, oppervlakkige en vormgodsdiens.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 2.2. <u>’n EKSEGETIESE ONTLEDING VAN DIE BOEK MALEAGI</u>

Die boek Maleagi word as bron in die African Methodist Episcopal Kerk se beleid aangehaal om die gee van tiendes as kerklike voorskrif te handhaaf. Dit is dus van kardinale belang om die boek Maleagi eksegeties te ontleed om te bepaal of die gee van tiendes nog relevant is onder die Nuwe Verbond. Voorts sal bepaal word of die gee van tiendes Bybels-teologies geregverdig kan word omdat dit ’n Ou Testamentiese verordening is, en nie ’n wet nie. Die volgende aspekte van die boek wat behandel gaan word, is -

- agtergrond van die profetiese boek
- wie die skrywer van die boek Maleagi is,
- die doel van die profetiese boek
- die ontstaanstyd van die boek Maleagi,

- die historiese agtergrond,
- ŉ oorsig oor die inhoud en die boodskap daarvan,
- die universele tema van die boek Maleagi, en
- ŉ breedvoerige eksegetiese ontleding van Maleagi 3:6-12 binne die literêre konteks

### 2.2.1. Agtergrond van die Profetiese boek

Anders as ander profete, maak Maleagi nie melding van enige persone of gebeure wat dit in ŉ bepaalde tydgleuf kan plaas nie. Dus word die oorsprong en periode van die profetiese boek na aanleiding van afleiding inhoud en implikasies in die teks afgelei. Volgens Alden (1985:719) word dit in die algemeen aanvaar dat Maleagi laaste in die Kleiner Profete geplaas word. Daar word verder voorgehou dat vanuit die inhoud van Maleagi, die profeet egter na Ezra geskryf is. Zerubbabel, die eerste goewerneur na die terugkeer van die Babiloniese ballingskap, het met behulp van die profete Haggai en Sagaria, die volk van God aangemoedig om die tempel te herbou. Sommige bannelinge het teruggekeer, die tempel was herbou, en die offer stelsel was heringestel. Dit is teen hierdie agtergrond wat Maleagi opgetree het. Alden (1985:720) Dorsey (1999:321) se weergawe aangaande die die era van Maleagi as profeet word in dieselfde tydgleuf as die van die vorige skrywe geplaas, en meld ook dat hy jare na die herbou van die tempel deur die Babiloniese bannelinge, geleef het en as profeet opgetree het.

### 2.2.2. Die skrywer van die boek Maleagi

Maleagi is die twaalfde en laatste laaste boek van die kleinere profete in die Ou Testament. Dit word beskou as deel van die kleinere profetiese boeke as gevolg van die hoeveelheid literatuur volgens Smith (1984:296). Maleagi het as profeet ongeveer een honderd jaar nadat Israel vanuit die Babiloniese ballingskap na hul tuisland teruggekeer het, opgetree.[6] Beide Alexander en Alexander (1973:460); Guthrie en Motyer (1970:804) en Smith (1984:298) is van die opine dat die naam Maleagi, wat eintlik “My Boodskapper” beteken, net ŉ algemene noemnaam is terwyl Smith

---

[6] Daar is vrae aangaande die identiteit en bestaan van die persoon Maleagi. Hierdie tesis behandel egter nie daardie spesifieke vraagstuk nie, inteendeel dit handel egter oor die teologiese van ŉ spesifieke boek en sal dus na “Maleagi” as ŉ individu verwys: Smith 1984:296; Alexander en Alexander 1973:460; Guthrie en Motyer 1970:804; Redditt 1995:151.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

(1984:298) meld dat meer onlangse akademiese in die algemeen aanvaar dat die woord Maleagi as ŉ eie naam verklaar moet word. Redditt (1995:151) argumenteer dat dit onwaarskynlik is dat die skrywer van die boek Maleagi was. Hy meld dat dit skynbaar onvanpas sou wees dat ouers hul kind se naam Maleagi sou gee, want "Maleagi", wat eintlik "My Boodskapper" beteken, sou op godlastering neerkom. Volgens hom blyk dit dat die naam "Maleagi" slegs ŉ afkorting was van die werklike naam, wat iets soos ""malkijah" kon wees.

### 2.2.3. Die Doel van die Profetiese boek

Dit kan algemeen aanvaar word dat geen profeet of prediker wie lief is vir sy of haar volksgenote skep behae daarin om hul sondes uit te wys of om hulle te waarsku van die verdoemenis wat hulle in die oë staar nie. Dit is amper voor die handliggend dat die uitdaging waarmee Maleagi te kampe gehad het, daarin dat hy God se oordeel oor die priesters en die volk moes uitspreek, nie as ligtelik kon beskou nie. Tog moet die profeet se waarskuwings, dreigemente, woorde van bemoediging en selfs beloftes gesien word teen die agtergrond, waarin die volk tot vernude verhoudinge met God beskou word. God spreek deur Maleagi tot sy volk wat uit ballingskap teruggekeer het, met die doel om hulle op te roep tot ŉ regverdige nasie. Op die oog af blyk dit dat Maleagi se boodskap ŉ negatiewe toon kon inhou, tog wanneer die inhoud van Maleagi se boodskap van nader ondersoek word, kom daar ŉ sterk tyding van hoop en bemoediging deur. God se liefde vir sy volk is die deurslaggewende faktor (Alden 1985:723). In ooreenstemming met dit waarna Alden (1985), soos hierbo vermeld verwys, is Dorsey (1999:321) ook van mening dat die doel van die profetiese boek handel oor –

- die rol wat die priesters en Leviete vertolk aangaande die wyse waarop Israel God aanbid;
- die vermaning aan die priesters omrede hulle in versuim gebly het om hul verantwoordelikhede teenoor die tempel na te kom; en
- die bevestiging dat God diegene wie Hom dien seën en diegene wie ongehoorsaam is, straf.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

### 2.2.4. Die ontstaanstyd van die boek Maleagi

Vir die doel van die werkstuk gaan daar nie veel oor die ontstaanstyd van die boek Maleagi gesê word nie, behalwe dat dit algemeen aanvaar word dat die boek Maleagi se ontstaanstyd tussen ongeveer 480 tot 420 V.C. lê, volgens Dentan (1956:1140) en Guthrie en Motyer (1970:804). Alden (1985:721) beweer dat die boek Maleagi nie vroeër as 515 V.C. sy onstaan kon gevind het nie. Hy voer as rede aan dat dit die tyd was wat die tweede tempel voltooi was.

### 2.2.5. Historiese agtergrond

Volgens Noth (1958:315) is daar twee aspekte in terme van die historiese omstandighede van die boek wat van belang is –

(1) Die internasionale omstandighede. Die opstand van Megabyzos van die gebied aan die oorkant van die Eufraat teen Persië maak dat Sirië, Palestina en omliggende streke ŉ besondere betekenis vir Persië verkry. In die tweede helfte van die vyfde eeu moes Persië Egipte onderdruk. Israel se grondgebied het naby die deurgang na Egipte gelê. In die ruïne Tell Jemme ten suide van Gasa is ŉ stoorplek ontdek wat tussen die vyfde en vierde eeu v.C. deur Persië gebruik was. Hierdie stoorplek het die deurtrekkende troepe na Egipte van die nodige voorrade voorsien. Vir Persië was dit dus van uiterste belang om vrede in Juda te handhaaf en hulle was oop vir enige suggestie hoe om die vrede te behou, veral as die gedagtes die inwoners van Palestina sou tevrede stel.

(2) Wat die interne omstandighede betref, volgens Noth (1958:316), is daar vir ongeveer ŉ halwe eeu na die voltooiing van die Tempel in ongeveer 516 v.C. nie veel historiese gegewens in verband met Israel nie. Wat wel vasgestel kan word is dat vir die vromes in Israel die einde van die Babiloniese ballingskap die begin van die Messiaanse heilstyd beteken het. Daar was ongekende entoesiasme en ŉ verwagting dat Dawid se glorietyd herstel sou word. Die werklikheid was egter teleurstellend, daarin dat slegs ŉ geringe deel van die ballinge teruggekeer het na Palestina om te vind dat die lewe swaar is. Hulle het slegs ŉ klein distrik van die magtige Persiese ryk gevorm. Verder moes hulle Persië help teen Egipte in ŉ land wat rotsagtig en onvrugbaar was. In die profeet Haggai se tyd word daar duidelik gemerk dat hulle swaar gekry het om liggaam en siel aanmekaar te hou. Hulle het die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

mure herstel en die tempel gebou en die belofte van die Messias het onvervuld gebly. Inteendeel, daar was allerlei teëspoed soos droogtes en sprinkane, misoeste en mislukkings, (hoofstuk 3:6-12).

Laastens meld Noth (1958:318) dat hierdie toestand 'n moedelose gees onder die volk geskep het en goddeloosheid het vinnig na vore getree. Daar het dus vrae in die volk se hart ontstaan, vrae wat Maleagi in die volk se mond lê en self beantwoord. Selfs die priesters word troueloos en onverskillig (hoofstuk 1:12-13) en gee nie die regte onderrig nie (hoofstuk 2:7-8). Dit is teen hierdie agtergrond wat Maleagi as God se boodskapper optree.

### 2.2.6. 'n Oorsig van die inhoud en die boodskap

Die inhoud en boodskap van die boek, Maleagi word verskillend deur skrywers wat kommentaar oor hierdie aspek van die boek lewer, onderverdeel.

Die eerste skrywer, Smith (1967:2), verklaar dat daar oor die algemeen aanvaar kan word dat die boek goed beplan en ontwikkel is en dat dit harmoniese eenheid vorm -

1. Die boek Maleagi begin met 'n bevestiging van die liefde van die Here teenoor Sy volk (hoofstuk 1:2-5);
2. Daarna bewys Maleagi dat die priesters die Naam van die Here onteer deur onheilige diens by die altaar (hoofstuk 1:6; 2:9);
3. Die volk verwerp hulle roeping beide deur gemengde huwelike en egskeidings (hoofstuk 2 verse 10 tot 16); en
4. Hulle murmureer teen die uitstel van die oordeel oor die goddeloses, terwyl die Here tog Homself as die regverdige Regter ten spoedigste sal laat ken; maar voor Hy kom sal Hy eers Elia, die profeet, stuur om die goddeloses te waarsku en tot bekering te roep (hoofstuk 2:17 tot 3:24).

'n Tweede skrywer, von Orelli (1977:390) het die boek in drie dele verdeel. Volgens hom is die onder verdeling soos volg –

- Hoofstuk 1:1-14 begin as 'n klag van aanmaning;
- Hoofstuk 2:1-16 verwys na die verraad van die priesters en
- Hoofstuk 2:17 - 3:24 sluit af met die dag van die Here.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die derde groep skrywers, Young and Baldwin (1988:728) verdeel Maleagi egter slegs in twee gedeeltes –

- Hoofstukke 1 en 2 vorm die eerste deel en
- Hoofstukke 3 en 4 vorm die tweede deel.
- Volgens hierdie indeling handel deel een met Israel se sonde en deel twee met God se oordeel.

Naas die opskrif in hoofstuk 1:1 word die boek volgens Kaiser (1984:178) en Alden (1985:724) in sewe dele verdeel, wat as die vierde skrywers oor dié aangeleentheid kommentaar lewer -

- Die opskrif (hoofstuk 1:1) maak dit duidelik dat die boek niks anders is as die woord van die Here nie. Daar is drie hoofkarakters: God, Maleagi en Israel;
- Die eerste deel omvat hoofstuk 1:2-5 en open die boek met ’n proklamasie van God se liefde vir sy volk, die enigste boek in die Bybel wat so begin. Die Here se omvattende liefde wat hede, verlede en toekoms omspan, word beklemtoon;
- Die tweede deel omvat hoofstuk 1:6 - 2:9. Hier word gevind dat die ampsdraers, die priesters en die volk aangespreek word oor die gehalte van hulle diens aan die Here. Die swak offers wat die volk bring en die priesters oogluikend toelaat, is sprekend van die gesindheid wat agter die offers lê;
- Die derde deel omvat hoofstuk 2:10 -16. Hierdie deel laat die kollig val op die gehalte van die huwelike onder die volk van die Here;
- Die vierde deel omvat hoofstuk 2:17 - 3:5. Dit behandel die skeptiese vraag van die volk na die God van die reg. As die Here dan die God van die reg is, waarom is daar so baie onreg?;
- Die vyfde deel omvat hoofstuk 3:6-12. Dit het weer, soortgelyk aan die tweede deel, die gehalte van die godsdiens van die volk as tema. Dit is veral die gee van tiendes wat in dié gedeelte ter sprake kom.
- Die sesde en voorlaaste deel van die boek omvat hoofstuk 3:13 - 4:3. Dit bied aan Israel, wat begin twyfel het aan God en sy betrokkenheid, ’n troosvolle uitsig op die hede en die toekoms; en
- Die boek sluit af met die sewende deel en omvat hoofstuk 4:4-6 met ’n vermaning om getrou te bly aan die wet van Moses.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

As vyfde groep skrywers, is beide Smith (1984:299), Petersen (1995:29) en Redditt (1995:152) van mening dat die boek Maleagi bestaan uit 'n inleiding wat bestaan uit hoofstuk 1:1. Na die inleiding is daar ses redetwiste tussen God, met Maleagi as God se mondstuk, en Israel as God se volk. Hulle meld dat die redetwiste is soos volg ingedeel -

(1) Hoofstuk 1:2-5 Handel oor die redetwis aangaande God se liefde
(2) Hoofstuk 1:6-2:9 Handel oor redetwis aangaande God se eer
(3) Hoofstuk 2:10-16 Handel oor redetwis aangaande die volk se ontrouheid
(4) Hoofstuk 2:17-3-5 Handel oor die redetwis aangaande God se oordeel
(5) Hoofstuk 3:6-12 Handel oor die redetwis aangaande bekering
(6) Hoofstuk 3:13-4:3 Handel oor die redetwis aangaande uitspraak teen God

Petersen (1995:29) meld dat die bogenoemde ses redetwiste het dieselde samestelling daarin dat dit uit drie elemente bestaan (1) gevestigde stelling (2) die verweerde se beswaar, en (3) die sleutel en samevattende element. Smith(1984:301) meld dat die laaste deel van die profetiese boek bestaan uit twee byvoegings naamlik (1) hoofstuk 4:4 wat handel oor 'n oproep na die Israel om die wet van Moses te onthou, en (2) hoofstuk 4:5-6 wat handel oor die aankondiging dat God gaan vir Elia stuur om vaders en kinders met mekaar te versien voordat die verskriklike dag van die Here kom. Daarteenoor meld Petersen (1995:32) dat die laaste deel van Maleagi slegs uit een deel naamlik: hoofstuk 4:4-6 bestaan, waarin die gesprek tussen God en sy volk afgesluit word.

Smith (1967:3) verduidelik dat die Here vir 'n aantal jare na Sagaria nie meer deur 'n profeet tot Sy volk gespreek het nie. Dié stilswye word egter deur Maleagi, die laaste profeet van die Ou Testament, verbreek. Gesien in die lig van die historiese agtergrond, is die taak van die profeet geen benydenswaardige een nie. Hy moet die vuur van geloof in die harte van 'n ontmoedigde volk aanblaas. Die ander profete, byvoorbeeld Esegiël, Haggai en Sagaria, het die uitgedoofde hoop laat herlewe deur die volk op te roep tot die bou van die tempel. Na die bou van die tempel het die Messias nie verskyn nie. Die volk het weereens verval in 'n toestand van moedeloosheid en selfs begin twyfel of dit die moeite werd is om Jahwe te dien. Maleagi moet nou die stryd aanknoop teen hierdie skeptisisme. Om dit te doen word die sondes van beide die priesters en volk tot openbaring gebring en dit moet uitgesuiwer word. Hy eis in sy boodskap 'n opregte hartsverandering, want dit is die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

absolute eis vir die koms van die Messias. Maleagi se probleem is geen nuwe probleem nie, maar die eeu-oue vraagstuk: waarom sal heidense volke triomfeer ten koste van die volk van God? Die volle seën sal kom met die dag van die Here wanneer daar met die goddelose afgereken word en vir die regverdiges sal die son van geregtigheid opgaan (hoofstuk 4:1-2). Voordat hierdie dag van die Here aanbreek en voordat die profesie in die Ou Testament afsluit, moet nog eenmaal die oordele van God aangekondig word. Miskien sal die volk berou kry en hulle bekeer. Nog eenmaal moet die leiers van die volk gewaarsku word en die volk teruggeroep word na die wet van Moses (hoofstuk 4 :4-6). Na hierdie profesie, sal die profetiese woord swyg en God sal nie weer tot sy volk spreek nie, totdat "Elia" sal verskyn en daarna die Messias (hoofstuk 4:5-6).

Hierdie boodskap van Maleagi word nog in ons dae deur die Gees as 'n instrument gebruik om die gelowiges te waarsku, regeer en vertroos. So is hierdie boek al die eeue heen gebruik. Van die dae van Onse Here Jesus af volgens hoofstuk 3:1 met Matteus 11:10, Markus 1:2, Lukas 7:27; en 'n Paulus volgens hoofstuk 1:2,3 met Romeine 9:13, word dit deur die kerk gebruik en toegepas. Voorwaar 'n boek tot troos, vermaning en oproep tot bekering in donker dae. (Smith, 1967:15).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**2.2.7. Die oorkoepelende tema van die boek Maleagi.**

In hierdie gedeelte blyk dit dat daar verskillende sienings aangaande die inhoud van die teks is ten einde 'n oorkoepelende tema van die boek Maleagi te bepaal. Beide Redditt (1995:155) en O'Brien (1987) in haar studie lê klem op die tema van die ongehoorsaamheid van die priesterskap in die boek Maleagi. Hulle meld dat Maleagi sy roeping as profeet om vernuwing aan te kondig volgens God se opdrag, tot die letter uitvoer. Daar word ook nêrens bespeur dat Maleagi enigsins as profeet antagonisties was teenoor sy unieke roeping nie. Reddit (115:156) verwys na hoofstuk 4:4-6 om sy standpunt te rugsteun, waarin die priesters herinner word om die wet van Moses aan die volk voor te hou, verder dat hulle die volk moet aanmoedig om die komende Dag van Jahweh in oë moet hou, wanneer God die wie getrou is, sal vergoed en die wie volstaan in hul sonde sal straf. Glazer-McDonald (1987) sowel as Goddard (1960) stem nie saam met O'Brien (1987) dat die boek Maleagi soos wat sommige wou voorgee, soseer fokus op die ongehoorsaamheid van die priesters nie. Beide Glazer-McDonald (1987) en Goddard (1960:385) betoog

dat die boek se ingesteldheid die klem laat val op die profeet Maleagi en sy roeping en nie bloot poog om die priesters in diskrediet te bring nie. Daar word melding gemaak van die interaksie tussen die hoofkarakters in die boek Maleagi naamlik God, die profeet en God se volk. Daarin dat God as hoof Karakter, die profeet Maleagi as tweede karakter oproep om ŉ bepaalde boodskap aan die volk van God as die derde karakter, moet oordra. ŉ Derde bron, Kaiser (1984: 202) benader die inhoud van die teks vanuit ŉ heel ander perspektief. Vir hom gaan die boek Maleagi oor die onveranderlike liefde van God. God roep die profeet op om aan die volk te sê dat hulle na Hom terug moet keer sodat Hy opnuut sy liefde aan hulle kan betoon.

Al hierdie bydraes is aanloklik, goed deurdink en beredeneer, maar wat insiggewend is, is die feit dat die benadering vir ŉ sentrale of oorkoepelende tema in die drie bronne, soos aangehaal, almal van mekaar verskil. Persoonlik sou ek my wou skaar aan die kant van Kaiser (1984) wie die opinie huldig dat die boek Maleagi handel oor die onveranderlike liefde van God. Dit gesê teen die agtergrond dat die doel van Maleagi se boodskap was om deur vermaning en bestraffing die volk op te roep om hulle tot God te bekeer, dié God aan wie hulle eerbied verskuldig is op grond van sy onvoorwaarlike liefde. As motivering sou ek Maleagi 4:1,2 as kernvers identifiseer: "Die dag kom en hy brand soos ŉ oond. Dié wat teen God in opstand is, almal wat verkeerd doen, sal die kaf wees, en hulle sal verbrand word deur die dag wat kom, sê die Here die almagtige ... Maar vir julle wat eerbied het vir my naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vrygemaakte kalwers."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**2.2.8. ŉ Eksegetiese ontleding van Maleagi 3:6-12**

Vir die doeleinde van hierdie tesis wat handel oor die gee van tiendes, gaan ek slegs fokus op die vyfde deel van die boek, naamlik hoofstuk 3:6-12 volgens Kaiser (1984:178) en Alden (1985:724) se indeling. Soos reeds vermeld, hou beide skrywers voor dat die vyfde deel fokus op "die gehalte van die godsdiens van die volk" waar veral "die gee van tiendes" wat in dié gedeelte ter sprake kom as tema behandel word. Baldwin (1972:245) stem met hulle saam en en voeg by dat die gedeelte behandel die beginsel waarin God as regverdig voorgehou word en dus aan Israel die geleentheid gee om van hul verkeerde wee te bekeer. Redditt (1995:154) is van mening dat die spesifieke gedeelte handel oor die verbrokkelende vehouding

tussen God en Israel, nie dat God enigsins ‘n bygedrae tot hierdie benarde situasie gelewer het nie, maar tog as gevolg van Sy liefde vir Sy volk, bereid is om hulle te vergewe indien hulle aan Sy oproep om te bekeer, gehoor gee.

Hoofstuk 3:6-12 word verder deur Fretheim (1997:204) as ‘n parallel met die van hoofstuk 2:10-16 beskou. Daarin dat hy eersgenoemde teksverwysing as ‘n oordeel van ontrouheid teenoor God in terme van die gee van tiendes en offers beskou en laasgenoemde teks as ontrouheid in die huwelik as ‘n gruwel in God se oë beskou. Fretheim (1997:204) is ook van mening dat die teks behandel drie aspekte naamlik: (1) verse 6-7b ‘n oproep to bekering (2) verse 7c-11 aanmaning en uitdaging tot verandering van hart (3) vers 12 seëning wat volg op positiewe hartsverandering. Die gedeelte spreek die volk in sy geheel aan, dit is die priesters, Leviete en veral diegene wie hulslf aandadig maak aan dit (met verwysing dat teindes en offers wat van God weerhou word) wat ‘n gruwel is in die oë van God.

Hill (1988:294) wie nie noodwendig met Kaiser (1984); Alden (1985) en Baldwin (1972) ten opsigte van die ontleding van Maleagi 3:6-12 verskil nie, maar veral sterk oorleun na dit wat Frethein (1997) voorhou, dui aan dat dit blyk asof daar ‘n bepaalde patroon is waarin die gegewe verse saamgestel is. Hy ontleed dit as volg –(1)

verse 6, as die eerste vers in die perikoop dien as inleiding -
teenoor vers 12, as die laaste vers wat as ‘n slot dien

(2) vers 7, as die twee vers in die perikoop dien as ‘n oproep tot bekering –
teenoor verse 10-11, as voorlaaste verse wat as belofte van seëninge dien

(3) vers 8, as die derde vers in die perikoop dien as die aard van beskuldiging “God beroof” –
teenoor vers 9b, as die derde voorlaaste gedeelte van die vers wat op presies dieselfde aspek fokus naamlik aard van beskuldiging “God beroof”

(4) vers 9a, as die sentrale vers in die perikoop wat verwys na ‘n vloek op die volk as gevolg van hu;lle oortreding

Verhoef (1987:177) gee ‘n soortgelyke ontleding van Maleagi 3:6-12 in terme van die indeling van die gegewe verse. Die verskil tussen die twee is dat hy egter ‘n verdere onderverdeling van elke vers weergee. Volgens hom word die perikoop in twee verdeel met ‘n soortgelyke verhouding tussen die twee gedeeltes. Verse 6 tot 9 vorm

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

die eerste gedeelte en verse 10 tot 12 vorm die tweede gedeelte. In die eerste gedeelte word verse 6 as inleiding beskou wat meld dat God het nie verander nie Vers 7a meld dat dit Israel is wat oponhoudelik God se voorskrifte verontagsaam het. Vers 7b weergee die sleutel tot die verhouding tussen God en Israel waarin God dit aan hulle voorhou dat indien hulle tot Hom terug keer, Hy na hulle sal terug keer. Verse 8 tot 9 dui aan dat die Israel God beroof deur hul tiendes en offers te weerhou en dat daar dus ‘n vloek op hulle rus. Die tweede gedeelte begin met vers 10 waarin God ‘n oproep aan Israel rig om hul tiendes na Sy skatkis te bring en dus daardeur hulself tot Hom te bekeer. Vers 11 weer gee ‘n belofte deur God aan Israel indien hul gehoor gee aan sy oproep. Vers 12 dien as slot vir die tweede gedeelte waarin God sy seën oor hul uitspreek wat dui op die herstel van die verhouding tussen Hom en sy volk as kenmerk van sy onuitputlike liefde vir sy volk. Verhoef (1987:177) meld dat hierdie twee gedeeltes is die toonbeeld van ‘n situasie waar daar bekering van verkeerde weë en herstel van verbrokkelende verhouding tussen God en sy volk is. Hill (1988:294) wie se weergawe met die van  Verhoef (1987) ooreenstem meld dat Maleagi 3:6-12 gee hoop aan die teruggekeerde bannelinge en lê klem op die karakter van ‘n God wie aan sy volk ‘n tweede kans gee. Die tweede kans moet egter gesien word in die konteks waarin God nie sonde kondoneer nie, sy volk oproep tot bekering van hul verkeerde wee, sy straf indien hulle sou volhard met hul sonde, aankondig maar ook sy liefde wat grooot genoeg is om te vergewe.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Polaski (1976:416) het die vyfde deel (met verwysing na Kaiser:1984 en Alden:1985 in paragraaf 2.2.6.) soos volg, verder in vyf gedeeltes onderverdeel:

(1) verse 6 tot 7b met verwysing na “’n onveranderde God”
(2) verse 7c tot 8 met verwysing na “waarvan word God deur sy volk beroof”
(3) vers 9 met verwysing na “God se vloek”
(4) verse 10 tot 11 met verwysing na “’n uitnodiging tot bekering”
(5) vers 12 met verwysing na “die seëninge van gehoorsaamheid”

Polaski (1976) se indeling sal as maatstaf gebruik word om ŉ meer indiepte betekenis en insig van elkeen van genoemde vyf gedeeltes te kry.

As ŉ algehele inleiding tot Maleagi 3:6-12 meld Glazer-McDonnald (1987:172) en Isbel (1980:63) dat dit is duidelik dat hierdie hele perikoop rondom die verbondsgedagte geweef is. Die volk was van mening dat die heersende rampspoed

op landbougebied ŉ uitdruklike bewys was dat Jahwe ontrou geraak het aan sy verbond. Hierteenoor toon Jahwe egter hulle volgehoue ongehoorsaamheid aan sy verbodsbepalings aan, soos byvoorbeeld, die versuim in die verpligte bydraes vir die onderhoud van die tempelpersoneel. Eerder by hulleself moes die oorsaak vir die heersende rampspoed gesoek word. Verbondseën volg alleenlik op verbondgehoorsaamheid. Daarom is die enigste oplossing vir die teenspoed om terug te keer na Jahwe en na verbondsgehoorsaamheid. Alleen so sal die verbondsvloek verander in verbondseën, naamlik oorvloedige reën, afweer van die sprinkane, ŉ goeie wynoes en ŉ land van welbehae.

Om ŉ objektiewe en gebalanseerd insig te kry oor die interpretasie van elkeen van die vyf bogenoemde gedeeltes, is die volgende bronne: Hill (1988:291); Ogden (1987:103); Snyman (1995:46); Taylor (2004:411) en Verhoef (1987:297) tesame met die van Polaski (1976:416) geraadpleeg. Onderstaande is dus ŉ samevatting van die bronne wat geraadpleeg is -

- verse 6 tot 7b: "*Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het julle nie te gronde gegaan nie, nageslag van Jakob. Van julle voorvaders se tyd af het julle van my voorskrifte afgewyk en nie daarvolgens geleef nie. Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige.*"

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die Here reageer deur die profeet op ŉ onuitgesproke vraag: As dinge sleg gaan, lê die oorsaak by God?; het God nie dalk verander nie?; lê die oorsaak vir God se volk se haglike omstandighede by God? In hierdie gedeelte vind ons ŉ besliste, nee antwoord; die Here het nie verander soos wat hulle dink nie. Die bewys dat God nie verander het nie, is te bespeur in Israel omdat God sy belofte trou nagekom het en hulle nog nie te gronde gegaan het nie. Want, as die Here sou verander het, sou hulle te gronde gegaan het. As die Here enigsins minder betroubaar was, minder genadig, minder liefdevol, minder geduldig, as Hy enigsins sou verander het, sou hulle nie meer kon bestaan het nie. Die ironie van die saak is dat dit nie net die Here is wat nie verander het nie; Israel, God se volk, het ook nie verander nie. Want, die Here was onveranderlik trou aan sy volk van die tyd van Jakob af en die volk was onveranderlik ontrou aan die Here. Jakob se bloed loop in Israel se are. Dit is nie die Here wat verander het nie, dit is God se volk wat moes verander en dit toe nie gedoen het nie. Die onveranderlike trou van die Here is duidelik uit die soveelste oproep tot bekering, verandering, wat nou weer tot die volk kom. Soos God se volk

afgewyk het van die voorskrifte van die Here, so word hulle nou opgeroep om terug te keer na die Here toe.

- verse 7c tot 8: *"Maar julle vra: 'Waarom moet ons ons bekeer?' Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes."*

Wat 'n mens in die gedeelte verstom is die reaksie van die volk van God: "Waarom moet ons ons bekeer?" Hulle maak asof hulle nie sonder God leef nie. Soos reeds vermeld in verband met die interne historiese omstandighede: "Hierdie toestand skep 'n moedelose gees onder die volk en goddeloosheid tree vinnig na vore ... Selfs die priesters word troueloos en onverskillig (hoofstuk 1:12-13) en gee nie die regte onderrig nie (hoofstuk 2:7-8)." God se volk het onsensitief geraak vir 'n verhouding met die Here. Hulle het vergeet dat die egtheid van hul verhouding met die Here wys in die egtheid van hul aanbidding van die Here, en die nakom van God se verordeninge. Daar was duidelike wetgewing van die gee van tiendes en offergawes as deel van hulle aanbidding as 'n verordening deur God aan sy volk (Levitikus 27:30-32; Numeri 18:21-24,26- 28 asook Deuteronomium 12:5- 6,11,17 en Deuteronomium 14:22-23) Hierdie verordening was gegee as besonderse bepalings van die verbond tussen God en sy uitverkore volk. Dit het ook gedien as die basiese beginsels waarin God sy volk oproep om 'n heilige lewe te voer. Dit is presies hier waar die profeet die volk skerp aanspreek. Die aanklag teen die volk is dat hulle die Here beroof. Die wyse waarop hulle die Here beroof, is in die gee van die tiendes en die offergawes. Die gee en bring van tiendes en offergawes na die heiligdom was vir die volk van God 'n belydenis dat die hele oes, al hulle vee, hulle totale inkomste eintlik van die Here af kom. Wanneer die volk dus hulle tiendes gee, is dit nie iets wat hulle aan God as 'n geskenk gee nie, maar 'n wyse waarop hulle God dank en hul eer betoon vir dit wat hulle van God, as alleeneienaar, ontvang het. Dit bevestig verder die verhouding tussen wat God aan sy volk gee teenoor dit wat God van Sy volk vra: God gee een honderd persent aan sy volk teenoor tien persent wat God van sy volk vra. Die aanklag deur die profeet aan die volk is dus geregverdig: hulle beroof God met hul tiendes ten spyte van die voordeel wat hul uit God se genade ontvang.

- vers 9: *"Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle my beroof; die hele nasie doen dit."*

Die profeet hou aan die volk voor dat wanneer hulle van die tiendes van die Here weghou, beroof hulle nie net die Here nie, maar hulle beroof eintlik hulleself ook van die seën van die Here. Die teendeel is waar: wie nie die seën van die Here ervaar nie, ervaar sy vervloeking. In hierdie bepaalde vers is daar ŉ woord wat van nader bekyk moet word, naamlik: "nasie" om die konteks van dit wat die profeet eintlik aan God se volk sê, te vertaan. Israel as God se volk word hier aangedui as "nasie." In die algemeen word na die ander volke, die mense wat die Here nie ken nie en wat nie deel is van die verbond van die Here nie, verwys as "nasies." Nou word Israel "nasie" genoem. Dit insinueer dat Israel op een vlak met die nasies is; hulle het hulle andersheid verloor, hulle is maar soos die ander volke wat nie in ŉ besonderse verhouding met die Here leef nie. Dit is dus die vloek wat alreeds op God se volk rus, ŉ vloek wat ontstaan het as gevolg van die feit dat hulle aanbidding, deur die gee van tiendes, gebrekkig geword het.

- verse 10 tot 11: *"Bring die volle tiende na die voorraad kamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets my of ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle sal kan gebruik nie. Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige."*

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Na die donker wolk wat oor die koppe van God se volk hang, op grond van dit wat teenoor hulle uitgespreek is in die vorige gedeelte, kom daar ŉ skerp lig deur wat nuwe hoop aan Israel gee. God maak sy hart weereens vir Sy volk oop; Hy openbaar deel van sy karakter aan hulle as ŉ God wat betroubaar is, genadig is, liefdevol is, en geduldig is. God staan weereens gereed om hulle te seën. Dit is God se wil om te seën eerder as om te vervloek. In hierdie gedeelte nooi God Israel uit om dit te waag om Hom te vertrou. Hy nooi Sy volk uit om dit te waag om hulle vertroue in Hom te plaas, terug te keer na Hom toe en opnuut sy verordeninge na te kom – in die gee van tiendes as ŉ wyse van aanbidding. God nooi sy volk opnuut om te ervaar hoedat Hy hulle wil seën. Dit was nie God se bedoeling dat Sy uitnodiging verkeerd vertolk of dat die uitnodiging misbruik moes word deurdat Sy volk Hom sou manipuleer om sy seën oor hulle af te dwing nie. Die uitnodiging is nie ŉ onderhandeling of saketransaksie wat Sy volk moes onderneem nie. Die uitnodiging is uitsluitlik en eksklusief om hulle te bekeer sodat hulle die seën wat God hulle belowe het, ten

volle kon ervaar. Dit is Sy wil dat sy volk in ŉ egte verhouding met Hom moet lewe en Sy verordeninge nakom. Die profeet stel dit onomwonde wat die seën is wat God oor hulle wou uitstort indien hulle hulleself tot Hom sou bekeer. Soos reeds in verband met die interne historiese omstandighede gemeld is: "Die werklikheid was teleurstellend ... terug gekeer na Palestina om te vind dat die lewe swaar is. Hulle vorm ŉ klein distrik van die magtige Persiese ryk ... Die land is rotsagtig en onvrugbaar ... word daar duidelik gemerk dat hulle swaar kry om liggaam en siel aan mekaar te hou ... daar is allerlei teëspoed. Daar is droogtes en sprinkane, misoeste en mislukkings." Die seën vir die volk waarna die Here verwys was reën, die beëindiging van peste en goeie oeste. Voldoende reën in ŉ semi-woestyn gebied, goeie oeste en die afwesigheid van peste en plae was nie luukses nie, dit was letterlik lewensnoodsaaklik.

- vers 12: *"Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in ŉ begeerlike land woon, sê die Here die Almagtige."*

Eers wanneer Israel as volk van God gehoor sou gee aan Sy pleidooi, sal die ander nasies hulle as gelukkige mense beskou. Verder sal hulle as volk van God in ŉ begeerlike land woon. Israel sal gelukkig wees wanneer hulle hulleself bekeer en in verhouding met God se verordeninge lewe. Hulle sal ook as gevolg van die feit dat hulle terug gekeer het na God, die inhou van elke dag as seën van die Here ervaar.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Benewens die interpretasie van die vyf bogenoemde gedeeltes, gee Alden (1985:726); Petersen (1995:212) en Schuller (1996:869) die sleutel woorde in elke gedeelte om ŉ dieper kennis van die betekenis van die gedeeltes te weergee:

- verse 6 tot 7b:
  - "Ek, die Here ..." verwys na die verbondsnaam van God aan sy volk volgens Exodus 6:3, die Naam wat bevestig dat God getrou is en Sy beloftes gestand hou.
  - "... nageslag van Jakob." verwys na God se verbond met die aartsvader van wie Israel ŉ afstammeling is.
- verse 7c tot 8:
  - "... beroof ..." verwys letterlik na bedrieg. God se voorskrifte vir die aanwending van die tiendes volgens Levitikus 27:30-33; Numeri 18:26-

28; Deuteronomium 12:18 en Deuteronomium 14:28,29 word doelbewus verontagsaam.

- vers 9:
  - "... vloek ..." verwys na die weerhouding van God se seëninge wat hy oor sy volk wil uitstort, as gevolg van die tiendes en offers wat in elk geval aan God behoort, deur die volk weerhou word.
- verse 10 tot 11
  - "... voorraadkamer ..." verwys na die kamers wat aan die tempel aangebou was volgens 2 Kronieke 31:11
  - "... toets My hierin ..." verwys ook na 2 Kronieke 31:10, waar die volk hul offergawes na die huis van die Here geneem het, en die Here die volk geseën het, daarin dat daar genoeg was om te eet en daar steeds 'n massa goed oor was.
- vers 12
  - "... gelukkige mense ..." verwys na God se beloftes indien sy volk gehoor gee aan sy opdrag, volgens Deuteronomium 33:29 en Sagaria 8:13.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Gegee die eksegetiese ontleding van Maleagi 3:6-12 sien ons dat die profeet se boodskap 'n paar fundamentele beginsels met verwysing na die aspek van gee aan die lig bring. Daar is veral drie aspekte waarop daar klem gelê kan word, naamlik: (1) gesindheid teenoor eiendom (2) gesindheid teenoor God (3) gesindheid van gee teenoor jou naaste. (1) Gesindheid teenoor eiendom. Die aksie van die volk gegee die eksegetiese ontleding, dui op beroof. Achtemeier (1986:188) meld dat die volk se gesindheid wat hulle gedemonstreer het, daarin dat hulle hul tiendes en offers weerhou het, dit daarop neerkom dat hulle die eienaars van hul besittings is. Hulle gesindheid teenoor eiendom demonsteer nie dat hulle rentmeesters, toesighouers van God se eiendom – wat hulle namens Hom moet bestuur, was nie. Dus, weerspieël hul gesindheid die eienskap van eiendom wat aan hulle behoort, daarom het hulle die reg om daarmee te doen wat hul wil, en het dus nie nodig om gehoor te gee aan God se voorskrif, om 'n bepaalde gedeelte aan God terug te gee nie. Wat sake egter erger maak, blyk dit volgens hoofstuk 2:1-9 dat hulle boonop die beste van hul oes vir hulself gehou het en die oorskiet aan God gewy het. Dit is duidelik te bespeur in die profeet se uitspraak, dat die volk se gesindheid teenoor eiendom

verkeerd was en ook as sondig beskou word. Die Bybelse beginsel dat die aarde en die volheid daarvan aan God behoort moet ten alle tye handhaaf word, ook in die mens se gesindheid teenoor dit wat hul in die lewe bekom het. Deur ‘n gesindheid te openbaar soos die wat die volk van God in Maleagi te tydperk gedemonsteer het, sal dieselfde gevolge het, daarin dat die verhouding tussen God en mens sal verbrokkel. Selfsugtige neiging sal noodgedwonge daartoe bydra dat God sy seëninge sal onttrek. (2) Gesindheid teenoor God. Dit is ‘n Bybelse waarheid, volgens Carpenter (1962:231) dat God se gesindheid teenoor die mens nie sonder rede verander nie. Dit gebeur slegs wanneer die mens God se wette en verordeninge verontagsaam. Deur nie aan God te gee wat Hom toekom nie, hetsy dit op materiele gebied of in aanbidding is, weerspieel ‘n mens se ongeloof in God. Geen geloof, of bietjie geloof in God dui weer op die mens se gesindheid wat hul teenoor God openbaar. Soos in die geval van ‘n mens se verkeerde gesindheid teenoor eiendam, kan ‘n mens ook nie seëninge van God verwag, indien jou gesindheid teenoor God verkeerd is nie. Wat egter insiggewend is in die profeet se uitspraak teenoor die volk as gevolg van hul verkeerde gesindheid teenoor God, is die feit dat ongeloof - en klein geloof in God lê ‘n fondasie vir geen – of klein seëninge. Owen (1989:215) is egter van mening dat die punt wat die profeet egter aan die volk wil tuisbring, is dat indien hul gehoorsaam is aan hul gee aan God, dit wat Hom toekom, hul in oorvloed voorspoedig kan wees. (3) Gesindheid teenoor jou naaste. Harrel (1953:89) is van die opinie dat  dat daar ‘n korrelasie is tussen gesindheid van gee teenoor God en ‘n gesindheid van gee aan jou naaste. Hy verwys na die profeet wie die volk oproep om hul tiendes en offers na Sy skatkis te bring. Dit is juis vanuit die skatkis, gegee die definisie van skatkis in die Maleagi teks, dat diegene wie in diens van God was, asook die wees, weduwees en armes gehelp was. In dieselfde konteks kom dit dus daarop neer dat indien ‘n mens niks oor het om aan God te gee nie, ‘n mens nog minder sal hê om aan jou naaste te gee. Dit is egter veral dié aspek van gee, gee aan jou naaste, wat gestalte gee aan die konsep van rentmeesterskap van eiendom. Verhoef (1987:303) gee ‘n insiggewende samevatting oor die aspek van gee. Hy bring letterlik die doel van die hele profetiese boek by ‘n fokus punt. Hy fokus op die priesters, wie onderrig aan die volk moet gee, die Leviete wie ‘n voorbeeld aan die volk moet stel, en ook die volk in geheel. Daarin dat hy meld dat die profeet ten doel gehad het om almal tot orde te roep.  Die orde van die dag is die gesindheid waarmee hulle God dien, die gesindheid waarmee hulle God se verordeninge nakom

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

asook die gesindheid waarmee hul verhouding teenoor God en hul medemens demonstreer.

Young & Baldwin (1988:713) se beidra tot Maleagi 3:6-12 kan as samevatting gebruik word. Hulle meld dat daar ŉ klemverskuiwing is van die vorige hoofstuk, waarin daar klem gelê word op die tekortkominge in terme van die priesterskap, na die tekortkominge van die hele nasie van Israel. Die aangeleentheid wat in Maleagi 3:6-12 aangespreek word is die status van Jahwe, daarin dat die volk opgeroep word om hulself te weerhou om God se regmatige tiende wat die volk aan Hom verskuldig is, te steel. Die gedeelte begin met verwysing na die familie, waarna hul aandag gevestig word op hul voorvaders. Die volk word attent gemaak op die diepte van hul ongehoorsaamheid, met verwysing na hul voorvaderlike geskiedenis wanneer dit aangehaal word. Die gedeelte begin met ŉ oproep aan die volk tot gehoorsaamheid en lei na God se toekomstige planne vir hulle. Dit gaan dan verder waar die boodskapper God se vloek aankondig indien hulle nie gehoor gee aan God se versoek nie en stel ŉ plan van reiniging, wat daarin bestaan dat hulle aan God hul dankbaarheid moet betoon deur die gee van tiendes. In die laaste gedeelte van die teks onder bespreking, belowe God dat Hy hulle as volk wil seën asook hul aansien tussen ander nasies wil bevestig. In samevatting demonstreer God dat, ten spyte van al die probleme en streng taal, Hy hul God is wat gehoorsaamheid eis – deur die mag van Sy naam.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**2.2.9. Samevatting**

In samevatting van die eksegetiese oefening van die boek Maleagi ontdek ons dat die volk van God gedink het dat hulle die Here aan die lewe gehou het met hulle tiendes. Hulle het nooit besef dat God húlle aan die lewe gehou het nie. Die feit dat hulle nie tiendes gebring het nie, het ŉ soort lewensingesteldheid weerspieël waarin hulle hulself as die eienaars van hul besittings beskou het. Hulle tiendes, met ander woorde hulle lewe, was nie meer ŉ geloofsbelydenis nie, maar het in die teken van ongeloof gestaan. Hierdeur kom God eintlik vir hulle sê dat Hy wou hê hulle moes Hom erken en daarvan bewys lewer dat hulle van Hom afhanklik was. Dat alles wat hulle gehad het, van Hom af gekom en aan Hom behoort het. Dat alles wat ŉ mens is en het, net genade is. Hulle het vergeet dat hulle in God se diens was. Hulle het begin dink dat God in hulle diens was. Dit was nie dat hulle hulle somme verkeerd

gemaak het nie; hulle het van God weggedryf en in die proses hul eie base geword. Hierdie idee word in Maleagi 3:13 bevestig: "Julle het vermetele dinge oor My kwytgeraak, sê die Here. Julle het gesê: 'Dit is nutteloos om God te dien.'" Juis daarom word hierdie gesprek tussen God en sy volk ingelei met die woorde: "Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe." God vra nie van hulle om hul somme reg te maak nie. Hy vra hulle by uitstek om hulle te bekeer. Hy wou hulle laat besef dat hulle van Hom afhanklik is. Anders gestel: God het eintlik vir hulle gevra om aan Hom bewys te lewer van hulle erns met hulle geloofslewe. Die teken of simbool daarvan, soos dit vir hulle bekend was, moes aan God gebring word. Die tiende soos deur God ingestel, wat deur Sy volk in versuim gebly het om na te kom, was dus 'n simbool dat hulle hul rug op Hom gedraai het (Polaski: 1976:417).

Die tesis verwys na "Die relevansie vir die gee van 'n tiende as Bybel-Teologiese Rentmeesterskap." Boice (1986:253) maak 'n waardevolle bydrae tot hierdie onderwerp. Hy argumenteer dat die boek Maleagi juis aan sy lesers voorhou dat in teologie die leerstelling van God se onveranderlikheid onbetwis bewys word. Om sy stelling te staaf hou hy die volgende argument voor; volgens die profeet was die volk skuldig aan ernstige sonde. Die priesters het onrein diere as offers in 'n formele maar tog nie-toegewyde geeslike ritueel gebring. Van die mans het hul vrouens geskei om met heidense vroue in die huwelik te tree. Menigte van die volk het God se verordeninge verontagsaam deur hul tiendes van hul oeste te weerhou. Verder het die volk die vermetelheid gehad om God daarvan te beskuldig dat Hy hulle nie meer lief het nie, asook onregverdig met hulle handel omrede Hy hulle nie voorspoedig gemaak het nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat God deur sy mondstuk, die profeet Maleagi spreek en sê: Ek het nie verander nie. Dit dui op God se perfekte karakter – Hy het nie en kan ook nie verander nie. In teendeel, dit is die volk wat veranderlik is, wie hul rug op Sy liefde draai, net soos wat hul voorvaders gedoen het.

My mening vanuit die eksegetiese ontleding van die boek Maleagi, is dat die God aan sy volk wou voorhou dat hul tiendes en offers aan Hom nie van hul persoonlik voorspoed afhanklik moet wees nie. Die selfde beginsel geld nog vir die gelowige in die hedendaagse tyd. 'n Mens mag nie beplan om aan die Here terug te gee na die mate waarin Hy jou seën nie. 'n Mens moet gee soos jy verskuldig is in die vertroue dat die Here ook vir jou sal sorg. Ons gawes mag nooit die instrument word waardeur

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

ons God se arm probeer draai nie. Ons moet hoofstuk 3:10 ook nie so verstaan dat ons voorspoed van God kan koop nie. Wat gevra word, is volkome vertroue in God se sorg. Ons mag nooit met God 'n handelstransaksie aangaan nie. Hy is die Here die Almagtige, wat ver bo verwagtinge en verdienste gee volgens hoofstuk 3:11-12. Dus gaan Maleagi 3:10 wat so dikwels aangehaal word om die gee van tiendes in die hedendaagse tyd te promoveer, en self te regverdig, veel dieper. Dit is dus my persoonlik opinie dat genoemde teks nie eksklusief gaan oor die gee van tiendes nie, maar oor Israel se gehoorsaamheid teenoor, en verhouding met God wie hul liefhet en in hul behoeftes voorsien.

As verdere motivering vir my argument verwys ek graag na die Ou Testamentiese gebruik van die offers van diere. Hierdie gebruik, die offers van diere was ook as 'n instelling deur God daar gestel volgens Eksodus 25:1-7; 29:27-28. Dit was ook as heilig vir God bestempel. Volgens Eksodus 25; 29 saam gelees met ander teks verwysing naamlik Levitikus 22:2-3,12,15 en Numeri 5:9; 15:17-21 onder andere, was die offers ook aangewend vir die oprigting en onderhoud van die tabernakel en later vir die tweede tempel (Esra 8:25). Indien die gee van tiendes in die Nuwe Testamentiese era slaafs nagekom moet word, met verwysing na die Maleagi teks, moet dieselfde beginsel van die offers van diere ook nagekom word. Die twee Ou Testamentiese voorskrifte en gebruike staan nie los van mekaar nie, inteendeel word dit in dieselfde konteks van Israel tenakoming van God se verordeninge, veral in die Maleagi teks, aangehaal.

Hieruit afgelei, is daar nie vir my genoegsame bewys dat die getal tien, in terme van die gee van tiendes, vanuit die Maleagi teks as maatstaf gebruik kan word om dit afdwingbaar op die hedendaagse gelowige te maak nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 2.3. ʼn STUDIE VAN DIE OU TESTAMENTIESE TEOLOGIE RONDOM TIENDES

Die woord tiende het sy ontstaan in die Ou Testament. Dit is dus van kardinale belang om ʼn oorsig te gee van die Ou Testament teologie rondom tiendes. Ten einde dit te vermag gaan daar gefokus word op -

- die verskillende eras waartydens daar tiendes in die Ou Testament gegee is,
- die metamorfose van tiendes in die Ou Testament,
- die hantering en aanwending van tiendes in die Ou Testament

### 2.3.1. Die eras waartydens daar tiendes in die Ou Testament gegee is

Volgens Hess (1992:9) kan die tema van tiendes in die Ou Testament in drie dele onderverdeel word, naamlik: (1) tiendes voor die "Wet van Moses"; (2) tiendes soos geïnkorporeer in die "Wet van Moses"; en (3) tiendes na die "Wet van Moses." Vervolgens gaan ek hulle afsonderlik onder die verskillende hoofde bespreek.

(1) Tiendes voor die era van die "Wet van Moses"

Hess (1992:9) meld dat gedurende die era van "tiendes voor die Wet van Moses", die gee van tiendes in verband gebring word met die volgende drie Bybelse figure: Abel, Abraham en Jakob.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- <u>Abel</u>

  In die eerste Bybelse figuur huldig Hess (1992:10) die opinie volgens Genesis 4:2-5, dat God die offer wat Abel aan Hom gewy het aanvaar het en die offer van Kain verwerp het. Hy voer as redes aan dat (a) Abel ʼn dier geoffer het teenoor Kain se opbrengs van sy oes, (b) Abel die beste dier van sy kudde geoffer het, wat dus op die kwaliteit van die offer gedui het (c) Abel se offer was van die eersteling uit sy kudde wat op ʼn tiende gedui het. Die Nuwe Testament gee insig in die verband omrede dit volgens Hebreërs 11:4 na Abel se offer verwys wat in geloof gegee was.

Persoonlik het ek ʼn probleem met Hess (1992) se benadering met verwysing na Abel wie ʼn tiende aan God gewy het. My argument is gebaseer op die feit dat, indien Kain se offer afgekeur was op grond van die feit dat hy van die opbrengs van sy oes aan God gewy het, is dit teenstrydig met met Numeri 15:4; Deuteronomium 14:2,23; 26:13 en 2 Kronieke 31:5 waar daar afsonderlik verwys word na die gee van tiendes

vanuit die opbrengs van oes. Tweedens, dui die eersteling uit Abel se kudde nie noodwendig na ŉ tiende van sy vee nie. Laastens, die teks verwysing na Hebreërs 11:4 verwys na Abel se geloofsdaad in die gee van sy offer en nie noodwendig na ŉ tiende van sy kudde nie. Dus, kwalifiseer Abel nie, volgens my opinie, om as Bybelse figuur, wie tiende van sy kudde aan God gewy het nie, aangehaal te word nie.

- Abraham

  Daar is reeds in paragraaf 2.1.3. breedvoerig verwys na Abraham wie volgens Genesis 14:20 ŉ tiende van alles vir Melgisedek gegee. Beide Davis (1987:87) en Hess (1992:10) bevestig dit wat reeds gesê was, naamlik dat Abraham ŉ tiende van die buit as offer en toewyding aan die Allerhoogste God aan Melgisedek as priester gegee het as ŉ teken van aanbidding en dankbetuiging.

- Jakob

  Soos in die geval van Abraham, is daar ook in dieselde paragraaf in diepte verwys na die derde Bybelse figuur naamlik Jakob. Soos in die geval van die eerste Bybelse figuur, is beide Brueggemann (1982:246) en Whartenby (1991:404) van die opinie dat Jakob as Bybelse figuur, in terme van die gee van tiendes, nie as voorbeeld gebruik kan word om gelowiges in die hedendaagse era aan te moedig tot dié gebruik nie. Daarin dat dit baie duidelik blyk dat Jakob slegs bewus was van die gebruik van die gee van tiendes, dat hy wel onder bepaalde omstandighede ŉ belofte aan God in die verband gemaak het, maar interessant, blykbaar nooit persoonlik sy belofte nagekom het nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Samevatting

Daar is heelwat argumente oor die gee van tiendes voor die Wet van Moses periode. Verhoef (1974:122) meld dat die drie gevalle waar die gee van tiendes wel gemeld word, geïsoleerde gevalle was. Daar is ŉ stilswye oor of dit ŉ algemene praktyk of instelling was, al dan nie. Hoe dit ook sy, argumenteer hy dat dit nie noodwendig ŉ probleem hoef te wees nie, aangesien daar ook ander instellings was, byvoorbeeld die besnydenis, wat bestaan het en later deel van God se verordening geword het wat van toepassing was op God se volk.

Gegee die verwysing na die drie genoemde Bybelse figure, is ek van mening dat daar nie genoeg substansie is om die gee van tiendes voor die era van die wet van Moses as voorbeeld te gebruik nie. Inteendeel, is ek verder van die opinie dat veral die Bybel figuur naamlik: Jakob glad nie as Bybelse rolmodel aangehaal behoort te word om gelowiges in die hedendaagse era te motiveer om ŉ tiende van hul inkomste aan die kerk te gee nie.

(2) Tiendes gedurende die era van die Wet van Moses

Soos reeds vroeër in die tesis vermeld (paragraaf 2.1.2.), is daar drie skrifgedeeltes wat verband hou met die gee van tiendes gedurende die era van die "Wet van Moses", naamlik: Levitikus 27:30-33; Numeri 18:21; en Deuteronomium 14:22-29.

- Die Levitiese Tiende

  Gedurende hierdie era, het die Leviete tussen God en die Israeliete gestaan. Hartley (1992:485) meld dat die Leviete daagliks offers vir die vergifnis van sonde aan God gewy het. Volgens Levitikus 27:30-33 en Numeri 18:21 kon hulle aanspraak maak op die tiendes wat die volk na die tempel sou bring, as vergoeding vir hul dienste, asook vir die feit dat hulle nie ŉ erfgenaam van grond sou wees nie. Die tiendes het die vorm van diere of die opbrengs van die oes aangeneem. Die Leviete op hul beurt het ŉ tiende van dit wat hulle ontvang het aan die priesters gegee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- Die Feestiende

  Merrill (1994:240) noem dat volgens Deuteronomium 14:22-27, die Feestiende ŉ tweede tiende was. In teenstelling met die geval van die Levitiese Tiende, waar die Leviete die ontvanger van die tiendes was, het die eienaar tydens die Feestiende self voordeel uit die tiende ontvang. Die tiende is tydens ŉ fees soos voorgeskryf deur die Here in Jerusalem geëet, waarin die Leviete ook kon deelneem. Dit is as ŉ soort van ŉ nasionale fees beskou.

- Die Arme Tiende (of Welsynstiende)

Volgens Morley (1996:780) word die tiende waarna daar in Deuteronomium 14:28-29 na verwys word, “die Arme Tiende” of ’n “Welsynstiende” genoem. Hierdie derde tiende verskil van die vorige twee tiendes, daarin dat dit (1) slegs elke derde jaar gegee is, en (2) vir die gebruik was vir die Leviete, vreemdelinge, wees en weduwees. Die vorige tiendes is jaarliks of tydens feeste gegee, teenoor die Arme Tiende wat slegs elke derde jaar gegee was.

Samevatting

Metzger & Murphy (1991:2) maak ’n noemenswaardige bydra tot die ondersoek na die relevansie tot die gee van tiendes gedurende die era van Wet van Moses. Hulle lig verskeie problematiese aangeleenthede uit, onder andere: Beteken dit dat gedurende die era van die Wet van Moses, die Israeliete twee of drie tiendes moes betaal? Aangesien daar nie Leviete in die Nuwe Testamentiese tyd is nie, wie moet dus die tiendes namens die kerk ontvang? Die afwesigheid van bronne wat aandui dat die gee van tiendes in die vroeë kerk voortgesit was, skep ook probleme. Nieteenstaande al hierdie leemtes, om klinkklaar antwoorde te soek om die relevansie van die gee van tiendes te regverdig, is daar ander aspekte wat insgelyks problematies is, maar weer ’n positiewe bydrae tot die hele debat maak. Die feit dat daar wel van tiendes in die Evangelies melding gemaak word, gee die idee dat die Jode die konsep verstaan het en dit dus wel kon toepas. Voorts is daar nêrens in die Nuwe Testament ’n argument om die gee van tiendes af te skaf nie. Dus bly dit ’n ope vraag of die gee van tiendes relevant is al dan nie, wat die deur oopmaak vir persone wat wel wil glo dat dit nog relevant is, om daarop aanspraak te maak.

Daar is een bepaalde vraag, op hierdie stadium van die tesis waarmee ek persoonlik worstel. Ek kon ook nie in my navorsing ’n duidelike antwoord in die verband op my problematiese aangeleentheid kry nie. Naamlik, dit wat Metzger & Murphy (1991) saamgelees met dit wat Freedman (1992) oor die gee van tiendes en die heffing van belasting voorhou nie. Metzger & Murphy (1991:2) meld dat daar ’n moontlikheid gestaan het dat die Israeliete dalk drie afsonderlike tiendes moes gegee het. Daarby meld Freedman (1992:336) dat Dawid (2 Samuel 24); Menahem (2 Konings 15:20) en Salomo (1 Konings 4:7-19) as konings belasting, wat niks met die gee van tiendes te doen gehad het nie, van Israel gehef het. Ek het my persoonlike bedenking of dit realisties en finansieel haalbaar was.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

(3) Tiendes na die Wet van Moses (Tiendes in die Ou Testament Historiese - en Profetiese Boeke)

Daar word melding gemaak van die gee van tiendes in verskeie skrifgedeeltes buite die Wet van Moses. Tiendes word verskeie kere genoem in die Ou Testamentiese Historiese en Profetiese Boeke. Vir die doel van hierdie tesis, gaan ek slegs 'n paar geselekteerde skrifgedeeltes van nader ondersoek om 'n geheelbeeld te vorm van tiendes in die Ou Testament Historiese en Profetiese boeke, naamlik: 2 Kronieke 31:5, 6,12; Nehemia 10:38-39; 12:44-47; 13:5,12; Amos 4:4 en Maleagi 3:8-10. Omdat dieselfde skrifgedeeltes alreeds in paragraaf 2.1.3. bespreek is, gaan ek slegs 'n samevatting op hierdie stadium gee.

- 2 Kronieke 31:5,6,12

  Die 2 Kronieke 31:5,6,12 skrifgedeeltes dui op 'n hernude poging, waarin die Israeliete, volgens Payne (1988:539), nie net herinner word nie, maar opgeroep word om hul tiendes aan God te wy. Dit is veral 2 Kronieke 31:6 "... die tiendes van die heilige gawes wat aan die Here hulle God geheilig was, ..." wat van belang is, omdat deel van die tiendes vir die priester was, wat God verteenwoordig het.

- Nehemia 10:38-39; 12:44-47

  Soos in die geval van die Kronieke skrifgedeelte, word die Israeliete opgeroep om die tempel te onderhou deur hul tiendes te gee. Beide Yamauchi (1988:742) en Bowman & Gilkey (1954:764) verduidelik dat Nehemia die Israeliete daarop attent maak dat die gee van tiendes dus noodsaaklik en 'n vereiste is. Nehemia spreek hierdie aangeleentheid aan omdat die Israeliete nagelaat het om hul tiendes te gee. Die gevolg was dat die tempel nie onderhou kon word nie, en boonop moes die Leviete weer op die landerye gaan werk om hulself te onderhou. Dit het daartoe bygedra dat die priesters in versuim gebly het om hul verpligtinge teenoor die tempel na te kom. Die skrywers soos gemeld argumenteer dat indien die gee van tiendes in die hedendaagse era toegepas moet word, dat predikante (soos in die geval van die Leviete) sal moet uitgaan om die tiendes in te samel indien lidmate nie hul

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

tiendes gee nie. Dit opsigself kan probleme skep omdat dit ŉ negatiewe impak kan hê op dit wat predikante, wat deur God geroep is, veronderstel is om te doen.

Amos 4:4

Amos 4:4 moet saam gelees word met Amos 4:1-5 om ŉ geheelbeeld van die teks te kry asook om dit in konteks te plaas wat die profeet met die woorde: *"Kom na Bet-el toe as julle wil sonde doen, na Gilgal toe as julle nog meer sonde wil doen. Bring julle offers vroegmore, julle tiendes op die derde dag."* Smith (1972:105) verduidelik eers wat met verse 1-3 bedoel word, as aanloop tot die vierde vers. In verse 1-3 word die vrouens se lekker lewe vergelyk met dié van beeste in die goeie weivelde van Basan. Dit is egter die eise van hulle lekker lewe wat maak dat swakkes en armes verontreg word. Daarom sal hulle soos beeskarkasse met hake opgetel word of soos beeste met prikkels aangejaag word. Dié beeld voorspel dus die dood en, vir diegene wat dit oorleef, wegvoering in ballingskap na die noorde, in die rigting van Hermon. Israel as God se volk, asook die mens vandag, moet verantwoordelik lewe. En selfs al verdruk ons nie persoonlik ander mense nie, kan ons lewenstyl daartoe bydra.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Met dit as inleiding, nooi die profeet die volk uit om te kom offer. Amos doen hierdie oproep in oorleg met die priesters van Bet-el of Gilgal. In kontras met dié van die priesters, is sy oproep egter vol sarkasme: hulle moet kom sondig. Die volk se godsdiensywer word deur God as sonde gesien, want dit is meer vertoon as erns (vers 5a): "laat die mense dit hoor." Verder hou Amos voor dat dit eiewillige godsdiens is (vers 5b): "so hou julle mos daarvan." Amos hou iets aan Israel voor wat ook op die hedendaagse mens van toepassing is: die Here sien dwarsdeur die mens se godsdienstigheid. ŉ Godsdiens wat mense tevrede moet stel, is verkeerd. Wanneer godsdiens mensediens word, word godsdiens sonde.

Maleagi 3:8-10

Teen die agtergrond dat daar reeds in paragraaf 2.2. oor hierdie skrifgedeelte gehandel is, gaan ek slegs opsommend meld wat Calkins (1947:137) aangaande hierdie teks sê. Hy is van die opinie dat die hoofdoel van die profeet se boodskap was om die vuur van geloof in die harte en verstand van God se volk aan te wakker. Die feit dat die Israeliete hul tiendes weerhou het, was 'n aanduiding van 'n groter of omvattende ongehoorsaamheid van die nasie. Dus is die hoofdoel van die Maleagi skrifgedeelte 'n oproep tot bekering, wat Maleagi in verband bring met die probleem van tiendes. Die boodskap wat ook baie duidelik in die teks voorkom, is dat, ten spyte van die volk se sondes, God hulle liefhet en geduldig wag dat hulle na Hom moet terugkeer.

Samevatting

Soos in die vorige afdeling, vind ons aangaande tiendes in die Ou Testament historiese en profetiese boeke geen pertinente aanduiding dat die gee van tiendes oorgedra behoort te word na hedendaagse era nie. Wat wel baie interessant is, is die feit dat die hedendaagse kerk met dieselde probleme worstel as in die era onder bespreking. Probleme soos: die onderhoud van die kerkgebou (tempel); die onderhoud van diegene wat die Evangelie verkondig; die gesindheid waarmee lidmate 'n bydra maak tot God se "skatkis"; die geloof wat Christene plaas in God as die "Alleeneienaar" van alles wat die mens besit; die kerk se verantwoordelikheid teenoor diegene wat onderdruk word, asook die wees en weduwee; en laastens, die mens se gehoorsaamheid teenoor God in die nakoming van die Wet en die Gebooie. 'n Vraag wat tereg gevra kan word, hou hierdie dinge nie dalk verband met die wyse waarop ons God aanbid nie, die feit dat daar in die algemeen nie meer tiendes gegee word nie, dat dit blyk dat die kerk gebukkend gaan onder finansiële druk? Dit teen die agtergrond daarvan dat ons samelewing verval het in 'n toestand van materialisme, en, om ons gewetens te sus, die mens dit nou Bybels-teologies wil regverdig dat die gee van tiendes nie meer relevant is nie. In dieselde asem moet daar ook gestreef word om 'n balans in terme van die motief en gesindheid waarmee daar gegee word, gehandhaaf word. Dit is veral die Amos teks wat ons waarsku om ook nie tiendes te gee om in die proses ons gewete te sus nie. Want wanneer daar tiendes gegee word, met die verkeerde motief en gesindheid word 'n godsdiens wat mense tevrede wil stel wat ook sonde is in die oë van God. Tereg gestel: wanneer godsdiens mensediens word, word godsdiens sonde.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 2.3.2. Die transformasie van tiendes in die Ou Testament

Hawthorne (1978:852) gee 'n teorie van hoedat die gee van tiendes in die Ou Testamentiese tyd ontwikkel, verander en meer kompleks geraak het, na gelang omstandighede waarin die Israeliete hulself bevind het. Hy meld dat dit skyn asof daar drie fases was waarin die gee van tiendes 'n ander betekenis begin aanneem het. Aanvanklik was die tiende van die oes van die land geïdentifiseer, op 'n unieke wyse, dat dit aan God behoort het. Levitikus 27:30-32 meld dat 'n tiende van die oes as 'n heilige offer aan God gewy moes word. Die tiende was 'n persoonlike offer wat deur elke gesin op 'n jaarlike basis aan God gewy is. Deuteronomium 12:11,17 meld dat die gesin (seuns, dogters, slawe en almal in die huishouding) die tiende van hul oes na 'n vasgestelde plek moes neem, en dat hulle dit daar tesame met die Leviete moes eet. Indien die vasgestelde plek te ver was om die tiende te neem, kon die tiende in geldwaarde omgesit word, en die geld gebruik word om die tiende aan God te wy deur dit gesamentlik, gesin en Leviete, by die vasgestelde plek te eet, terwyl almal hulself voor die aangesig van die Here verbly het (Deuteronomium 14:22-29; 15:19-23). Met ander woorde, In die eerste fase sien ons dat die tiende daar was vir die gesin om gesamentlik met die Leviete hulself in die teenwoordigheid van die Here te verbly.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hawthorne (1978:853) voer verder aan dat met verloop van tyd, het die Israelitiese gemeenskap ontwikkel en het die sosiale en maatskaplike probleme toegeneem. Om die probleem aan te spreek, is die wette wat die gee van tiendes beheer het, aangepas. Sodoende is die tiende van die oes wat aan God gewy was in 'n nuwe vorm gegiet. Die verandering was as volg: elke derde jaar is die tiende, in stede daarvan dat dit na 'n vasgestelde en afgeleë plek, weg van die huis af, geneem is en geëet is deur die gesin wat die offer gebring het, gestoor binne in plaaslike gemeenskappe, en gebruik om die materiële behoeftes van die Leviete asook die reisigers, weduwees en weeskinders in en buite die gemeenskap te voorsien (Deuteronomium 14: 28 en 26:12).

As 'n derde fase meld Hawthorne (1978:855) dat soos wat Israel as nasie gegroei het in getal, daar 'n toenemende druk om die maatskaplike en sosiale behoeftes aan te

spreek, was. Hiermee gepaardgaande het die getal Leviete en priesters wat tempeldiens verrig het, ook toegeneem. Omdat Leviete en priesters geen grond van hul eie gehad het om vir hulself te sorg nie, moes die onderhoud om in hul behoeftes te voorsien, asook die onderhoud van die tent van samekoms, uit die tiendes wat in die plaaslike gemeenskap gestoor is, geneem word. Daar was ŉ toenemende groei in die getal van die Leviete en priesters en dus ook in hulle behoeftes. Die onderhoud van die tent van samekoms het ook aanhoudend toegeneem, in so ŉ mate dat die drie-jaarlikse gee van tiendes nie meer die behoeftes kon aanspreek nie, ook met inagneming van dié wat diens in die tempel verrig het. Dit is in hierdie stadium dat daar weereens ŉ aanpassing was in die gee van tiendes. Numeri 18:21 maak melding van die verandering wat daarin bestaan dat God het aan die seuns van Levi al die tiendes gegee as ŉ erfdeel. Die gee van tiendes het in so ŉ mate aangepas na verloop van tyd en omstandighede, dat dit eindelik slegs aangewend is vir die Leviete, die priesters en die onderhoud vir die huis van God. Die Leviete het persoonlik die verantwoordelikheid op hulle geneem om die tiendes vanaf die buitestedelike gebiede te kollekteer. Die priesters, wat afstammelinge van Aaron was, het die Leviete tydens hierdie geleenthede vergesel. Van die tiendes wat die Leviete gekollekteer het, het hulle op hul beurt ŉ tiende aan die priesters gegee (Numeri 18:18 en Nehemia 10:32-39). Dit skyn asof hierdie metode gehelp het dat die Leviete en priesters voltyds diens in die plek van samekoms (huis van God) kon verrig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is van kardinale belang om Hawthorne (1978) se mening, van hoedat die gee van tiendes in die Ou Testamentiese tyd ontwikkel, verander en meer kompleks geraak het, na gelang omstandighede waarin die Israeliete hulself bevind het, te sien in die konteks dat dit slegs ŉ teorie is. Daar is nie noemenswaardige bewyse om hierdie teorie te staaf nie. Ter selfde tyd help die teorie ons om te besef dat die gee van tiendes, soos ander Ou Testamentiese gebruike, soos die besnydenis, die Sabbatdag wat die sewende dag van die week herdenk was, teenoor die hedendaagse aanbiddingsdag die eerste dag van die week, veranderlik is, en ŉ nuwe vorm in die hedendaagse era aangeneem het. Teen hierdie agtergrond sou ek kan aflei dat die beginsel gee van die gee van tiendes volgens die Ou Testamentiese gebruik, wel moontlik vir die Nuwe Testamentiese verbondsvolk handhaaf kan word, maar dat die vorm van gee ŉ ander dimensie kan aanneem. Vir my blyk dit dat gegee

die feit dat die Evangelies nie direk die gee van tiendes aanmoedig nie, asook die Pauliniese briewe baie sterk oorleun dat die gee van gawes, meer aanvaarbaar is om dieselfde Ou Testamentiese doel te bereik, naamlik –

- Die onderhoud aan diegene wie die evangelie op 'n voltydse basis bevorder,
- Die onderhoud van die strukture vanwaar die evangelie versprei word, en
- Die onderhoud aan die wees, weduwees en die armes.

Verder dat die gee van gawes Nuwe Testamentiese, soos die gee van tiendes in die Ou Testamentiese tyd ook die beginsel handhaaf dat dit tot eer van God is, om ons dankbaarheid teenoor God as die Eienaar van alles te erken

### 2.3.3. Die hantering en aanwending van tiendes in die Ou Testament

Roth (1996:1158) gee 'n verduideliking van hoe die tiendes hanteer en aangewend is. Hy meld dat die tiendes in die voorraadkamer van die Tempel gestoor is. Hierdie inligting word gekry van Maleagi 3:10; Nehemia 10:38-39; 12:44; 13:5,12-13 asook 2 Kronieke 31:4. Verder is daar van die tempelwerkers in beheer van die voorraadkamers waarin die tiendes gebêre is, verwag om dit te bewaak. Die beeste was met 'n tempelmerk gemerk, en die tiendes van graan en dadels kon in geld omgesit word, indien daar 'n behoefte daaraan was. Hy noem verder dat die landbouprodukte meestal aangewend is vir die gebruik van die tempelpersoneel, maar ook gebruik is vir die onderhoud van verskeie ondernemings en verantwoordelikhede wat gepaard gaan met die tempel, soos die van die onderhoud van die arme, wees en weduwee. Die beeste en skape is hoofsaaklik aangewend vir offerdoeleindes. Die tiendes is deur verteenwoordigers van die tempel owerhede gekollekteer. Hulle was ook verantwoordelik om die produkte na die tempel te vervoer. Elke Israeliet was verplig om 'n tiende te gee; selfs die tempelpersoneel en diegene wat die tiendes gekollekteer het, is nie kwytgeskeld van die vereiste nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Soos in die geval van die transformasie van tiendes in die Ou Testament, sien ons in die geval van die hantering en aanwending van tiendes in die Ou Testament, dat daar noodwendig 'n klem verskuiwing moet wees in die konteks van die Nuwe Testamentiese era. Die hantering en aanwending van tiendes in die Ou Testamentiese era dui op 'n stelsel hoedat die tiendes bestuur was. Omdat daar geen sprake is van diere of landbou produkte is wat ter onderhoud van die evangelie gegee word nie, sal die bestuurstelsel van die gee van gawes vanselfsprekend ook 'n

nuwe vorm moet aanneem. Die korrelasie tussen die twee stelsels is dat beide vereis: heilsame rekenskap in terme van rentmeesterskap, ŉ betroubare beleid en volhoubare beginsels.

## 2.4. ŉ STUDIE VAN DIE NUWE TESTAMENTIESE TEOLOGIE RONDOM DIE GEE VAN TIENDES

In die soeke na ŉ antwoord op die vraag of die gee van tiendes nog relevant vir die hedendaagse kerk is, is dit uiters belangrik om die Nuwe Testamentiese teologie rondom die gee van gawes in ag te neem. Die Ou Testament stel sekere dinge met verwysing na die gee van tiendes duidelik. Eerstens, die gee van tiendes was ŉ manier waarop mense hul aan God verbind het deur hul dank te betoon vir sy liefde en genade. Tweedens, die gee van tiendes het ŉ bepaalde behoefte in terme van "God se huis" (tempel) en God se dienaar (priester) aangespreek. Derdens, die tiendes is aangewend om maatskaplike en sosiale behoeftes aan te spreek. Die Nuwe Testament daarenteen bevat skrifgedeeltes wat, benewens die enkele verwysings na "tiendes", ook verwys na "die gee van offers en ander finansiële bydraes," om soortgelyke redes as dit waarna daar in die Ou Testament verwys is. Daar gaan dus gepoog word om beide hierdie konsepte naamlik "tiendes" en "die gee van offers en ander finansiële bydraes" te ondersoek om ŉ meer omvattende en Bybels-gefundeerde opinie te vorm. Teen hierdie agtergrond gaan daar gepoog word om insig te kry na die gee van tiendes na aanleiding van -

- Tiendes in die Evangelies
- Die woord "tiende" soos aangehaal in die Brief aan die Hebreërs
- Paulus se insette oor "gawes"

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 2.4.1. Tiendes in die Evangelies

In paragraaf 2.1.3. word daar genoem dat daar twee skrifgedeeltes in die Evangelies is wat direk verwys na die gee van tiendes. Omdat hierdie twee skrifgedeeltes: Matteus 23:23 en Lukas 18:9-14 reeds eksegeties ontleed is, gaan ek dus hier slegs ŉ samevatting gee.

Matteus 23:23

France (1989:195) is van die opinie dat Jesus nooit die gee van tiendes veroordeel het, of die Fariseërs, skrifgeleerdes of sy dissipels ŉ opdrag gegee het om tiendes te gee of, andersins, om daarmee op te hou nie. Banks (1975:175) wat dieselfde standpunt as die van France huldig, voeg egter by dat wat Jesus wel aan sy toehoorders wou tuisbring is dat dit wel moontlik is om die fynere punte van die wet te gehoorsaam, maar terselfdertyd in jou algemene gedrag ongehoorsaam te wees. Hy sê dat ŉ mens kan byvoorbeeld baie nougeset jou tiendes vir die kerk gee, maar weier om één oomblik op te offer om ŉ ander mens te help. Om ŉ tiende (dankoffer) te gee, is wel belangrik, maar dit beteken verder dat gelowiges erns moet maak met al die ander voorskrifte van die Here.

Lukas 18:9-14

Rakende die Lukas skrifgedeelte, huldig Blomberg (1990:257) in beginsel dieselfde opinie as France (1989), wat kommentaar lewer op die Mateus skrifgedeelte. Daar is egter ietwat van ŉ klemverskuiwing, daarin dat hy verwys na die konteks waarbinne Jesus hierdie gelykenis vertel. Hy hou voor dat Jesus by implikasie nie fokus op die gee van tiendes in hierdie teks nie, maar op die gesindheid van die mense se hart waarmee hulle God dien. Jesus wil by sy hoorders tuisbring dat die Fariseër nie na die tempel toe gegaan het om tot God te bid nie, maar om vir almal binne hoorafstand te sê hoe goed hy is. Die tollenaar het gaan bid omdat hy diep onder die indruk van sy skuld was, en om genade gevra het. Jesus stel dit pertinent dat eiegeregtigheid sonde is, dat dit lei tot hoogmoed en veroorsaak dat ŉ mens op ander neersien. Dit verhoed uiteindelik dat jy enigsins by God leer. Dus moet die tollenaar se gebed as model dien as ŉ regte gebedsgesindheid, want die mens het elke dag God se genade nodig. Jesus sluit af deur dit te stel dat ŉ mens nie moet toelaat dat hoogmoed jou verhouding met God en ander mense benadeel en dan jouself wil regverdig deur dit wat jy vir God gee (tiendes) nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Samevatting

Dit is byna onmoontlik om die onderwerp van tiendes in die Nuwe Testament te bespreek sonder om na die verhouding tussen die Ou Testament en Nuwe

Testament te kyk. Volgens Stevens (1911:23) is die probleem van die juiste verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament so oud soos die Christelike kerk. Hy verwys na vele argumente en probleem areas rondom hierdie aspek en meld dat in die loop van die tyd veral twee formules uitgelig is. Die eerste is die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament gesien as 'n verhouding tussen Wet en Evangelie. Die tweede, en meer aanneemlike verhouding is die van Belofte en Vervulling. Die skrywer meld dat: Tussen belofte en vervulling bestaan daar 'n verhouding van wederkerigheid: in die belofte self is 'n vervullingsmoment aanwesig, terwyl die vervulling self ook weer 'n belofte is van die volle verwerkliking van die heil by die wederkoms van Christus. Daarom is die Ou Testament nie 'n boek wat sy betekenis vir die Christelike Kerk verloor het noudat die vervulling plaasgevind het nie. Dus, vir die bespreking van die gee van tiendes as onderwerp is die bepaling van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament van beslissende betekenis, juis omdat dit die prinsipiële antwoord verskaf op die vraag of ons as gelowiges vandag nog gebind word deur die bepaling om die tiende van ons inkomste aan die Here te gee vir die bevordering van Sy saak en die instandhouding van die Kerk. As riglyn om hierdie vraag objektief te benader moet daar met die volgende oorweging rekening gehou word: *"dat die beloftes van die Ou Testament nie afgeskaf is nie, maar gesien moet word as 'n vrug wat ryp geword het en deur sy omhulsel gebreek het. Met ander woorde, die vrug is die Kerk, wat soos 'n kindjie in Israel se moederskoot (as die omhulsel) gedra is . Die Kerk is nou tot 'n eie selfstandige lewe gebore (dit het as gevolg van rypheid deur die omhulsel gebreek), en ontvang in die Heilige Gees 'n eie lewensbeginsel. Die son van geregtigheid het opgegaan en skyn oor alle volke heen, die wet en die profete is vervul en het in Christus as hulle einde en doel hul bestemming bereik"* Stevens (1911:25).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Stevens (1911:26) gaan verder deur te meld dat Jesus se konflik met die Fariseërs juis gemik was op die feit dat hulle so vasgeklem het aan die uiterlike wettiese voorskrifte van die Ou Testament, terwyl hulle die werklike betekenis daarvan geïgnoreer het, bloot net om deur mense gesien te word. In die proses het dit meer oor hulself gegaan en nie oor hulle verhouding met God wat die voorskrifte daargestel het nie. Beide tekste van nader bekyk dui daarop dat dit nie die Fariseërs se bedoeling was om deur middel van die nakoming van die voorskrifte God te vereer nie. Die feit dat Jesus nêrens direk kommentaar gelewer het oor die instelling

en voorskrifte van die gee van tiendes nie, het nie beteken dat Hy dit verwerp het nie. Inteendeel, gegee die tekste in beide die Matteus en Lukas, wanneer Jesus wel reageer op die gebruik van die gee van tiendes, *"...dien sy woorde as die brug tussen die Ou dinge en die Nuwe het gekom"* Stevens (1911:26). Dit is aanvaarbaar om te verklaar dat Jesus by implikasie van die Nuwe-Testamentiese volk verwag om, soos Hy, hul beste te gee. Die verwysing na hul beste dui nie noodwendig om net een-tiende van hul inkomste aan God te wy nie, maar kan minder of self meer as een tiende wees, na mate God die individu seën. Stevens (1911:27) verduidelik dat: *"... die offergedagte omvat die hele mens na siel en liggaam met alles wat hy besit, geestelik en stoflik. Die Evangelies stel dit onomwonde dat waar die Here in Sy liefde tog wel iets aan mense toevertrou in die vorm van besittings, mense dit wat hulle besit nie as 'n reg mag beskou nie, maar as 'n roeping, 'n rentmeesterskap waarvan rekenskap gegee moet word. Daarom omvat dit wat God vereis nie slegs geld nie, maar ook die daarstelling van talente; die beskikbaarstelling van tyd; die gee van gawes; asook kragte."*

Dit is onmoontlik om 'n holistiese beeld te kry van Jesus se opvatting oor die gee van gawes, sou daar eksklusief na Sy verwysing na die gee van tiendes verwys word. Om genoemde stelling te verklaar is dit van uiterste belang om ook na ander sleutel tekste te verwys, naamlik:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- Matteus 6:1-4: Met verwysing na Jesus se woorde : "Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie ..."
- Matteus 17:24-27: Met verwysing Jesus se reaksie op die betaal van die tempelbelasting
- Mattues 25:25-31: Met verwysing na Jesus se uitspraak oor die laaste oordeel
- Lukas 12:41-44: Met verwysing na Jesus se uitspraak oor die arm weduwee se gawe

Die sentrale gedagte in die drie bogenoemde teks verwysing saam gelees met die twee teksverwysing waar die gee van tiendes aangehaal word, beklemtoon Jesus die gesindheid waarmee gegee word. Dus in my persoonlike opinie bevorder die evangelies nie die gee van tiendes nie, en het dit nie ten doel om die Nuwe Testamentiese volk dit op die hart te lê dat die gee van tiendes, tot die letter, na gekom behoort te word nie.

### 2.4.2 Die woord tiendes soos aangehaal in die Brief aan die Hebreërs

Beide Lindars (1991:72) en Stibbs (1970:44) lewer kommentaar op Hebreërs 7:1-10. Dit blyk uit die staanspoor dat hulle swaar oorhel na die "tweede standpunt" soos weergee in paragraaf 2.1.4. Hulle vereenselwig hulle met die opinie dat genoemde teks nie ten doel het om die gee van tiendes te beklemtoon nie. Inteendeel, argumenteer hulle dat die skrywer van Hebreërs al in hoofstukke 5:6 en 5:10 genoem het dat Jesus priester is volgens die priesterorde van Melgisedek; en nou, na die onderbreking van hoofstukke 5:11-6:20, gaan die skrywer verduidelik wat dit presies inhou. Eers sê die skrywer dat Melgisedek se priesterskap die Levitiese priesterskap oortref (7:1-10) en daarna dat Jesus se priesterskap insgelyks die Levitiese priesterskap oortref (7:11-28). Die skrywer van Hebreërs gaan verder deur aan te toon dat die priesterskap van Melgisedek meer uitnemend is as dié van Aäron. In verse 1-3 wys die skrywer met behulp van ŉ soort tipologiese eksegese dat Melgisedek ŉ voorafskaduwing van die nuwe, nie-wettiese priesterskap van Jesus is. Hy doen dit deur op ŉ selektiewe wyse gegewens uit Genesis 14:18-20 te gebruik en ŉ nuwe betekenis daaraan te gee in die lig van Psalm 110:4.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hieruit afgelei, kan as samevatting gemeld word dat alhoewel die woord tiende in Hebreërs 7:1-10 voorkom, die teks nie ŉ noemenswaardige bydrae lewer tot die debat of die gee van tiendes nog relevant vir die hedendaagse kerk is nie.

### 2.4.3. Paulus se insette omtrent "gawes" (finansiële bydraes)

Volgens Carson, Moo & Morris (1992:395) sowel as Guthrie (1990:682), is daar geen verwysings na die gee van tiendes in die Pauliniese briewe nie, maar wel na gee en rentmeesterskap in die konteks van finansiële bydraes. Die genoemde skrywers is dit eens dat dit nie wil sê dat Paulus die konsep van die gee van tiendes verwerp het bloot omdat hy nie daarna verwys nie. In dieselfde asem wonder die skrywers egter waarom Paulus die gee van geldelike bydraes aan die kerk sou bespreek sonder om die woord tiendes te gebruik indien dit sy motief was om oor tiendes te praat. Davis (1987 - CTR 2) geargumenteer dat dit tog moontlik is dat ŉ persoon die onderwerp van die gee van tiendes kan bespreek sonder om die woord te gebruik. Hierdeur

skep Davis (1987) die indruk dat Paulus by geleenthede die gee van tiendes aangespreek het sonder om die woord “tiende” te gebruik.

Om lig op dié saak te werp, gaan daar vier tekste, 1 Korintiërs 9:1-23; 1 Korintiërs 16:1-4; 2 Korintiërs 8 en 2 Korintiërs 9, oor geldelike bydrae bespreek word, om te bepaal of hy na tiendes verwys het, alhoewel hy nie die woord tiende gebruik het nie

1 Korintiërs 9:1-23

Die twee verse waarop daar gefokus gaan word is: vers 13, “*Weet julle nie dat dié wat tempeldiens verrig, uit die tempel lewe, en dié wat die altaar bedien, uit die offers hulle deel ontvang nie”,* en vers 14, “*So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.”*

Die sleutelvers in 1 Korintiërs 9:1-23 is vers 4: “het ons[7] dan nie reg op lewensonderhoud nie?” Daar is verskeie skrywer naamlik: Lenski (1946:358), Bratcher (1982:82), Barrett (1968:205) en Bruce (1971:84) wat kommentaar op 1 Korintiërs 9:1-23 lewer en almal die opinie deel dat dié teks handel oor die regte van die apostel, waarvan Paulus homself as een beskou het. Om sy saak van sy regte te verduidelik, gebruik Paulus verskeie illustrasies in die teks onder bespreking -

- Vers 7: ’n soldaat is geregtig op besoldiging; ’n boer is geregtig om van sy opbrengs te leef; ’n veewagter is geregtig om van die melk van die kudde te geniet. Hierdie voorbeelde is vanuit ’n sekulêre oogpunt benader
- Vers 8-11: verwys na ’n geestelike benadering omdat hy melding maak van die wet van Moses. Hy wat ploeg en saai is geregtig om ’n deel van die oes te ontvang. Paulus meld dat, omdat hy geestelike saad saai, hy geregtig is op stoflike lewensonderhoud. Mare (1976:244), wat ook op sy beurs oor dieselfde teks kommentaar lewer, vereenselwig hom met die vermelde skrywers, en voeg by dat die spesifieke vers hou verband met Deuteronomium 12:6,7
- Vers 14: verwys direk na Jesus se woorde, naamlik dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

[7] Verwys na Paulus en die ander Apostels

Van die oog af skyn dit asof hierdie skrifgedeelte, ŉ "vanselfsprekende" verduideliking het. Maar, volgens Fee (1987:405), Garland (2003:408 en Collins (1999:333) lê daar ŉ gevaar in indien ŉ mens hoofstuk nege in isolasie sou lees. Die gevaar is dat die kans bestaan dat dit wat Paulus eintlik aan die Korinte wil tuisbring verkeerdelik vertolk kan word. Want volgens laasgenoemde skrywes is daar ŉ tweede sleutelvers naas 4, naamlik vers 15. In laasgenoemde vers meld hulle dat al verkondig Paulus dat hy geregtig is om "uit die verkondiging van die evangelie te leef", het hy nie daarvan gebruik gemaak het nie. Die rede wat Paulus aanvoer waarom hy nie sy regte uitgeoefen het nie, lê in hoofstuk agt vers 13: "Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie." Hoofstuk 9 moet dus saamgelees word met hoofstuk 8, wat die vraag oor vleis wat aan ŉ afgod geoffer is, behandel. Paulus sê dus in geheel, soos wat hy sy reg om "uit die verkondiging van die evangelie te leef" vrywillig afgestaan het, staan hy ook sy reg af om vleis te eet wat aan ŉ afgod geoffer is, indien dit sy broer sou laat struikel. In dieselfde asem doen hy ook ŉ beroep op die Korinte om, soos hy, hul reg af te staan terwille van die evangelie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Samevatting

Barrett (1968:72) gee ŉ samevatting van 1 Korintiërs 9:13-14. Hy argumenteer dat dié teks nie die motivering van die voortsetting van die gee van tiendes bevorder nie. In sy redenasie erken hy wel dat daar ŉ ooreenkoms is tussen dit wat Paulus in die Nuwe Testamentiese bediening voorhou, en dit waarna die Ou Testament verwys, naamlik, dat soos wat die priesterlike en Levitiese orde geregtig was om tiendes te ontvang vir hul persoonlike gebruik, apostels en leraars ook dieselfde reg het. Maar, meld hy verder, daar is egter twee problematiese areas wat nie geïgnoreer mag word nie. Dit is: eerstens, as dit Paulus se bedoeling was om die voortsetting van die gee van tiendes te bevorder, waarom het hy dit nie net eenvoudig pertinent so gestel nie? en tweedens, in die konteks waarbinne Paulus die aangeleentheid benader, soos reeds gemeld, gaan dit oor die "afgee van jou reg" terwille van die evangelie, en nie oor die lewensonderhoud wat "uit die verkondiging van die evangelie" ontvang kan word nie.

Gegee die eksegetiese uitleg van die bepaalde teks kom ek tot die slotsom dat Paulus ten doel het om die gemeente van Korinte drie dinge voor te hou: eerstens, dat hy sy reg op onderhoud prysgegee het. Tweedens, dat hy, Paulus sy reg op identiteit prysgegee het en derdens, dat hulle as gemeente in Korinte sy voorbeeld moet volg. Dit sou dus dwaalleer wees om die bepaalde teks te wil gebruik om die gee van tiendes as maatstaf vir die hedendaagse kerk voor te hou.

1 Korintiërs 16:1-4

Die 1 Korintiërs 16:1-4 teks het betrekking op Paulus se verwysing na die kollekte of die insameling vir die heiliges. Fee (1987:432), is egter van die opinie dat daar geen direkte verwysing is na die bevordering van die gee van tiendes nie. Hy voer twee redes vir sy argument aan: eerstens, die verwysing, kollekte of die insameling vir die heiliges, handel nie oor die gereelde weeklikse of maandelikse geldelike bydrae aan die kerk nie, maar na ŉ spesiale kollekte wat opgeneem moet word vir die arm gelowiges in Jerusalem. Tweedens, Paulus maak geen melding dat dié spesiale kollekte wat opgeneem moet word vir die arm gelowiges in Jerusalem, verband hou met die gee van ŉ tiende van hul inkomste nie. Inteendeel, Paulus sê dat elkeen na sy vermoë iets moet bydrae en namate hulle gedurende die week voorspoedig was.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ter samevatting, ons sien weereens, soos in die geval van die 1 Korintiërs 9:1-23 teks, dat dieselfde argument gebruik word dat 1 Korintiërs 16:1-4 nie die motivering van die voortsetting van die gee van tiendes bevorder nie. Dit is vir my duidelik dat Paulus twee dinge ten doel het in hierdie deel van sy brief. Eerstens, verwys hy na die wyse waarop die Korinte hulle geld moet insamel om ŉ bepaalde behoefte soos vermeld, aan te spreek. Tweedens, wil Paulus seker maak dat die geld eerlik hanteer moet word. In beide hierdie twee aspekte is daar is geen verwysing na hul gawes wat hul aan God moet wy nie. Ek is dus ook hier van die opinie dat die teks niks te make het met die gee van tiendes oftewel die gee van gawes nie.

2 Korintiërs 8

Chafer (1974) se kommentaar op 2 Korintiërs 8 is soortgelyk aan Fee (1987) se verduideliking van 1 Korintiërs 16:1-4. Chafer (1974:254) meld dat Paulus in 2

Korintiërs 8 aan die Korinte skryf oor die vrywillig finansiële bydrae wat deur die gemeentes in Masedonië gemaak is. Daar word geensins daarna verwys dat hulle ŉ spesifieke persentasie, met verwysing na ŉ tiende, van hul inkomste bygedra het nie. Dus is Chafer van die opinie dat die gee van tiendes nie hier ter sprake nie.

2 Korintiërs 9

Daar is ŉ parallel tussen dit wat Paulus in 2 Korintiërs 9 en 2 Korintiërs hoofstukke 8 behandel, aldus Barrett (1973:236). Die enige noemenswaardige verskil tussen die twee skrifgedeeltes is dat Paulus in 2 Korintiërs 9 versoek dat die gemeente se finansiële bydra aan die gelowiges in Judea as hulpverlening, nie uit dwang gemaak moet word nie, maar dat dit ŉ vrywillige dankoffer moet wees. Ook hier word daar geensins melding van die gee van tiendes gemaak nie, wat die voortsetting daarvan by implikasie kon bevorder het nie.

Samevatting

As samevatting van die verwysings na die gee van tiendes in die Pauliniese briewe wat tot dusver behandel is, kan die volgende gesê word: Alhoewel daar melding gemaak word na die gee van finansiële bydrae in die vorige drie tekste, hou dit geensins verband met die voortsetting van die gee van tiendes nie. Soos reeds in die inleiding van die van Paulus se insette in terme van gee (finansiële bydrae) gemeld, sien ons dat daar ŉ totale stilswye is van Paulus se kant oor die onderwerp van die gee van tiendes. Dit laat dus ŉ deur oop om te argumenteer dat, alhoewel, soos in die Evangelies, die Pauliniese briewe ook nie die gee van tiendes verwerp nie, dit ook nie die voortsetting daarvan noodwendig bevorder nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Soos in die geval van die interpretasie van Hebreërs 7:1-10 (soos bespreek in beide paragrawe 2.1.4 en 4.2.2) is daar ook twee skole van denke aangaande Paulus se insette in terme van gawes (finansiële bydraes). Die eerste groep skrywers naamlik: Lenski (1946), Bratcher (1982), Barrett (1968), Bruce (1971), Mare (1976) Fee (1987), Garland (2003), Collins (1999) en Martin (1986) argumenteer dat alhoewel, soos in die Evangelies, die Pauliniese briewe ook nie die gee van tiendes verwerp nie, dit ook nie die voortsetting daarvan noodwendig bevorder nie.

Die tweede groep skrywers naamlik: Cook (1908) en Powell (1979) benader Paulus se insette in terme van gawes (finansiële bydraes) vanuit ŉ totale ander oogpunt as die van die vorige skrywers.

Beide die eerste en die tweede groep skrywers stem egter oor een aspek saam, naamlik, dat daar nêrens in die Nuwe Testament uitdruklik of pertinent daarna verwys word dat die gee van tiendes ŉ vereiste is nie. Tog skei die twee groepe skrywers se opvatting daarin, dat Cook (1908:121) en Powell (1979:26) voorhou dat die gee van tiendes tog [dien] as ŉ voorbeeld van kerklike bydraes in die Skrif. Hulle argumenteer dat die bepaalde teksgedeeltes vanuit ŉ geestelike perspektief benader moet word en nie noodwendig slegs gelet moet word op dit wat Paulus aan die gemeente in hul eie konteks wou voorhou nie. As motivering gebruik beide Cook (1908) en Powell (1979) die volgende argumente:

(1) Alhoewel Jesus nie die gee van tiendes in Sy uitsprake eis nie, meld Jesus tog dat die totale gebod en voorskrifte nagekom moet word, wat die gee van tiendes insluit, asook dat wanneer daar wel gegee word, dit in die regte gesindheid moet plaasvind

(2) Alhoewel die apostels dit nie as ŉ vereiste vir die bekeerlinge uit die heidendom gestel het nie, daar absoluut geen getuienis is dat hulle die gee van tiendes oftewel finansiële bydrae afgekeur het nie, inteendeel, bevorder hulle die konsep van "gee" met verwysing na Handelinge 2:45 *"Hulle[8] het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte."*

(3) Alhoewel Paulus ook nie daarna in sy briewe verwys het nie, is wat wel by uitstek uitstaan, die feit dat Paulus wel in sy briewe die beginsel vir christelike milddadigheid duidelik beklemtoon. Die volgende illustrasies dien as voorbeeld -

- In 1 Korintiërs 16:2: *"Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie."* Met ander woorde, Paulus "eis" dat die gawes individueel, sistematies en eweredig (namate die voorspoed of vermoë van elkeen) gegee moet word.

8 Verwys na nie "Die eerste gemeente"



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

- Paulus wy twee hoofstukke aan die beginsel van gee volgens 2 Korintiërs 8 en 9. Die volgende word uit hierdie hoofstukke aangehaal:
  - mense moet eers hulleself aan God gee, en dan hulle gawes (8 vers 5: *"... want eers het hulle hulleself aan die Here gegee ... dit is soos God dit wil.")*
  - mense moet nie 'n geslote hand hê nie, maar moet oorvloedig en ruim gee (8 vers 7: *"Aangesien julle alles in oorvloed het: geloof, julle gawes om julle woord te doen, kennis van God, onbeperkte ywer 'n ons liefde vir julle wees dan ook in hierdie liefdeswerk oorvloedig*.")
  - wanneer mense gee, moet dit die gesindheid van Christus weerspieël (8 vers 9: *"Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy terwille van julle arm geword sodat julle deur sy armoede ryk kon word.")*
  - wanneer mense gee, moet dit dien as bewys van egtheid van hulle liefde (8 ver 24: *"Bewys aan hulle julle liefde sodat al die gemeentes dit kan sien en dit kan weet dat ons tereg op julle trots is.")*
  - daar moet gelykheid en eweredigheid volgens vermoë wees ( 8 verse 13,14: *"Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te help nie; maar sodat daar ewewig al wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help so kom daar ewewig.")*
  - wanneer mense gee, moet dit 'n dankoffer wees, en nie iets wat afgepers is nie (9 vers 5: *"... Hulle moet die dankoffer wat julle vroeër beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets afgepers nie.")*
  - mense moet blymoedig en nie met droefheid gee nie (9 vers 7: *"Elkeen moet gee soos wat hy hom in die hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.")*
  - wanneer mense gee, is dit nie net aan mense nie, maar God word daarmee geëer (9 verse 12,13: *"want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee. Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom oor julle gehoorsaamheid aan die Evangelie van Christus wat julle bely en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander.")*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Cook (1908:122) gaan een tree verder om sy punt te staaf. Hy stel dit dat die vryheid van gee in die Nuwe Bedeling soos weergee in Romeine 7:6: *"Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeer ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van die wetsvoorskrifte nie"* en Galasiërs 5:1: *"Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ŉ slawejuk laat indwing nie",* nie ŉ vryheid is in dié sin dat die mens kan maak soos hy wil nie. Cook (1908) verduidelik dat die vryheid wat die Nuwe Testament voorstel, beskou moet word as die grootste gebondenheid aan en stipte gehoorsaamheid aan die Woord van God. Dit is duidelik dat om die gee van tiendes ŉ bindende bevel te maak in hierdie eeu van genade, sou wees om terug te keer na die wet soos dit deur die Fariseërs toegepas is. Maar wanneer daar gegee word in die gees van genade en in die regte gesindheid, sê Cook (1908), getuig vele Christene dat waar hulle die tiende as beginpunt gebruik het tot eer van God, God hulle in só ŉ mate geseën het dat hulle selfs meer gehad het om te gee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ulmer (2008) soos Cook (1908) en Powell (1979) huldig die standpunt dat die gee van tiendes vir die hedendaagse kerk ŉ afdwingbare beleid is. Hy meld dat; *"The principle of the thithe is a principle of priority. It is a tangible declaration that God is first in your life. It says that you acknowledge God as the source of your resources and you put Him first in your stewardship of what He brings into your life. In a very simple way, stewardship is how you handle what God gives you to manage or control. A steward manages property that belongs to another. God owns it all. We affirm his ownership by giving to Him up front, off the top of our income – which He brings into our lives"* Ulmer (2008:63).

Ek wil dit onomwonde stel dat ek in totaliteit myself van Ulmer (2008), Cook (1908) en Powell (1979) se standpunt distansieer. In teendeel, die standpunt wat hulle huldig dat die bepaalde teksgedeeltes vanuit ŉ geestelike perspektief benader moet word en nie noodwendig slegs gelet moet word op dit wat Paulus aan die gemeente in hul eie konteks wou voorhou nie, grens nie net aan kettery nie, maar is in my opinie onverantwoordelik. Soos op ŉ vorige geleentheid gemeld, moet daar nie uit die oog verloor word, of genoemde skrywers ŉ akademiese bydrae tot die uitleg van die

Bybel maak, en of hulle daarop uit is om ’n bepaalde kerklike standpunt te huldig, met die Bybel as verwysings raamwerk. Dit in sigself bring my by die standpunt dat daar met groot omsigtigheid omgegaan moet word om ’n kerklike standpunt te wil regverdig en die Bybel in dieselfde konteks as motivering te wil gebruik. Hierdie grondslag geld ook vir die African Methodist Episcopal Kerk, wie wel nie die gee van tiendes as afdwingbaar aan hul lidmate voorhou nie, maar wel as basis gebruik.

## 2.5. ’n STUDIE VAN DIE GEE VAN TIENDES VOOR EN NA DIE STIGTING VAN DIE KERK AS NUWE VERBONDSVOLK

Die laaste afdeling in hierdie hoofstuk is ’n beknopte oorsig oor die gee van tiendes voor en na die stigting van die Kerk as Nuwe Verbondsvolk. In hierdie hoofstuk gaan daar verwys word na -

- *Tiendes in die Griekse en later Judaistiese periode,*
- *Tiendes in vroeë en Middeleeue Kerk, en*
- *Tiendes in die hedendaagse era*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 2.5.1. Tiendes in Grieks - en later Judaistiese periode

Carpenter (1962:654) gee insig aangaande die gee van tiendes in die Griekse en later Judaistiese periode. Hy meld dat die gee van tiendes nog steeds die hoofbron van inkomste vir die priesters en Leviete was. Soos in die geval van die Ou Testament is die gee van die tiende aan die wil van die volk oorgelaat en was daar ’n traagheid in die gee van die tiendes en in sommige gevalle is geen tiendes gegee nie. As gevolg van die toedrag van sake, het gierige hoëpriesters by geleenthede seker gemaak dat hulle hul deel van die tiendes kry, deurdat hulle landbewoners gestuur het om die tiendes van die dorsvloer te neem. Hierdie landbewoners was onbetroubaar om hierdie belangrike geestelike taak te verrig. In die laat voor-Christelike en vroeg-Christelike eeue was die tiende vervang deur ’n soort kopbelasting vir die onderhoud van die tempel en die tempeldienaars. Carpenter (1962:655) sê voorts dat Matteus 17:24 verwys na ’n jaarlikse tempelbelasting. Hierdie belasting is van alle Jode in Palestina sowel as diegene wat in verstrooiing was, ingesamel. Selfs na die tempel verwoes is, het die rabbi’s nog steeds die

belangrikheid van die tiendes beklemtoon. Hulle het dit beskou as een van die drie verordeninge wat gepaard gegaan het met die skeppingsverhaal. Die drie verordeninge was (1) die waarneem van die Sabbatdag (2) die gee van tiendes na aanleiding van die verhaal van Kain en Abel, en (3) die instelling van die huwelik. Carpenter (1962:656) is van die opinie dat die Jode hierdie drie verordeninge nagekom het, hulle die lot van ongeregtigheid kon vryspring.

Daar is geen substansie of bevestiging aan die teorie aangaande die gee van tiendes in Grieks - en later Judaistiese periode nie. Persoonlik hou ek geen waarde daaraan nie, veral met verwysing na dit wat gesê word aangaande die drie verordeninge in die skeppingsverhaal, wat alreeds by ŉ vorige geleentheid bespreek en as onvanpas beskou was.

### 2.5.2. Tiendes in vroeë en Middeleeue Kerk

Hasting (1921:350) verduidelik dat in die Christelike Kerk tydens die Middeleeuse era ŉ behoefte vir die onderhoud van die geestelike leiers, wat van die sekulêre besigheid onttrek was, ontstaan het. Daar was egter geen stelsel gereed om hierdie behoefte aan te spreek nie, as gevolg van die feit dat die vroeë Kerk nie die tiende-stelsel aanvaar en geïmplementeer het nie. Gedurende daardie era is daar gedebatteer vir en teen die herinstelling van die tiende-stelsel. Gegee die toenemende behoefte wat op geen ander wyse aangespreek kon word nie, is die gee van tiendes tog "heringestel." Daar was duidelike weerstand teen en traagheid betreffende hierdie instelling, enersyds as gevolg van die feit dat daar geredeneer is dat die Ou Testamentiese voorskrifte nie meer van toepassing is op die Kerk nie, en andersyds as gevolg van ekonomiese redes, dat daar diegene was wat die stelsel as onbillik beskou het.

Whalen (1967:175) stem met Hastings (1921) saam dat die vroeë Kerk geen tiendestelsel gehad het nie. Dit was nie dat die behoefte vir die ondersteuning van die Kerk nie bestaan het nie, of dat dit nie erken is nie, maar liewer dat die tiendestelsel nie geïmplementeer is nie. Aspekte wat tot hierdie tendens bygedra het, was onder andere die volgende stelling: "Irenaeus and Origen spoke rather disparaginly of the institution of tithes as though there were something mean in it and

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

unworthy of the generosity of Christians" (Whalen 1967:175). Maar soos wat die Kerk uitgebrei het, en daar 'n toename in materiële behoeftes ontstaan het, het dit bygedra dat 'n konkrete beleid geformuleer moes word. Dit is hier waar die gee van die tiende van die Ou Testament handig te pas gekom het. Die gee van tiendes is van daardie tydstip aan voorgehou in onderrig om lidmate aan te moedig om 'n finansiële bydrae te lewer. Dit was eers nadat hierdie gedagte begin wortel skiet het, en daar genoegsame ondersteuning ingewin was vir die gee van tiendes, dat dit as wet verklaar is. "The Council of Mâcon in 585 ordered payment of tithes and threatened excomminication to those who refused to comply" (Whalen 1967:176). Daarna het ander plaaslike rade soortgelyke wette ingestel. Dit was op daardie punt dat daar hewige teenstand gebied was teen die gee van tiendes. Nieteenstaande die weerstand teen die gee van tiendes, is hierdie gebruik aan die einde van die agste eeu selfs onder die burgerlike wet geproklameer.

Vervolgens meld Whalen (1967:176) dat, in die aanvanklike toepassing van die gee van tiendes, dit slegs 'n vereiste was om 'n tiende van die produkte van die oes aan die kerk te gee. Dit was aan die begin van die dertiende eeu dat hierdie wet uitgebrei is, in so 'n mate dat ander soorte winste en selfs lone onder die tiende wet belasbaar was. Hierdie wet is so ernstig opgeneem dat: "The Council of Trent declared that the payment of tithes was due to God, and that those who refuse to pay them were to be excomminicated and were not to be absolved until full restitution had been made" (Whalen 1967:177). Dit was eers nadat die staat in Europa as sekulêr verklaar is, dat hierdie gebruik as gevolg van sosio-ekonomiese redes as onvanpas verklaar is. Sedert daardie tydstip en tot op hede is daar geen wetgewing of beleid in die Katolieke Kerk wat die gee van tiendes as 'n vereiste afdwingbaar maak nie. Wat wel geld is: "canon 1502 of the Code declares that particular laws or customs existing in some areas with regard to the payment of tithes were to be obseved" (Whalen 1967:177). In die twintigste eeu het dit meer en meer moeilik vir die Kerk begin raak om fondse te bekom, veral teen die agtergrond van toenemende behoeftes binne die kerk. Hierdie tendens is te bespeur op opvoedkundige gebied sowel as in die toenemende ontevredenheid van persone wat in diens van die Kerk staan ten opsigte van lewensonderhoud. Dit opsigself het daartoe bygedra dat 'n aangepaste en vrywillige stelsel vir die gee van tiendes in sommige plekke ingestel is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die laaste stelling: “Dit opsigself het daartoe bygedra dat ŉ aangepaste en vrywillige stelsel vir die gee van tiendes in sommige plekke ingestel is” van Whalen (1967) vind byval by my. Dit maak vir my sin dat die gee van tiendes in die Ou Testament ŉ stelsel was waarin die Israeliete, enersyds, opgeroep was om ŉ bepaalde behoefte aan te spreek. Andersyds ŉ stelsel waarin hulle ook hul dank teenoor God kon betoon vir Sy weldade. Maar, dieselfde stelsel hoef nie noodwendig meer relevant te wees om dieselfde doel te bereik nie. Daar moet eerder klem gelê word op die doel as op die stelsel. As die stelsel dus aangepas moes word, gegee die bespreking oor die teorie van die metamorfose van die gee van tiendes in die Ou Testament, is dit ook moontlik dat ŉ metamorfose nodig was om die doel van gee (tiendes of gawes) in die hedendaagse era te bereik.

### 2.5.3. Tiendes in die hedendaagse era

Die onderafdelings van die tesis wat handel oor die eksegese en teologie van Bybelse tekste oor gawes, veral in die Nuwe Testament, het onthul dat daar ŉ voordurende debat is oor die vraag of die gee van tiendes nog relevant in die hedendaagse era is. Dit is in veral hoofstuk 2.4: *“ŉ Studie van die Nuwe Testamentiese teologie rondom die gee van tiendes*” wat daar ondervind is dat daar skrywers is wat argumente na vore bring om die gee van tiendes Bybels-teologies te regverdig, terwyl andere teoloë eweneens die teendeel probeer bewys met die dieselfde Bybel as grond vir hul argumente. Gegee die doel van hierdie studie, dit is, om lig te werp op die standpunt van die African Methodist Episcopal Kerk se beleid aangaande die gee van tiendes as rentmeesterskap, gaan ek verdere ondersoek instel oor op dit wat Visagie (2003), Powell (1979), Saddler (2003), Lowry (1940), Haupt (1984) en Ulmer (2008) oor die onderwerp voorhou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Powell (1979:21) sowel as Kaiser (1996:195) meld dat ons leef in ŉ era waarin gelowiges dit moeilik vind om hul tiendes aan God toe te wy. Daar is vele faktore wat daartoe aanleiding gee. Onder andere is daar die “agente” van materialisme, kapitalisme en die reklamewêreld wat gedurig in ons oor fluister en ons terselfdertyd wys op al ons tekorte en behoeftes en wat ons kwansuis benodig. Daarom, gemeet aan die weelde van die reklamewêreld, kom almal van ons baie materiële dinge kort. Om in hierdie behoeftes en begeertes te kan voorsien, moet ons meer geld verdien

en gevolglik harder werk. Die uiteinde van hierdie dikwels bose kringloop is dat ons net vir onsself en ons eie behoeftes begin leef. In hierdie materialistiese wêreld word God dikwels allesbehalwe begeer en benodig. Ulmer (2008:66) sluit by Powell (1979) en Kaiser (1996) aan deur by te voeg dat dit ’n feit is dat die begeerte na tydelike, materiële dinge nooit versadig word nie. Om dié rede kry die mens nooit genoeg van materiële dinge nie. Uiteindelik besit ons nie meer nie, maar word ons besit. Op hierdie manier verontmenslik ons, soms selfs ten koste van ons godsdiens. Die tragedie hiervan is dat godsdiens juis misbruik word om materialistiese begeertes te regverdig. So verwaarloos ons die welstand van ons naaste en ignoreer ons universele morele verantwoordelikhede. So begin ons om ons belange los van die van ons medemens te sien en word daardie belangrike inter-menslike eenheid afgebreek en ’n valse, geïndividualiseerde waardesisteem wat net op jou behoeftes fokus, geskep. Dis belangrik om te onthou dat daar nooit sprake van ’n regverdige gemeenskap kan wees indien daar nie een gemeenskap is waar alle mense ten spyte van verskille, werklik vir mekaar omgee en sorg nie. Die terugkeer na en die vestiging van hierdie inter-menslike eenheid moet vir alle gelowiges van kardinale belang wees.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Teen hierdie agtergrond poog beide Powell (1979:23) en Lowry (1940:9) om ’n gesonde balans te handhaaf deur nie fanaties alle verwysing na materiële besittings te veroordeel nie. Daarom dat hulle van die opinie is dat die hedendaagse mens nie gedurig met skuldgevoelens oor arm mense hoef rond te loop totdat niks meer te kan geniet nie. Inteendeel, sê hulle, dit impliseer eerder ’n her-orïentasie van gelowiges se denke en hart, weg van hulself in die rigting van diegene wat swaar kry. Dit beteken die vaslegging van sekere morele grense wat ons materieel gesproke in toom sal hou en waarbuite ons gevolglik nie sal beweeg nie, omdat die ellende en die hartseer in so baie mense se lewe ons dit doodgewoon nie sal toelaat nie. Binne hierdie meer gebalanseerde grense sal baie egter nog geniet kan word. Indien almal in die wêreld bo die materiële broodlyn geleef het, sou ’n luukse leefwyse hier en daar geregverdig en verskoon kon word. Maar gegewe die huidige situasie waar miljoene mense, waaronder baie onskuldige kinders, swaarkry, kan die kerk nie anders nie as om gelowiges eties van die behoeftes van ander mense bewus te maak. Gelowiges moet voortdurend gewaarsku word teen oormatige selfverryking, self-genot en ’n onsensitiwiteit teenoor armes, omdat hulle kwansuis as individue deur die probleem

oorweldig word. Indien alle gelowiges hulle bes in hul leefwêreld doen, kan die situasie aansienlik verbeter. Dit is onverskoonbaar dat daar gebiede is waar mense daagliks kos weggooi terwyl daar dikwels nie ver daarvandaan nie mense is wat uit asdromme en van vullishope moet leef. Hiermee word daar nie gesê dat die luukse lewe van ryk mense sondermeer sondig is nie.

Met bogenoemde twee paragrawe as inleiding gaan ek vervolgens poog om die genoemde skrywers se bydrae binne 'n sistematiese raamwerk van argumente vir die gee van tiendes in die hedendaagse era te plaas.

As <u>eerste argument</u> sê Kendal (1982:23) God besit juis so baie omdat Hy soveel gee. Indien gelowiges hulself gee soos God Hom vir die mens gegee het, en steeds gee, raak ons spiritueel ontsaglik ryk en vervuld. Wanneer jy slegs vir jouself leef, raak jy ongebalanseerd en gevolglik arm. Jy kan self 'n sinloosheid en leegheid in jou lewe ervaar. Die vraag is egter nou, hoe pas bogenoemde in die debat oor die gee van tiendes? God se verordeninge vir die gee van tiendes is, soos reeds vermeld: (1) om dienswerk in die kerk te ondersteun; (2) om erkenning en dankbaarheid teenoor God te toon vir dit wat uit sy hand van genade ontvang is, in die gees daarvan dat die aarde en die volheid daarvan aan Hom behoort; en (3) om die maatskaplike en sosiale behoeftes binne en buite die kerk aan te spreek. Met ander woorde die gee van tiendes herinner gelowiges dat hulle nie net vir hulself kan en behoort te lewe nie. Met die regte gesindheid van gee sal die gelowiges enersyds dus bewus wees dat daar 'n wêreld met behoefte daarbuite is wat aangespreek moet word en nie vir hulself leef nie, en andersyds sal die kerk sy regmatige plek inneem deur Matteus 25:35-36: *"want Ek was honger, en julle het My iets gegee iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek"* gesien as opdrag van Jesus, na te kom. Ongetwyfeld is dit nie net die finansiële ondersteuning wat 'n impak op ons samelewing sal maak nie, maar veral die gesindheid om nie aan jouself te dink, en in jou eie behoeftes te voorsien nie, maar <u>om die samelewing deur God se oë te sien</u>.

Ter verdere ondersteuning vir die standpunt dat tiendes nog relevant in die hedendaagse samelewing is, gebruik Saddler (2003:4) en Haupt (1984:11) 'n <u>tweede</u>

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

argument, naamlik: dat die eerste en grootste gebod aan Christene is: *“... Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag”* (Markus 12:29-30). Die hedendaagse gelowiges word dus opgeroep om hul lewens dienooreenkomstig in te rig – want ons welsyn, besittings en bekwaamheid het ons deur die genade van God ontvang. Ons is seuns en dogters van God en daarom, as ons bely dat ons Christene is, behoort alles wat ons het aan God. Dus, volgens Levitikus 27:30 behoort die tiende wat ons aan God verskuldig is, alhoewel dit aan die kerk gegee word, aan God as alleen eienaar. Die vraag wat dus aan die volk van God in Maleagi 3:8 gestel was, naamlik *“Sal ŉ mens werklik vir God beroof? ... Waarvan beroof ons U? Van tiendes en offergawes*” is nog relevant vandag. Want daar moet nie uit die oog verloor word wat 2 Kronieke 31:21 meld in verband met die gee van tiendes: “*In alles wat hy onderneem het ter bevordering van die tempeldiens en die gehoorsaamheid aan wet en gebod, het hy met sy hele hart gevra na die wil van sy God, en daarom was hy voorspoedig.”* Die gee van tiendes, met ŉ blymoedige hart, aan God tot bevordering aan Sy Koninkryk is ŉ uitdaging wat voor elke gelowige se geloofsdeur staan. ŉ Uitdaging om God op sy Woord te neem dat ons voorspoed, nie net finansieel nie, maar in elke faset van ons lewe sal ervaar. Benewens die uitdaging is die gee van tiendes ook ŉ geloofstoets. Geloof in God om Sy Woord te gehoorsaam met die belofte van voorspoed wat daarmee gepaard gaan. Wanneer God ŉ tiende van dit wat aan Hom behoort van elke gelowige vra, gee God aan die gelowige die voorreg om die ander negentig persent van Sy eiendom tot sy eie voordeel, maar tot eer van sy Naam, te bestuur.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Watley (2006:175) sê verder dat hy erken dat daar diegene is wat dus argumenteer dat die hedendaagse gelowige is onderworpe aan die Nuwe Verbond, en nie onder die wet is nie. Op grond daarvan, glo hulle, is die vereiste van die gee van tiendes nie meer relevant nie. Wat diesulkes egter uit die oog verloor is die feit dat die gee van tiendes verband hou met jou geloof in God, soos die van Abraham, soos vermeld in Hebreërs 7. Dit is dus onmoontlik om daarop aanspraak te maak dat ons as gelowiges kinders van Abraham is, sonder om die geloof wat Abraham in God gedemonstreer in die gee van tiendes, toe te pas. Dus, deur nie tiendes te gee nie, beroof die gelowige nie vir God nie, want alles behoort aan God, maar beroof die

gelowige hulself van die voorspoed wat God beloof wanneer daar tiendes aan Hom gegee word. Hierdie bepaalde bydrae van Watley (2006) dien as derde argument.

In die hele debat oor Hebreërs 7 is daar reeds vermeld dat die bepaalde teks nie noodwendig die gee van tiendes, soos deur Abraham in die Ou Testament gedemonstreer bevestig nie. Dit sou dus volgens my opinie verkeerd wees om tiendes vir die hedendaagse kerk as maatstaf voor te hou gebaseer op die geloof wat Abraham in God gedemonstreer het.

Daar is ŉ algemene vierde argument om die standpunt van die relevansie van tiendes in die hedendaagse kerk te motiveer. Lowry (1940:5) is van mening dat Maleagi 3:8-10 in twee dele verdeel kan word. Die eerste deel van hierdie skrifgedeelte verwys spesifiek na die aaklike gevolge van gierigheid. Hy meld dat gierigheid ŉ sonde is wat veral gelowiges "half onder die mat" wil inskuif; hulle wil nie graag daarna wil verwys of daaroor praat nie. Gevolglik is dit makliker om te "wil glo" dat die teks verwys na ŉ Ou Testamentiese gebruik, en nie meer relevant is vir die hedendaagse gelowige nie. Daardeur sus mense hulle gewete. Die tweede deel van die skrifgedeelte verwys na God se metode, om die "gee van tiendes" in te stel as ŉ geneesmiddel, om die sonde van hebsug teen te werk. Lowry (1940:6), gebruik die onderwerp van gierigheid in die Bybelse konteks om sy argument ten opsigte van die gee van tiendes te laat geld. Gegee die era waarin die hedendaagse gelowige hulself bevind, waarin materialisme aan die orde van die dag is, word die "sonde" van gierigheid en hebsug beswaarlik Bybels aangespreek, so asof daar ŉ vrees is dat gelowiges eksepsie sal neem wanneer hulle met die spesifieke sonde gekonfronteer word. Dit alles in ag geneem, meld Paulus in Kolossense 3:5: *"Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is."* Met ander woorde, gierigheid word in dieselfde klas as onsedelikheid en onreinheid geplaas. Om sy punt van die van gierigheid verder te verduidelik, haal hy twee ander tekste aan, naamlik: 1 Korintiërs 6:9-10 *"Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie"* en Efesiërs 5:3-5: *"Soos dit gelowiges betaam, moet daar*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

*van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of ŉ gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie."* Gierigheid word dus bestempel as ŉ Bybelse "dodelike" sonde, ŉ sonde met dieselfde gevolge as wat vir egbrekers, diewe, hoereerders en dronkaards geld.

Haupt (1984:18) sluit by Lowrey (1940) aan wanneer hy die mening dat: *"een van die redes waarom gelowiges nie tiendes gee nie, as gevolg van gierigheid is, asook wat die Bybel omtrent gierigheid sê"* ondersteun. Hy verduidelik die Bybelse konsep van geloof en werke om substansie aan sy <u>(vyfde) argument</u> te gee. Haupt (1984:18) meld dat die gee van tiendes uitsluitlik om die sonde van gierigheid te vermy, nie die Bybelse oplossing is nie. Sou ŉ gelowige tiendes gee met daardie doel, gee hul nie noodwendig tot eer van God nie. Die enigste manier waarop enige mens verlos kan word van die sonde van gierigheid, in om te glo in die Seun van God, en Sy reddende genade. Die gee van tiendes is dus die gevolg daarvan dat jy gered is deur genade, dat God jou vry gemaak het van gierigheid, en daarom wanneer jy gee, sal jou werke getuig dat jy ŉ kind van God is. Hy gaan voort om die vraag, "In hoe ŉ mate getuig die gee van tiendes van jou geloof in God?", te behandel. Sy verduideliking is dat wanneer ŉ mens as gelowige verlos is van gierigheid, jou geloof in God en jou werke in die gee van tiendes met mekaar verband hou. As ŉ verdere verduideliking meld hy dat as ons as gelowiges nie tiendes gee omdat die Wet dit vereis nie; inteendeel, die gee van tiendes is nie deur die Wet ingestel nie. Dit staan vry en los van die Wet wat Moses van God ontvang het. Die tiende behoort dus aan die Here, want elke Christen behoort ŉ tiende van sy inkomste aan die Here te gee volgens ŉ beginsel van geregtigheid wat deur die Almagtige God self ingestel is. Om sy argument ter ondersteuning van die voortsetting van die gee van tiendes te motiveer, "<u>*sodat ons werke kan getuig dat ons kinders van God is",*</u> verwys Haupt (1984:20) na die Ou Testament, spesifiek Levitikus 27:30-32, wat meld dat tiendes heilig is aan die Here, nie op grond dat dit ŉ wettiese instelling is nie, maar op grond van God se verordeninge soos bepaal, reeds, in die skepping. Om dit verder te staaf, moet daar gelet word dat die gee van tiendes nie by die wet van Moses begin het nie. Genesis 14:20 is die eerste verwysing van die gee van tiendes. In hierdie

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

verhaal gee Abram (Abraham) aan Melgisedek, ŉ priester van die Allerhoogste God, ŉ tiende van die buit wat hy in ŉ oorlog ingewin het. Interessant om te noem dat hierdie verhaal speel homself af "sewehonderd jaar voor Moses die wet op Sinai ontvang het" (Lowry:1940:7). Let op: Abraham gee ŉ "tiende", nie ŉ sesde, agste of ŉ twaalfde of enige ander deel nie. Verder let ons dat die tweede verwysing van die gee van tiendes opgeteken is in Genesis 28:20-22. In hierdie verhaal (wat in ŉ ander paragraaf in hierdie studie behandel is) lê Jakob ŉ eed aan God af: "...en van alles wat U my gee, sal ek U ŉ tiende gee." Weereens, interessant om te noem dat hierdie eed word afgelê: "tweehonderd jaar na Abraham, en vyfhonderd jaar voor Moses die wet ontvang het." (Lowry:1940:5). Dit is geen toeval dat Jakob belowe om ŉ "tiende" te gee, nie ŉ sesde, agste of ŉ twaalfde of enige ander deel nie. Bogenoemde in ag geneem, in die konteks van geloof en werke: word gelowiges opgeroep om ŉ tiende van hul inkomste aan God te wy, omdat God dit ingestel het, omdat ons gehoorsaam is aan God se verordeninge, omdat ons God wil vereer met ons inkomste sodat ons werke kan getuig dat ons kinders van God is.

Lowry (1940:8) maak ŉ vars en unieke bydrae, wat as sesde argument tot die ondersteuning van die gee van tiendes beskou kan word. Hy noem nie net dat die gee van tiendes deur Abraham sewehonderd jaar voor Moses die wet op Sinai ontvang het, toegepas is, of dat die gee van tiendes beoefen is deur oer-nasies wat niks van die wet van Moses geweet het nie, want vele ander bronne maak ook daarvan melding soos reeds in hierdie tesis gemeld. Sy bydrae lui as volg: "Wat myself betref, kan ek net een redelike antwoord op hierdie vraag, oor die gee van tiendes kry, en dit is dat sover terug soos die begin van die skepping van die mens op aarde ingestel is" Lowry (1940:9). Gegee bogenoemde stelling, stel Lowry (1940) dit onomwonde dat die gee van tiendes net so min op Sinai begin, as wat die Sabbat daar begin het. Die Sabbat het nie by die gee van die wet ontstaan nie. Die vierde gebod sê: 'Dink aan die Sabbatdag dat jy dit heilig.' ŉ Sabbatdag is sedert die skepping van die mens deur God se volk waargeneem. Dus is dit byna ooglopend dat hierdie twee groot onveranderlike beginsels van geregtigheid by die tyd van die skepping begin. Dit is sy oortuiging dat vormlike wette mag verander maar die ewigdurende beginsels van God nooit. Hy verwys daarna dat die beginsel van geregtigheid, wat onder andere verwys na die gee van tiendes, so oud is dat selfs Kain en Abel daarvan geweet het. Hy verwys na die Septuagintvertaling van Genesis

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

4:7 wat voorhou dat Kain se oortreding nie slegs die kwaliteit van sy offergawes was nie maar die kwantiteit. Dus kan daar aanvaar word dat die gedagte van tiendes nie by die wet van Moses sy oorsprong het nie. Dit was eeue voor die geboorte van Moses in beoefening gebring. Aangesien die Here Jesus dan ’n Priester vir ewig is volgens die orde van Melgisedek, en Abraham die vader van ons almal is deur die geloof, behoort dieselfde beginsel wat Abraham gelei het om tiendes aan Melgisedek te gee, sekerlik ook elke Christen gelowige te lei om Christus deur sy tiendes en offerandes te eer.

In hierdie verband huldig Lowry (1940) dieselfde standpunt as andere skrywers wie voorhou dat die gee van tiendes nie ’n wet is nie, maar ’n verordening. Ek het reeds by vorige geleenthede myself hieroor uitgelaat en bevestig my standpunt dat ek my bedenking het of dit as argument vir die gee van tiendes gebruik kan word, vir redes soos reeds gemeld.

So byna asof Lowry (1940:9) wil seker maak dat sy (sesde) argument tot die letter verstaan word, bring hy die Nuwe Testament, waar Jesus aan woord is met verwysing na die gee van tiendes, onder bespreking. Hy ondersteun eerstens die argument dat Jesus nêrens in die Evangelies die beginsel van die gee van tiendes herroep nie. Tweedens ondersteun hy ook die gedagte dat Jesus die gee van tiendes met ’n verkeerde motief en gesindheid aanspreek. Hy gebruik dieselfde argument om te staaf dat die Here Jesus dus sy onvoorwaardelike goedkeuring aan die beginsels van die gee van tiendes geheg het.

Laastens, met verwysing na die “sesde argument”, in terme van die vroeë kerk meld Lowry (1940:10) dat die beginsels van die gee van tiendes onveranderd gebly het. Hy baseer sy argument op die brief wat Paulus aan die Korinte rig. 1 Korintiërs 16:2 maak melding van “Elke Sondag (eerste dag van die week) moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar...” Hy sê dat: “hierdie woorde het dus nie net die hoeveelheid nie, maar ook die sistematiese ‘opsy sit’ daarvan beklemtoon. As die vroeë kerk nie gewoond was om hulle tiendes te gee nie, hoe op aarde moes hulle nou begryp het wat Paulus bedoel het toe hy so geskrywe het?” Verder, “hoe moes hulle geweet het wat die woorde ‘na sy vermoë (voorspoed)’ beteken het?” Dit is duidelik dat die tiendes waarvan Maleagi verwys het, dieselfde beginsel is van die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

kollekte waarna Paulus verwys, want beide is vir die ondersteuning van die koninkryk asook tot eer van God.

Daar is ŉ sewende argument wat beide Lowry (1940:13) en Haupt (1984:24) aan die beginsel van die gee van tiendes heg, naamlik, dat dit God se bedoeling is om ŉ finansiële sisteem in te stel vir die ondersteuning van Sy koninkryk. God is ŉ God van orde. Dit word alreeds in die skeppingsverhaal waargeneem. In God se orde is daar ŉ bepaalde dag, die Sabbatdag, wat opsy gesit is, waarop Hy geëer word. Dit sê hoegenaamd nie dat dit die enigste dag is waarop God geëer moet word nie, maar dit is ŉ spesiale dag, daargestel sodat die skepsel sy Skepper kan aanbid. Die Sabbatdag is "opsygesit." Dit is God se sisteem om mense te herinner dat hul nooit mag vergeet dat Hy hul Skepper is nie. In ŉ voorafgaande paragraaf is daar gemeld dat: "... [dit] skyn...asof hierdie twee groot onveranderlike beginsels van geregtigheid (die waarneem van die Sabbatdag en gee van tiendes) by die tyd van die skepping begin." Dit in ag geneem, soos wat daar ŉ sisteem ingestel is vir die Sabbatdag as ŉ beginsel van geregtigheid, God ook so ŉ sisteem ingestel het om sy koninkryk te ondersteun, dit is, in die gee van tiendes as ŉ beginsel van geregtigheid. Mense in hul natuur is sondig, en is hul blootgestel aan gierigheid wat sonde is. Wanneer gelowiges dus van hul sonde van gierigheid verlos is deur die Seun van God, en deur te glo in die Seun van God, is daar ŉ sisteem van een tiende, wat alle gelowiges op dieselfde basis plaas, ingestel. En net soos wat die waarneem van die Sabbatdag sonder geloof in God geen mens van sy sonde kan verlos nie, kan die gee van tiendes, sonder geloof in God, jou ook nie van jou sonde verlos nie. Maar, die waarneem van die Sabbatdag dra daartoe by om jou geloof in God te versterk, eweneens, dra die gee van tiendes daartoe by om hy jou geloof in God te versterk.

Met betrekking tot die ondersteuning van God se koninkryk, skaar Lowry (1940:14-15) hom by die meeste ander bronne, daarin dat die gee van die tiendes hoofsaaklik aangewend moet word (nie noodwendig in die volgorde soos bespreek nie) vir:

- Die onderhoud van die "plek van samekoms": hetsy in die Ou Testament die Tempel of in die Nuwe Testament die kerkgebou. Die konsep is dat daar ŉ plek is waar gelowiges as God se volk op ŉ bepaalde dag (Sabbatdag) bymekaar kom om God se aanbid, wat, soos reeds vermeld, ŉ beginsel van geregtigheid is.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- Die onderhoud van diegene wat voltyds in God se diens staan. Weereens, in die Ou Testament verwys dit na die Leviete en Priester en in die Nuwe Testament verwys dit na predikante, evangeliste ensovoort. Hier verwys hy na 1 Korintiërs 9:13-14 *“Weet julle nie dat die wat tempeldiens verrig, dat die tempel lewe, en dat die wat die altaar bedien, uit die offers hulle deel ontvang nie? So het die Here ook bepaal dat die wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van de evangelie moet ontvang.”* Die konteks is dat die tiendes deels aangewend moet word om God se Woord te verkondig en te versprei.
- Daar waar daar nood is, hetsy vir die wees, weduwees, armes, verdruktes, of uitgeworpenes. God moet geëer word omdat Hy voorsiening maak vir alle mense, selfs vir diegene wat nie na hulself kan omsien nie.

Die gee van tiendes is dus God se sisteem om voorsiening te maak dat Sy koninkryk ondersteun word.

Onderstaande is ŉ opsomming in die vorm van ŉ skematiese voorstelling waarin skrywers argumenteer dat die gee van tiendes nog relevant is in die hedendaagse era. Op hierdie stadium van die tesis, sonder om die teenargumente te ignoreer, kan daar byna met oortuiging bevind word dat die gee van tiendes kan ŉ as Bybels-Teolologiese rentmeesterskap vir die hedendaagse gelowiges geregverdig word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

| **Argument** | **Motivering vir die gee van tiendes** |
|---|---|
| Eerste argument | om die samelewing deur God se oë te sien |
| Tweede argument | ŉ uitdaging om God op sy Woord te neem |
| Derde argument | om die geloof wat Abraham in God demonstreer, toe te pas |
| Vierde argument | God se metode, om die “gee van tiendes” in te stel as ŉ geneesmiddel vir gierigheid |
| vyfde argument | sodat ons werke kan getuig dat ons kinders van God is |
| Sesde argument | dat sover terug soos die begin van die omwandeling van die mens op aarde, God die wet van die tiendes gegee het |

| | |
|---|---|
| sewende argument | dat dit God se bedoeling is om ŉ finansiële sisteem in plek te sit vir die ondersteuning van sy koninkryk |

By wat in die skematiese voorstelling gesê is, voeg Powell (1979:25) dat ons gemeenskappe, en veral die omgewing waarin ons geleë is, nie kan bly soos hulle is nie. Dit is nie uitsluitlik die regering en politici wat ŉ verantwoordelikheid het om die nood aan te spreek nie. Die kerk beskik oor die antwoorde en juis daarom moet gelowiges so gou en dringend as moontlik help om die nood te verlig. Vir baie gelowiges lê hoop baiekeer buite hulself. Vir hulle lê dit iewers daar ver bo of daar ver vorentoe. Hulle meen dit sal die een of ander tyd soos manna uit die hemel val. Hulle glo dat iemand anders tog met een of ander oplossing of plan vorendag sal kom. Daar is niks daarmee verkeerd om te vertrou nie, maar gelowiges moet ook besef dat Christus in hulle woon en dat *Hy*, in die eerste plek, die lewende hoop is. Met hierdie belydenis sal hulle besef dat hulle in Christus die hoop vir die wêreld is. Maar nie net is Christus die lewende hoop nie; Hy is ook God se simbool van liefde. Dus, wanneer gelowiges hulle 'tiendes' gee, erken hulle dat God hulle hele lewe beheer, en bely hulle dat alles wat hulle het aan God behoort. Hulle sal dus met vrymoedigheid en oorgawe gee wat God vereis soos wat God aan hulle uit genade gee, deurdrenk van Christus se liefde.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ter samevatting oor die Tiendes in die hedendaagse era blyk die argumente baie aanloklik te wees. Dit hang egter af of ŉ mens wil oorleun na ŉ rasionalistiese benadering aangaande gee van tiendes as relevant in die hedendaagse era, met die Bybel as grondslag, teenoor die gee van tiendes om ŉ bepaalde standpunt te huldig. ŉ Standpunt wat ten alle koste regverdig moet word, selfs ten koste van dit wat die Bybel, met verwysing na die Nuwe Testament, oor die gee van tiendes voorhou. Persoonlik aanvaar ek dat die Bybel dit onomwonde stel dat God ŉ doel daar gestel het waarom die mens, met verwysing na gelowiges in die Nuwe Testamentiese era, van dit waarmee God ons geseën het, aan Hom, deur middel van die kerk, terug moet gee. Ek aanvaar ook dat daar ŉ stelsel nodig is om hierdie doel te bereik. Of die gee van tiendes noodwendig die Bybelse vasgestelde stelsel vir die hedendaagse kerk is, is ek nie so seker nie. My afleiding is dat indien die gee van tiendes as Bybels vir die hedendaagse era voorgehou was, sou dit ten minste in een van die Evangelies of Pauliniese briewe as ŉ ondubbelsinnige aanhangsel voorgestel was.

Ek het egter nie ŉ probleem met dit wat Whalen (1967:174) onder die bespreking van kerklike beleid rondom die gee van tiendes / gawes voorstel nie. Naamlik, dat alhoewel die bedrag of die gedeelte wat gegee word, kan die bydraestelsel die naam tiende mag heet nie. Solank gelowiges ŉ deeglike begrip het wat met die begrip tiende stelsel bedoel word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

# AFDELING III

## 3. SAMEVATTING

### 3.1. KERKLIKE BELEID RONDOM DIE GEE VAN TIENDES / GAWES

In die opsomming van die tesis het ek gemeld dat die African Methodist Episcopal Kerk as Protestants geïdentifiseer word. Verder het ek gemeld dat dit vir my onmoontlik was om noemenswaardige (geskrewe) akademiese bydraes van teoloë binne die Protestante raamwerk te vind. Derhalwe het ek besluit om individuele kerkdenominasies te nader om 'n opinie te vorm wat hul finansiële beleid is, en om verder te bepaal of die African Methodist Episcopal Kerk enig in sy soort is met betrekking tot hul beleid van die gee van tiendes. Onderhoude is met verteenwoordigers van die volgende Protestante kerk (denominasies) gevoer -

- Metodiste Kerk van Suider Afrika
- Calvyn Protestante Kerk van Afrika
- Anglikaanse Kerk van Afrika

'n Vraelys (***Aanhangsel A***) is saamgestel om leiding te gee met die voer van die onderhoude. Onderhoude is gevoer met 'n geordineerde en leke lidmaat van elke kerk soos aangedui. Die aanhangsel weer gee ook 'n opsomming van die inhoud van onderhoud met elke individu.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die volgende is 'n samevatting van die verskeie verteenwoordigers se verstaansraamwerk aangaande hul kerk denominasies se kerklike beleid rondom die gee van tiendes / gawes:

3.1.1. Metodiste Kerk van Suider Afrika

Die onderhoud met twee meelewende lidmate van die Metodiste Kerk van Suider Afrika het onthul dat hulle hul kerk as een van die hoofstroom kerke beskou. Hul Kerk het geen geskrewe dokument wat die amptelike beleid oor die gee van tiendes of gawes op sinodale vlak bepaal nie. Volgens hul medewete, bepaal elke individuele gemeente hul eie beleid oor die gee van tiendes of gawes, gegee die sosio-ekonomiese agtergrond van lidmate. In die algemeen, het die Metodiste Kerk van Suider Afrika nie 'n amptelike beleid aangaande die gee van tiendes nie, maar individue gemeentes het wel 'n stelsel waar lidmate opgeroep word om 'n vrywillige

offer maandelikse aan die kerk te gee. Daar word na hierdie stelsel verwys as: Bydra Stelsel. Benewens die Bydra stelsel, word lidmate ook versoek om periodiek dankoffers aan die kerk te gee vir spesiale geleenthede en projekte. Daarbenewens, is daar ook verskeie fondsinsameling pogings om die kerk se finansiële behoeftes aan te spreek. ŉ Interessante tendens is dat in die verlede was fondsinsameling pogings die hoof bron van inkomste, maar die tendens het verander, daarin dat lidmate verkies om vrywillige bydraes te lewer in stede daarvan om finansiële woeker aksies te ondersteun. Beide lidmate is nie bewus van enigeen wat navorsing oor die onderwerp van die relevansie van die gee van tiendes in hul kerk gedoen het nie.

3.1.2. Calvyn Protestante Kerk van Suid Afrika

Die onderhoude met die twee persone van die Calvyn Protestante Kerk van Suid Afrika het interessante en botsende inligting aangaande hul kerk se beleid aangaande die gee van tiendes / gawes onthul. Ek het half die gevoel gekry dat daar ŉ enorme gaping is tussen die van die kerklike leier en die van die jeugdige. Sonder om enigsins partydig te wees, kry ek persoonlik meer vattigheid aan dit wat die geordende persoon met my gedeel het. My rede wat ek aanvoer is dat hy meer insig het in die doen en late van die kerk, en andersyds, was hy volgens hom die moderator van die kerk vir ŉ termyn van agt jaar, wat waarde gee aan sy weergawe aangaande die onderwerp. Dus, blyk dit dat die Calvyn Protestante Kerk van Suid Afrika ŉ geskrewe beleid op sinodale vlak het wat deur alle gemeentes geïmplementeer met word. Wat my ietwat kriewelrig maak is die gedagte aan die afdwingbaarheid van die beleid. Die feit dat die kerk teen lidmate optree wie nie hul finansiële verpligtinge teenoor die kerk nakom nie. Ek kry die gevoel dat dit is ses van die een en ŉ half dosyn van die ander. Om my stelling te verduidelik: die gee van tiendes in terme van die beleid is in totaliteit buite berekening gebring, wat daarop neerkom dat dit nie relevant is in die hedendaagse era is nie. Daarteenoor word die gee van dankoffer op lidmate afgedwing, teenoor die Bybelse begrip dat tiendes nooit afdwingbaar was nie.

3.1.3. Anglikaanse Kerk van Suid Afrika

Daar is uiteenlopende sieninge aangaande die beleid van die gee van tiendes / gawes tussen die van die geordineerde persoon en die van die leke lidmaat met wie

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

daar onderhoude in terme van die Anglikaanse Kerk van Suid Afrika, gevoer is. Sonder om bevooroordeeld te wees, het ek die gevoel gekry dat die geordineerde persoon my wou beïndruk deur ’n geromantiseerde prentjie van die kerk se beleid te skulder. Ek neig om meer vattigheid aan die inhoud van die onderhoud van die leke persoon te kry, gegee die feit dat hy nege en dertig jaar ervaring as Leke Prediker het teenoor die geordineerde persoon se sewe jaar ervaring as assistent predikant in dieselfde gemeente. Wat ek wel kon aflei is dat daar sprake is van die gee van tiendes / dankoffers / Sondae Offers en fondsinsameling pogings is. Ek kon nie bepaal of daar ’n beleid oor die gee van tiendes / gawes op sinodale vlak is nie, maar kan met sekerheid meld dat dit blyk dat daar wel op gemeentelike vlak is.

3.1.4. Samevatting

Ek kan die volgende afleidings vanuit die onderhoude met persone van die drie verskillende kerke (denominasies) maak –

- Gegee die feit dat daar nie ’n onbetwiste beleid vir die gee van tiendes op sinodale of gemeentelike vlak is nie, kan ek by implikasie sê dat die gee van tiendes nie meer relevant is in die hedendaagse era nie,
- Die konsep dankoffer / vrywillige offer ’n meer aanvaarbare en bekende term is waarby lidmate opgeroep word om die kerk finansieel te ondersteun,
- Daar ’n onbetwisbare verandering is in die harte van gelowiges dat fondsinsameling poging, soos in die verlede, nie die antwoord en oplossing is om die finansiële behoeftes van die kerk aan te spreek nie,
- Daar is ’n gevoel, dat daar ’n hunkering is na die gee van tiendes, bo die van die huidige norm van: dankoffers / vrywillige offers
- Dit blyk dat beide geordineerde en leke lede het nie ’n Bybelse insig oor die onderwerp van die gee van tiendes in terme van die relevansie daarvan in die hedendaagse era nie,
- Die feit dat almal met geen uitsondering, drie tot vier stelsels, byname: (1) dankoffers / vrywillige offers (2) Erediens offers (3) fondsinsameling pogings (4) tiendes handhaaf, wil dit voorkom asof daar ’n onophoudelike tekort van fondse is om beide die kerk te bestuur en terselfde tyd projekte te loods.
- Daar is ’n gaping tussen die geordineerde persone teenoor die van leke lede se kennis met betrekking tot die beleid aangaande gee van tiendes / gawes

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

- Soos in die inleiding asook samevatting van die tesis aangehaal, blyk dit ook uit die onderhoude dat daar ŉ ietwat stilswye is aangaande bronne met verwysing na die gee van tiendes. Dit natuurlik in die konteks van die hoofstroom / gereformeerde / protestante beweging. Die uitsondering op die reël in hierdie verband is die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, aan wie daar krediet gegee moet word vir hul besonderse bydrae op die gebied.

Stof tot nadenke; gegee punt nommer ses van bogenoemde samevatting, wonder ek of kerkleiers al ŉ opsomming gemaak het van wat die gemiddelde aktiewe gelowiges aan die kerk gee. Dit mag dalk interessante feite onthul, daarin dat met die gee van dankoffers, plus vrywillige offers, plus Sondae offers, plus fondsinsameling pogings, gesamentlik dit nie dalk meer as hul tiendes is nie.

## 3.2. <u>DIE KATOLIEKE KERK SE BELEID RONDOM DIE GEE VAN TIENDES / GAWES</u>

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit skyn asof die enigste ander denominasie wat ŉ duidelike algemene finansiële beleid het, die Rooms Katolieke Kerk is. Whalen (1967:174) gee eers ŉ algemene opinie oor die gee van tiendes, waarna hy ŉ sinoptiese samevatting van die Katolieke Kerk se beleid rondom en gebruik van die gee van tiendes saamvat. Oor die gee van tiendes, meld hy dat dit ŉ Bybelse gebruik was waarvolgens ŉ tiende of ŉ gedeelte van ŉ persoon se inkomste, aan die “Kerk” betaal is. Hierdie gelde was vir die onderhoud van die kerklike diens, die onderhoud vir die kerklike dienaars, die bevordering van die kerklike verantwoordelikhede en werk, asook ter ondersteuning vir die armes, aangewend. Die betaal of gee van tiendes is deur die Ou Testamentiese Wet voorgeskryf, en soortgelyke praktyke was ook onder die heidense volke te bespeur. Die godsdienstige bydrae of belasting het die vorm van ŉ tiende aangeneem, alhoewel die bedrag of die gedeelte wat gegee was, gevarieer het, het die bydraestelsel die naam “tiende” gedra.

## 3.3. SKRIFTUURLIKE BEGINSELS OOR DIE ONDERWERP CHRISTELIKE RENTMEESTERSKAP IN TERME VAN DIE GEE VAN TIENDES / GAWES

Teen die agtergrond dat die African Methodist Episcopal Kerk se beleid bepaal dat alle lidmate rentmeesters is, en dat daar dus van hulle verwag word om 'n tiende van hul inkomste aan die kerk toe te wy, kan hierdie tesis 'n konstruktiewe bydrae lewer deur 'n elementêre bybelstudie daar te stel wat deur veral predikante gebruik kan word om hul lidmate te motiveer om gestalte te gee aan die beleid van die kerk. Webley (1978:11-15) skryf oor die onderwerp: "Christelike rentmeesterskap in terme van die gee van offers," waarin hy Bybelse beginsels vir die gee van tiendes / gawes voorhou. Hy behandel die onderwerp deur vyf relevante vrae te stel naamlik: (1) waarom moet ons gee?; (2) aan wie moet ons gee?; (3) wanneer moet ons gee en wie moet gee?; (4) hoe moet ons gee? en (5) hoeveel moet ons gee? Volgens hom is dit vrae aangaande die gee van tiendes wat in die algemeen deur lidmate oor die breë spektrum gevra word. Ten einde die daarstelling van 'n fundamenteel bybelstudie te laat materialiseer, het ek Webley (1978) en Mijnhardt (1986) geraadpleeg. (***Aanhangsel B***).

Ter bevestiging van die begrip tiende soos na verwys in die bybelstudie, herhaal ek graag my persoonlike opvatting van die woord soos weergee in paragraaf 2.5.2. Naamlik, dat die bedrag of die gedeelte wat gegee word, kan die naam tiende heet, solank gelowiges 'n deeglike begrip het wat met die begrip tiende stelsel bedoel word.

## 3.4. PERSOONLIKE EN ALGEHELE SAMEVATTING

Die navorsing ter voorlegging van die tesis het insiggewende opinies aangaande die gee van tiendes onthul. Daar is ewe veel argumente vir as argumente teen die oortuiging dat die relevansie vir die gee van tiendes as Bybels-Teologiese Rentmeesterskap geregverdig kan word.

Aanvanklik was ek, gegee my lewenslange verbintenis verbonde aan die African Methodist Episcopal Kerk, oortuig dat die gee van tiendes as Bybels-Teologiese Rentmeesterskap geregverdig kan word. Maar soos wat die navorsing van die tesis ontvou het, het ek meer en meer my bedenking aangaande hierdie opinie begin

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

ontwikkel. Daar is verskeie aspekte wat my tot hierdie posisie genoop het. My standpunt word baseer op dit wat in die navorsing weergee is, onder andere:

- Alhoewel daar volgens die Ou Testament genoegsame grond is om te aanvaar dat die gee van tiendes deel uitmaak van ŉ veelomvattende offerpraktyk, word die voortsetting van hierdie praktyk nêrens in die Nuwe Testament bevestig nie;
- Dit is ook ŉ feit dat Jesus Christus of enige ander Bybelse figuur die gee van tiendes weerlê, verwerp, afwys of ter syde gestel het nie, is dit ook ŉ feit dat daar nie ŉ enkele Nuwe Testament skrifverwysing is wat dit as maatstaf vir die Nuwe Testamentiese verbondsvolk as vereiste voorhou nie
- Daar word wel geen ander stelsel of metode, benewens die gee van tiendes, in beide die Ou en Nuwe Testament aan God se volk / kerk voorgehou nie, tog is daar ook ontdek dat die stelsel van gee in die Ou Testament voortdurend verander het na gelang van veranderde omstandighede. Dus is dit ook moontlik dat daar ŉ klem verskuiwing kon wees van die gee van tiendes na die gee van gawes volgens die Nuwe Testamentiese gebruik. Daar is verder onthul dat die gee van tiendes gepaard gegaan het met ŉ bepaalde doel, dit is om tot eer van God te gee asook, ter ondersteuning van die kerk. Daar is geen bewys dat hierdie doel nie in ŉ onveranderde stelsel gegiet is nie.
- Die argument dat Jesus Christus nie gekom het om die wet ongeldig te maak nie, maar om dit tot volle betekenis te bring, is wel ŉ Bybelse feit. Indien hierdie stelling as motivering gebruik word om die voortsetting van die gee van tiendes te staaf, moet alle Ou Testamentiese voorskrifte, soos die van aanbidding op die eerste dag van die week, die besnydenis asook diereoffers voortgesit moes gesit word.
- Benewens die Bybelse verantwoordelikheid wat gelowiges het om te gee ter ondersteuning van die verkondiging van die evangelie tot vordering van God se Koninkryk op aarde, het gelowiges ook ŉ maatskaplike verantwoordelike teenoor die wees, weduwees en arme na aanleiding van Jesus se opdrag volgens Matteus 25:25-31: “Ek was honger ... Ek was dors ... Ek was naak ... ens.” Indien gelowiges dus slaafs en tot die letter ŉ tiende van hul inkomste aan die kerk moet gee, belasting aan die staat moet betaal, en boonop hul Bybelse maatskaplike verantwoordelikhede moet nakom; sit die Nuwe Testamentiese volk in dieselfde

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

dilemma as Israel in die Ou Testament, wie blykbaar drie tiendes moes gee en boonop ook belasting moes betaal.

- Dit is nie eksklusief die gee van tiendes wat as bewys van gelowiges se rentmeesterskap dien nie, maar wel die gesindheid waarmee en waarin hulle tot eer van God gee. Indien dit andersom sou wees, dat die uitsluitlike gee van tiendes ŉ bewys is van gelowiges se rentmeesterskap, stel gelowiges hulself bloot aan ŉ soort uiterlike en vorm godsdiens, gelykstaan aan die van die Fariseërs in die tyd van Jesus se bediening opaarde.

Iets wat my wel tot kommer wek, is dat daar tydens die navorsing ontdek is dat daar ŉ ietwat van ŉ stilswye is oor die onderwerp van gee vanuit bekende akademiese teoloë. Dit in sigself skep ŉ leemte om ŉ behoorlike sistematies-teologiese oor die gee van hetsy tiendes of gawes daar te stel. As gevolg van genoemde rede, ontstaan daar ŉ moontlike verdere dilemma, naamlik dat individue, vir verskeie redes, die onderwerp kan manipuleer en gelowiges kan uitbuit, hartseer om te meld, met die Bybel as verwysings bron.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Wat ek egter verder in die navorsing van die onderwerp ontdek het, wat myns insiens ewiglik kommerwekkend is, soos wat in die vorige paragraaf gemeld is, is die aantal boeke / bronne oor finansiële bydrae, met verwysing na die gee van tiendes wat die afgelope, ongeveer twintig jaar geskryf is. Dit is nie die aantal boeke wat geskryf is, wat kommerwekkend is nie, maar die feit dat nege-en-negentig persent van die boeke geskryf is vanuit ŉ moderne konteks. Daar word sterk oorgeleun na "Prosperity Theology" wat as ŉ tipe "Bybelse" "lotto" voorgehou word. Die tipiese aanslag is: "As jy jou tiendes gee – gaan God jou voorspoedig maak." Dit, in my persoonlike opinie, is nie Bybels nie en kan selfs as kettery beskryf word.

Gegee beide twee bogenoemde paragrawe, skyn dit op die oog af asof daar groot onsekerheid, onduidelikheid en verwarring oor die offergedagtes by gelowiges is. Die navorsing het bevestig dat dit van uiterse belang is om te poog om die gee van tiendes reg te verstaan in die lig van die Skrif. Ons moet besef dat die "offerdiens die hart van die Bybelse godsdiens of geloofsbelydenis raak" Stevens (1911:34), dus moet dit met grote omsigtigheid benader word.

ʼn Verdere gevaar, myns insiens, wanneer die gee van tiendes in ʼn nougesette verband aan gelowiges voorgehou word, die moontlikheid kan bestaan dat dit hulle kan laat struikel omdat die gedagte kan ontstaan dat God eintlik onregverdiglik bo hul vermoë, geld van hulle vereis. Dit terwyl die Bybel die gesindheid waarmee gelowiges behoort te gee, onder andere as: blymoedig, gewillig, met oorgawe en beskeie, voorhou.

Dit moet egter gemeld word dat in hierdie tesis, om verskeie redes, nie alles aangaande die gee van tiendes / gawes genoem is nie. Tog behoort dit wat wel bespreek is, lidmate ʼn redelike insig te gee aangaande die onderwerp, ten einde hulle te ondersteun om ʼn ingeligte opinie te vorm, tot motivering vir reaksie.

Vit wat dit werd is, is daar ontdek dat die laaste teks waar die woord tiendes in die Nuwe Testament voorkom, dié in Hebreërs 7 is. Nieteenstaande die twee skole van denke aangaande die interpretasie van Hebreërs 7, vind genoemde teks aansluiting by Genesis 14:20 wat dien as die eerste verwysing na die gee van tiendes in die Ou Testament. Interessant bied beide tekste uitnemende beginsels aangaande die gee van tiendes. Hierdie beginsels berus op: "dank erkentlikheid", "die beste", "vrywilliglik", "eerbied", en "toewyding aan die Allerhoogste God." Hierdie beginsels mag nooit deur die gee van tiendes toegeëien word nie, maar moet eerder gesien word in die konteks van gee, hetsy tiendes of gawes.

In hierdie studie, terwyl ek geleentheid gekry het om opnuut deur die Skrif en veral die Ou Testament te lees, het ek iets universeel tussen die, respons teenoor die gee van tiendes, deur die Israeliete in die Ou Testament en die gee van gawes deur die gelowiges in die Nuwe Testament ervaar. Daar is ʼn gevoel van onrustigheid: dis asof mense nie presies weet wat hul te doen staan nie. In beide situasies, onder die Ou en Nuwe Testament volk vanweë menslike inherente sondigheid is daar ʼn botsing tussen die wil van die mens teenoor die wil van God. Betekende dat die Israeliete in die Ou Testament asook die gelowiges in die Nuwe Testament, die wil van God in terme van die gee van tiendes en gawes vernalatig. Daar is ʼn enerse patroon te bespeur, deur die mens deur die eeue heen, wanneer dit kom by die nakoming van God se wette en verordeninge aangaande gee. Daarin dat die volk in die tyd van Moses was geen engeltjies nie. Net so min die mens in die tyd van die profete

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(gegee Amos 4:4 en Maleagi 3:6-12), of in die tyd van Jesus (Matteus 23:23 en Lukas 18:12) en selfs in die huidige era.

Wat hou ek aan die African Methodist Episcopal Kerk in hierdie tesis voor -

- Die gee van tiendes wortel in die Ou Testament offergedagtes.
- Nuwe Testamenties beskou, omvat die offer die hele mens.
- Die tiendes was maar 'n onderdeel van 'n bydraestelsel in Israel.
- Tiendes moes as te ware die eersteling offer wees, die eerste deel van die inkomste moes aan die Here geheilig word.
- Vir spesifiek kerklike bydraes vind ons in die tiendes nie 'n wetlike voorskrif nie, maar wel 'n Skriftuurlike voorbeeld.
- In plaas van 'n tiende te eis, stel die Nuwe Testament sekere beginsels by die bring van, of bepaling van die omvang van gawes.
- Die Gees van God is die enigste ware Leidsman in sodanige gewetensbeslissing.

Ten slotte: in hierdie tesis is daar gemeld: *"Dit is opvallend dat ons nêrens in enige teks lees van enige dwangmaatreëls wat toegepas moes, of kon word vir gevalle van verontagsaming van die voorskrif of wet nie. Saam gelees met Maleagi 3:6-12 kan dit aanvaar word dat die ongehoorsames en wederstrewiges tog op 'n unieke wyse gestraf is."* **Sodoende word 'n besonderse beroep gedoen op die gewete en die wil van gelowiges om as verantwoordelike rentmeesters van God se eiendom op te tree en hul tiendes / gawes aan God toe te wy, namate God hul seën.**

## AANHANGSEL A

**PERSOONLIKE ONDERHOUD**

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND: **DEPARTEMENT VAN GODSDIENS EN TEOLOGIE**

MTh: **DIE RELEVANSIE VIR DIE GEE VAN 'N TIENDE AS BYBELS-TEOLOGIESE RENTMEESTERSKAP**

Datum: **1 Junie 2009**

Promotor: **Professor Douglas Lawrie**

Student: **Adam J Carelse**

Studente Nommer: **8017873**

<ins>**Vrae vir die semi-gestruktureerde onderhoud**</ins>

1. Aan watter kerk (denominasie) behoort u?
2. Wat is u verbintenis met u kerk (denominasie)? Beskou u uself as ŉ meelewende lidmaat van die kerk?
3. Beskou u u kerk (denominasie) as een van die "hoofstroom" kerke?
4. Het u kerk (denominasie) ŉ beleid met betrekking tot die gee van tiendes?
5. Wat is u kerk (denominasie) se beleid met betrekking tot geldelike bydraes (gawes)? Wat is die vernaamste maniere waardeur geld ingesamel word?
6. Word u kerk denominasie se beleid oor gawes op gemeentelike of sinodale vlak bepaal?
7. Is daar enige geskrewe bron of dokument/e aangaande u kerk denominasie se beleid oor gawes?
8. Weet u van enigeen wat dalk navorsing oor die onderwerp van "die relevansie van die gee van tiendes" in u kerk (denominasie) gedoen het?

Hiermee stem ek in om aan die onderhoud deel te neem. Ek bevestig verder:

a) Dat die etiekverklaring aan my voorgehou is,

b) Dat ek te goeder trou antwoorde sal verskaf, met dien vertande dat my antwoorde my persoonlike opinie sal weergee en nie noodwendig die amptelike standpunt van my kerk (denominasie) nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

c) Dat die navorser die gegewens uit die onderhoud mag aanhaal vir die gebruik in sy tesis, met inagneming van die bepalings van die etiekverklaring

**ETIESE VERKLARING**

1. Onderhoude sal slegs met volwassenes, wie skriftelik toestemming verleen het dat hul antwoorde in die tesis aangehaal mag word, gevoer word. Alvorens hulle versoek word om hul toestemming te gee, sal die etiese verklaring eers aan hulle voorgehou en verduidelik word.
2. Diegene wie onderneem dat daar met hulle ʼn onderhoud gevoer kan word, behou die reg voor om te weier, om enige spesifieke vraag te beantwoord.
3. Die identiteit van diegene met wie daar ʼn onderhoud gevoer sal word, se persoonlik besonderhede sal ten alle koste konfidensieel en vertroulik gehou word. In die tesis sal daar nie na die onderhoudende se naam verwys word nie, verder sal daar gestreef word, om ten alle koste na inligting van enige redelike aard, wat hul identiteit kan onthul, vermy word.
4. Daar sal gestreef word, om alle redelike sorgmaatreëls toe te pas, om te verseker dat die rekords (bronne) wat tydens die onderhoud gebruik was as stawende bewyse (naamlik: geskrewe notas, oudeo en/of video opnames, dokumente onderteken deur die onderhoudende), in veilige bewaring gehou word, waarby toegang tot sulke rekords (bronne) tot die navorser en die navorser se toesighouer beperk word.
5. Die navorser onderneem, om sover dit in sy vermoë is, redelik te sorg dat hy die onderhoudende se antwoorde akkuraat sal reflekteer, en sover as moontlik die onderhoudende se “eie” woorde te weergee / aan te haal.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**VOLLE NAAM: ..........................................................................................................**

**HANDTEKENING: ..................................................**

DATUM: ....................................................................

**ONDERHOUD 1**

ŉ Onderhoud is gevoer met ŉ manlike Predikant van die Metodiste Kerk van Suider Afrika. Hy is reeds drie en twintig jaar ononderbroke in die aktiewe pastorale diens. Hy het ŉ baie wye ervarings raamwerk binne die struktuur van die Metodiste kerk, daarin dat hy gemeentes in beide swart en bruin gemeenskappe bedien het. Daarbenewens het hy in plattelandse en stedelike gemeenskappe gedien. Sy ervaring strek tot pastorale bediening in die Metodiste Kerk vir vyf jaar in die buiteland. Hy is van mening dat die Metodiste Kerk deel is van die hoofstroom kerke, omrede die Metodiste Kerk soos ander hoofstroom kerke hul ontstaan in Suider Afrika deur oorsese sendelinge gevind het. Hy meld dat die Metodiste Kerk het geen amptelike finansiële beleid op die gee van tiendes, beide op sinodale of gemeentelike vlak nie. Hy is sterk van die opinie dat die gee van tiendes nog steeds relevant is vir die hedendaagse kerk omdat dit Bybels is. Dus, is dit nie nodig dat die kerk ŉ geskrewe beleid aangaande tiendes of self gawes het nie, omdat die Bybel as direkte bron vir die gee van finansiële ondersteuning aan die kerk gee. Lidmate word tydens spesiale dienste wat fokus op Rentmeesterskap met betrekking tot finansiële ondersteuning, aangemoedig om tiendes te gee. Tiendes word hofsaaklik deur kerk leiers en gereelde kerkgangers gegee. Die res van die gemeente betaal vrywillige offers. Aanvanklik was fondsinsameling die hoof bron van inkomste. Lidmate het egter die afgelope paar jaar besluit om liewers ŉ groter vrywillige offer te gee, teenoor al die opoffering wat gepaard gaan met fondsinsameling pogings. Volgens die bron, weet hy nie van enige predikant of leek wie navorsing gedoen het oor die onderwerp van die relevansie van die gee van tiendes nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**ONDERHOUD 2**

ŉ Tweede onderhoud is met ŉ vroulike leke lid van die Metodiste Kerk van Suider Afrika gevoer. Die lidmaat voer aan dat sy ŉ gebore Metodis is en in haar laat vyftiger jare is. Sy is ŉ leier in die kerk, wat die Metodiste Kerk noem, ŉ “Society Stewards.” Sy is van die opinie dat die Metodiste Kerk deel uitmaak van die hoofstroom kerke, maar het geen verwysingsraamwerk met betrekking tot die terminologie: “hoofstroom kerk” nie. Sy beskou haarself as ŉ wedergeboorte christen, dus volgens haar het sy nie ŉ keuse anders as om haar tiendes aan die kerk te gee nie. Sy verklaar dat die Bybel dit van haar vereis. Baie interessant, is dit feit dat toe daar aan haar gevra

word of sy dalk na enige teksvers in die Bybels kan verwys wat dit weergee, sy gesê het: "... êrens in die Ou Testament is daar ŉ vers wat praat van die gee van tiendes ..." Omrede sy as "Society Steward" vir die afgelope agt jaar dien, en dus deel is van die leierskorps van die kerk, kan sy met sekerheid sê dat: "... die beleid van ons kerk is dat daar van elkeen verwag word om hul tiendes te gee, maar omdat alle lidmate nie wedergebore christene is nie, kan hulle maar vrywillige offers aan die kerk gee ..." Sy meld dat sy nog nooit ŉ sinodale sitting bygewoon het nie, en dus nie weet of daar op daardie vlak ŉ beleid oor die gee van tiendes is nie, altans sy het nog nooit gehoor dat iemand daarna verwys nie. Dit is haar mening dat die Bybel as geskrewe dokument dien om die beleid aangaande die gee van tiendes te staaf, daarom is daar geen ander dokument nodig nie. Sy dra ook nie kennis van enige persoon wie navorsing oor die onderwerp van die relevansie van die gee van tiendes in hul kerk gedoen het nie.

**ONDERHOUD 3**

ŉ Derde onderhou is met ŉ manlike Predikant van die Calvyn Protestante Kerk in Suid Afrika, wie 31 jaar in die bediening is, gevoer. Hierdie persoon was tydens sy bedien die Moderator van hul kerk, en het dus redelike insig in die beleid in die algemeen van die kerk. As antwoord op die vraag of hy hul kerk as een van die hoofstroom kerke beskou, antwoord hy: "... ek sou liewers die term Gereformeerde Familie gebruik, eerder as hoofstroom ..." Hy sê: "... as ek reflekteer oor my bediening as predikant, is dit ŉ jammerte dat daar nie ŉ beleid aangaande te gee van tiendes in ons kerk is nie." Hy meld dat daar by geleenthede oor die onderwerk op sinodale vlak, informele gesprekke was, maar dat daar nooit enige formele besluit aangaande die gee van tiendes is nie. Daar is wel ŉ kerkorde op sinodale vlak wat bepaal dat lidmate verplig word om dankoffers aan die kerk te gee. Die kerkorde bepaal selfs dat indien lidmate vir ses agter eenvolgende maande nie hul dankoffers betaal nie, hul as onaktiewe lidmate geklassifiseer word, betekende dat hulle nie op kerkregte kan aanspraak maak nie. Die kerkorde bepaal dat elke individuele gemeente die dankoffer stelsel moet toepas. Die dankoffer stelsel bepaal dat lidmate maandeliks na hul vermoë ŉ finansiële bydrae tot die kerk moet lewer, betekende dat daar nie ŉ vasgestelde bedrag is wat van lidmate vereis word nie. Benewens die dankoffer, word lidmate ook verplig om binne in hul verskeie wyke die verskillende

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

fondsinsameling pogings te ondersteun. Dankoffers dien as hoof bron van inkomste en word daar gestreef om daardeur hul maandelikse uitgawes te dek. Die fondsinsameling dien slegs om veral bou projekte te finansier. Die kerkorde waarna daar verwys word dien as geskrewe dokument binne die struktuur van die kerk. Hy meld volgens sy opinie, is daar niemand in hul geledere wie navorsing gedoen het oor die onderwerp van die gee van tiendes nie, dit kan volgens sy opinie toegeskryf word aan die feit dat hul ŉ dankoffer stelsel handhaaf.

**ONDERHOUD 4**

Die vierde persoon wat my te woord gestaan het is ŉ manlike leke lidmaat van die Calvyn Protestante Kerk van Suid Afrika. Hy is in sy twintiger jare en sy oorlede vader was ook in die pastorale bediening in dieselfde kerk. Hy meld dat die jeug baie na aan sy hart lê en is dus nog baie betrokke in die jeug aksie van die kerk. Hy is van mening dat hul kerk nie deel uitmaak van nie hoofstroom kerke nie. Sy definisie van die hoofstroom kerke is dié kerke met ŉ lang geskiedenis met ŉ enorme groot aantal lidmate. Die kerk moet verder internasionale verbintenis asook status hê waarvan die leierskap deur middel van hul bekendheid ŉ impak op die samelewing behoort te het. Hy is nie net van die opinie nie, maar is vas oortuig dat hul kerk ŉ tiende stelsel handhaaf. Hy verwys daarna dat hy as kind in sy ouerhuis daaraan blootgestel was, dat sy ouers dit aan hulle voorgehou het, tot so ŉ mate dat hy sy tiendes slaafs maandeliks aan die kerk gee sedert hy ŉ inkomste vir homself begin verdien het. Interessant is die feit dat sy konsep van tiende die betekenis inhou van die van Whaley (1967:174). Betekende, dat die tiende nie beskou moet word as ŉ rekenkundige bedrag met betrekking tot jou inkomste nie, maar as dit wat jy as jou beste na jou vermoë beskou en aan die einde van die dag met jou gewete kan saamleef dat jy jou beste aan God gegee het. Verder is hy van mening dat Calvyn Protestante Kerk van Suid Afrika moet ŉ geskrewe beleid aangaande die gee van tiendes, op sinodale vlak hê. Hy erken dat hy nog nooit van so ŉ dokument of bron gehoor het, maar kan hom nie indink dat enige kerk, in ieder geval, sonder so ŉ beleid dokument kan fungeer nie. Hy verwys daarna dat daar ook na die term dankoffer in die kerk waaraan hy behoort verwys word, maar dat dankoffers ten doel het om spesiale behoeftes aan te spreek, byvoorbeeld bou fonds, asook een of ander sosiale of maatskaplike behoefte binne die kerk en selfs gemeenskap. In

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

terme van fondsinsameling pogings, meen hy dat dit net ŉ verkwisting van tyd is. Hy meen dat die era waarin ons leef is dit ŉ uiters swak bestuurstyl as leierskap dit aan hul lidmate voorhou. As argument noem hy dat: eerstens is dit nie ekonomies winsgewend nie omdat die produkte wat gekoop word met die doel om dit te verkoop is buitensporig duur. Tweedens sê hy selfs sinies: "... vat byvoorbeeld ŉ bazaar, dieselfde mense wat die koek koop, is die mense wat die bestanddele gekoop het, die koek gebak het en met hul motors na die bazaar vervoer het, dit is nou belaglik ..." Hy beweer dat dit die eerste keer in sy lewe is wat hy werklik met iemand buite hul kerk geledere praat oor die konsep van gee en dus nog nooit gehoor het van enige persoon in hul kerk wie navorsing oor die onderwerp gedoen het nie.

**ONDERHOUD 5**

ŉ Geordineerde manlike persoon wie as hulp leraar in die Anglikaanse Kerk van Suid Afrika vir die afgelope sewe jaar die, was die vyfde persoon met wie ek ŉ onderhou mee gevoer het. Sy respons op die vraag of die Anglikaanse Kerk deel uitmaak van die hoofstroom kerk: " ... ongetwyfeld, ja dit is amper ondenkbaar om anders te wil dink, ons kerk lewer ŉ onsettende groot bydrae tot die christelike godsdiens in Suid Afrika ..." Hy meld dat daar is ŉ ongeskrewe beleid ten opsigte van die gee van tiendes op sinodale vlak (Diosees). Volgens hom word hierdie selfde beleid deur elke individuele gemeente onderskryf. Die kerk, sê hy, het nie ŉ keuse as om die Bybelse term sowel as stelsel wat tiendes heet, te gebruik nie. Die kerk is verplig om tiendes van hul lidmate te vereis, en indien die kerk dit nie doen nie, is die kerk ongehoorsaam aan die Woord van God. Op die vraag wat sy verstaansraamwerk is van die begrip tiende, antwoord hy dat elke lidmaat ŉ rekenkundige bedrag van tien persent van sy of haar inkomste aan die kerk moet gee. Hy gaan verder, dat indien ŉ persoon sou waag om enigiets minder as tien persent te gee, die persoon hul blootstel om God se seëninge te verbeur. Wat egter van kardinale belang is, is die feit dat die kerk slegs die reg het om hierdie beleid te verkondig, skoling aan lidmate gee, lidmate aanmoedig tot die geloofsdaad. Die kerk mag egter, volgens hom, nie haarself die reg toeëien om lidmate te dwing, of selfs optree teen lidmate indien hulle nalaat om hul tiendes aan die kerk te gee nie. Daar is ook ander bronne van inkomste wat deur die kerk voorgehou word, soos die Sondae offergawe en die dankoffers wat lidmate op ŉ vrywillige basis aan die kerk gee vir spesiale doeleindes.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ten opsigte van fondsinsameling pogings, sê hy dat dit word nie meer so goed ondersteun soos voorheen nie, daar is ŉ definitiewe afname in belangstelling en mag dus nie in berekening gebring word om ŉ gesonde finansiële bestuurs stelsel te handhaaf nie. Dit moet as ŉ aanvullende bron gesien word met meer klem op samesyn as wins motief. HY weet nie van ŉ persoon in hul kerk wie oor die onderwerp van die gee van tiendes of selfs gawes geskryf het nie.

**ONDERHOUD 6**

Die sesde persoon met wie ek ŉ onderhou mee gevoer het is ŉ manlike "Lay Minister" van die Anglikaanse Kerk. Hy dien in dié amp in die kerk vir die afgelope nege en dertig jaar, en was verbonde in twee gemeentes in twee provinsies. Hy is van mening dat die Anglikaanse Kerk deel vorm van die hoofstroom kerke vanweë die feit dat die kerk sy oorsprong in Engeland het. Die algemene Anglikaanse kerk het geen amptelike beleid aangaande die gee van tiendes nie. In teendeel, die beleid bepaal dat elke gemeente behou hulself die reg voor om te bepaal op welke wyse hul fondse vir die kerk wil bekom. Beide die gemeentes waaraan hy verbonde was het ŉ beleid gehad waarin lidmate versoek was om maandeliks ŉ vrywillige offer (pledge) aan die kerk te gee. Benewens die vrywillige maandelikse offer, dien die weeklikse dankoffer tydens die aanbiddings diens as tweede bron van inkomste. As derde bron van inkomste is daar fondsinsamelings pogings, maar dit word beperk tot spesiale gemeentelike projekte, soos byvoorbeeld vir ŉ boufonds. Die gee van tiendes in beide gemeentes waaraan hy verbonde was, het nooit as ŉ stelsel van gee ter sprake gekom nie. Die konsep van die gee van tiendes is iets waarvan hy gehoor het, wat hy meer assosieer met die van ŉ "Pinkster Kerk" konsep as ŉ Bybelse konsep. In die gemeente waaraan hy tans behoort is daar ŉ deeglike gedokumenteerde stelsel, wat die proses asook die beheer van die vrywillige offer reguleer. Hy is nie bewus van ŉ persoon in hul kerk wie enige navorsing gedoen het aangaande die gee van tiendes nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

## AANHANGSEL B

## ‘N FUNDAMENTELE BYBELSTUDIE GEBASEER OP SKRIFTUURLIKE BEGINSELS OOR DIE ONDERWERP CHRISTELIKE RENTMEESTERSKAP IN TERME VAN DIE GEE VAN TIENDES / GAWES

VRAAG EEN: WAAROM MOET ONS GEE?

- Uit die staanspoor is dit belangrik om te bevestig wat die Bybel ons aangaande die gee van tiendes leer: *1 Kronieke 29:1. “Want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U (God) af en ons gee aan U (God) wat ons van U (God) gekry het."* Uit die genoemde teks hou die skrywer van die Kronieke boek twee aspekte voor, naamlik, eerstens, dat Christene moet onthou dat die uiteindelike Gewer God is, en, tweedens, ons moet dus verantwoording teenoor God doen vir ons gawes, talente en materiële besittings.
- Daar is ’n duidelike kontras in die konsepsie ten opsigte van geld en materiële besittings vanuit ’n sekulêre oogpunt en die vanuit ’n geestelike oogpunt. Die volgende uiteensetting verduidelik dit as volg:

| ***Sekulêre*** | @ | ***Geestelike*** |
|---|---|---|
| hoeveel besit jy | @ | hoe bestee jy dit |
| dink meer aan ontvang | @ | dink meer aan gee |
| vra wat jy gee | @ | vra hoe jy gee |
| dink aan die bedrag | @ | dink aan die motief |
| Dit is ’n middel van vergoeding | @ | dit is ’n middel van genade |
| Dit is ’n geleentheid van gerief | @ | dit is ’n geleentheid van toewyding |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

- Hieruit kan ons aflei dat vanuit ’n geestelike oogpunt deur ’n tiende of gawe te gee verklaar ’n persoon drie aspekte van hul geestelike wandel met God -
  - Eerstens, ’n persoon verklaar sy LIEFDE aan Jesus: “Wie *my opdragte het en dit uitvoer - dit is hy wat My lief het (Johannes 14:21)*
  - Tweedens, ’n persoon verklaar sy GEHOORSAAMHEID aan die

Skrif: *“Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang” (Handelinge 20:35),* en

- ➢ Derdens, ’n persoon verklaar sy GELOOF in God: *“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.” (Hebreërs 11:1)*

<u>VRAAG TWEE: AAN WIE MOET ONS GEE?</u>

- Om die vraag te beantwoord bevestig die Bybel die volgende aangaande “aan Wie” die tiendes eintlik gegee word. Die volgende tekste word voorgehou: *Filippense 4. 18* - “... *Julle gawes is voor God 'n offer met lieflike geur” en Spreuke 3:9-10* - *“Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes (inkomste,), dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.”*
- Dus word daar aanvaar dat tiendes primêr en uitsluitlik aan God gewy word en dat die kerk as instrument optree om die tiendes gawes wat gegee is, te administreer. Dus, persone wie hul tiendes, gawes en talente aan God wy, word as ’n aanneemlike geur deur God ontvang. Daarom word die persoon se dade van gee ’n manier waarop hul God vereer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

<u>VRAAG DRIE: WANNEER MOET ONS GEE & WIE MOET GEE?</u>

Die antwoord vir die vraag kom in 1 Korintiërs 16:2 voor: “Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit.” Die Bybelse verwysing gee dus drie riglyne naamlik:

- Eerstens, persone moet by elke geleentheid ’n deel van dit waarmee God hul geseën het, aan God terug gee.
- Tweedens, dat almal by die vermoë is om “iets” aan God te gee want die tiende-konsep verklaar dat dit nie ’n gelyke bedrag is wat vir God aanneemlik is nie, maar gelyke opoffering.
- Laastens, verwag God slegs dat jy binne jou eie vermoë, van jou inkomste aan Hom terug gee.

VRAAG VIER: HOE MOET ONS GEE?

- Daar is verskeie Bybelse verwysings wat dui op die gesindheid wat gelowiges behoort te openbaar, wanneer hul hul tiende / gawes aan God wy -
  - BLYMOEDIGHEID: *"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of nie dwang nie, want (God het die blymoedige gewer lief" (2 Kor. 9:7)*
  - OPOFFEREND: *"Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Ek verseker julle hulle het na vermoë, na, hul vermoë bygedra. (2 Korintiërs 8:2-3)*
  - HEELHARTIG: *"Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om, te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea..." (Korintiërs 8:4)*
  - GEWILLIGLIK: *"Julle was verlede jaar nie alleen die eerste wat iets gedoen het nie, julle was ook die eerste wat gewillig was om iets te doen..." (2 Korintiërs 8:10)*
  - MILDELIK: "... *wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes." (2 Korintiërs 9:6)*
  - DOELGERIG: *"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het." (2 Korintiërs 9:7)*
  - MET OORGAWE: "... *hulle het die vrywillige gawes aan die Here met hulle hele hart gegee.." (1 Korintiërs. 29:9)*
  - BESKEIE: *"As jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie." (Mat. 6:3)*
  - OPREGTHE1D: *"Ek weet, my God, dat U die hart ondersoek en dat U opregtheid wil hê. Ek het in opregtheid van hart al hierdie gawes gebring, en nou het ek met vreugde gesien hoe u volk wat hier teenwoordig is, sy gawes aan U bring" (1 Kronieke 29.' 17)*
- Hieruit kan ons aflei dat dit volgens die Bybel nie die gee van 'n tiende is wat deurslaggewend vir God is nie, maar die gesindheid waarmee en waarin 'n persoon aan God gee.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

VRAAG VYF: HOEVEEL ONS MOET GEE?

- Die Bybel verwys na: *Johannes 3:16* - *"God het* Sy *Enigste Seun gegee sodat ons nie verlore mag gaan nie..."*
    - God het 100% gegee
    - Die skrywer van Spreuke verklaar die volgende: *"Daar is mense wat vrylik uitdeel en tog steeds meer het, daar is andere wat suinig is en tog arm word." (Spreuke 11:24)*
- Die eerste basiese beginsel van hoeveel ons moet gee —
    - Ons moet gee namate God ons geseën het en namate ons vermoë:
    - *Elkeen moet 'n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het. (Deuteronomium 16:17)*
    - *Hulle het volgens hulle vermoë vir die boufonds gegee. (Esra 2:69)*
    - *Die gelowiges het toe besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot 'n hulpfonds wat vir hulle medegelowiges wat in Judea woon, gestuur sou word (Handelinge 11:29)*
- Die tweede basiese beginsel van hoeveel ons moet gee —
    - Ons moet slegs ons beste aan God gee:
    - *Jakob het toe 'n gelofte afgelê en gesê: As U, O God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U Here, my God wees. Hierdie klip pilaar wat ek regop gesit het, sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee. (Genesis 28:20-22)*
    - *Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige, toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën (seëninge) sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.(Maleagi 3:10)*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Voetnotas ter ondersteuning van bogenoemde Bybelstudie

Soos reeds gemeld, het hierdie werkstuk ten doel om predikante en lede te bemagtig om 'n Bybels-teologiese insig te hê, ten einde goeie rentmeesters te wees en om tot eer van God te gee. Om hierdie rede gaan van die Nuwe Testament teksverwysings soos aangehaal in die Bybelstudie van nader ontleed word om Bybelse beginsels vir die gee van finansiële bydrae daar te stel.

1 Korintiërs 9:1-23

Soos voorheen in hierdie tesis bespreek, het Paulus ten doel om aan die gemeente te kommunikeer dat ŉ predikant as verkondiger van die evangelie die reg het om lewensonderhoud van die evangelie te kry. Hierdeur meen Paulus dat predikant geregtig is om finansiële ondersteuning vir hul diens te ontvang.

*Die beginsel wat vanuit hierdie teks bepaal kan word, volgens Barnett (1988:75), is -*

As kerkgemeenskap is dit belangrik om toe te sien dat daar in predikante, wat deur God geroep is om geestelike diens te verrig, se finansiële behoeftes voorsien moet word. Wanneer lede van die kerk dus finansiële bydraes tot die kerk lewer moet hierdie aspek in ag geneem word, aangesien dit God is wat elke lidmaat finansieel seën.

1 Korintiërs 16:1-4

Daar is eenstemmigheid dat hierdie teksgedeelte nie direk die gee van tiendes behandel nie, maar wel ŉ beroep doen om geld in te samel vir die behoeftige gelowiges in Jerusalem. Dit in ag geneem, hou die teks tog verskeie beginsels voor ter motivering om as goeie finansiële rentmeesters op te tree.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

*Die beginsel wat vanuit hierdie teks bepaal kan word, volgens Morris (1981:223), is –*

- Gelowiges moet op ŉ gereelde grondslag finansieel tot die kerk bydra, byvoorbeeld weekliks of maandeliks, omrede dit makliker is om kleiner bedrae gereeld te gee as groot bedrae jaarliks en omdat die kerk lopende uitgawes het wat weekliks of maandeliks nagekom moet word,
- Gelowiges moet ŉ finansiële bydra tot die kerk lewer, in verhouding met dit waarmee God hulle geseën het; dit dien as maatstaf om jou dankbaarheid teenoor God te betoon.

2 Korintiërs 8 en 9

Soos in die vorige teksgedeelte, word daar nie direk verwys na die gee van tiendes nie. Blomberg (1990:191) gee ŉ verduideliking van die teks. Hy meld dat die sentrale tema van beide hoofstukke "genade" is. In 2 Korintiërs 8:2-3 loof Paulus die Masedoniërs vir dit wat hulle "vrywillig" finansieel bygedra het, tot so ŉ mate dat hulle selfs "bo hul vermoë" gegee het. Volgens Garland (2003:368) meld die teks nie dat daar ŉ voorgestelde bedrag was, wat as norm vir die gee van finansiële bydrae

gegeld het nie. Hy meld verder dat die Masedoniërs se finansiële bydra "opofferend" en "mildelik" was, wat hul bydra noemenswaardig gemaak het, omdat hulle self arm en behoeftig was.

*Die beginsel wat vanuit hierdie teks bepaal kan word is* –

- Gelowiges moet 'n opofferende finansiële bydra tot die kerk lewer, omdat dit wat hulle gee nie bepaal word deur hoeveel hulle gee nie, maar die feit dat hul bereid is om te gee namate God hulle seën, al beteken dit ook dat dit 'n klein bedrag is wat gegee word,
- Wanneer gelowiges 'n finansiële bydra tot die kerk maak, moet dit altyd vrywillig en spontaan wees,
- Gelowiges moet nie altyd wag op 'n oproep om 'n finansiële bydra tot die kerk te maak nie. Inteendeel, moet hulle strewe om self behoeftes te identifiseer om tot seën vir die kerk asook vir ander gelowiges te wees,
- In Hoofstuk 8:8-10 demonstreer Paulus hoedat Jesus Homself, gegrond op sy liefde vir die mens, gegee het. Dus, moet die motief van finansiële bydra aan die kerk gebaseer wees op die liefde vir Christus,
- Gelowiges moet finansieel tot die kerk bydra, sodat die kerk op haar beurt die maatskaplike behoeftes in die gemeenskap kan aanspreek,
- Gelowiges moet nooit uit die oog verloor nie, dat: "*wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes"* (2 Korintiërs 9:6). Wanneer 'n gelowige ryklik finansieel tot die kerk bydra, dat hulle in oorvloed God se seëninge sal ervaar. Dit in ag genome beteken dit nie dat gelowiges meer moet gee om sodoende meer vir hulself te kan ontvang nie, maar die gees waarin daar meer gegee moet word is om groter seëninge van God te ervaar met die doel om tot 'n groter seën vir andere te wees, en
- Gelowiges, in die gee van finansiële bydra tot die kerk, moet besef dat hulle slegs God se genade kan ervaar wanneer hulle met 'n gesindheid van blymoedigheid gee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Filippense 4:15-20

Beide Vincent (1897:75) en Loh en Nida (1977:132) meld dat Filippense 4:15-20 handel oor 'n indirekte woord van dank wat Paulus aan die gemeente van Filippi rig, en nie noodwendig oor die gee van tiendes nie. Bruce (1983:152) en Moule

(1897:188) huldig dieselfde standpunt as die van Vincent (1897) en Loh & Nida (1977) en gee ŉ uitleg van die teks onder bespreking. Hulle verwys daarna dat -

- Die finansiële bydrae deur die Filippense verband hou met hulle verhouding met Paulus (vers 10: "... dat julle nog aan my dink),
- Daar is ŉ direkte verband tussen dit wat die gemeente van Filippi finansieel bygedra het en die evangelie (vers 15: "... dat in die begin van my evangelieprediking ..."), en
- Hulle was die enigste gemeente wat deel gehad het in die finansiële onderhoud van Paulus (vers 15: "...geen enkele gemeente behalwe julle ŉ aandeel gehad het ...."

Fee (1995:446) sluit by die vorige twee skrywers aan deur te meld dat die finansiële bydrae waarna daar verwys word in Filippense 4:15-20 geensins dien om die gee van tiendes te bevorder nie. Om sy standpunt te motiveer, meld hy dat Paulus se taalgebruik dui op dié van ŉ saketransaksie, met verwysing na woorde soos aangehaal in verse 15-18: "rekening", "inkomste en uitgawe", "daardeur word hulle self ryker" en "het ek alles wat ek benodig het." Nieteenstaande dit wat al drie skrywers aangaande die Filippense 4:15-20 skrifverwysing gemeld het, is daar genoegsame grond om die beginsel wat vanuit hierdie teks bepaal kan word, aan te stip –

- Gelowiges, deur die gee van finansiële bydra tot die kerk, kry die geleentheid om diegene wat die Evangelie bevorder, te ondersteun, deur in hul behoefte te voorsien;
- Wanneer gelowiges finansiële bydraes maak, lê hulle "rykdom" nie noodwendig en eksklusief in finansiële vooruitgang nie, maar in die totale seëninge wat hulle van God ontvang, deur sy koninkryk te bevorder;
- Gelowiges wat finansiële bydraes gee, ontvang ŉ Bybelse belofte dat: "... *hulle* gawe (finansiële bydraes) voor God ŉ offer met lieflike geur [is], vir Hom aanneemlik en welgevallig"; en
- Gelowiges kry ook ŉ Bybelse bevestiging dat: "... God sal in elke behoefte van *hulle* ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## BRONNELYS


Achtemeier, E. 1986. *Nahum – Malachi* (Interpretation). Atlanta: John Knox Press.

Alden, Robert L. 1985. "Haggai and Malachi" in Frank E. Gaebelein (ed). *The Expositors Bible Commentary Volume 7, 701-725*. Grand Rapids: Zondervan.

Alexander, D. and Alexander, P. 1973. *The Lion Handbook to the Bible*. Oxford: Lion Publishing.

Banks, Robert 1975. *Jesus and the Law in the Synoptic Tradition*, SNTSMS. Cambridge: Cambridge University Press.

Baldwin, J.G. 1972. *An Introduction and Commentary on Haggai, Zechariah and Malachi* (Tyndale Commentary). London: Tyndale Press.

Barnett, P. 1988. *The Message of 2 Corinthians: Power in Weakness.* Downers Grove: Inter-Varsity Press.

Barrett, Charles K. 1968. *The First Epistle to the Corinthians* (Black's New Testament Commentary). London: A. & C. Black.

Barrett, Charles K. 1973. *The Second Epistle to the Corinthians* (Black's New Testament Commentary) London: Hendrickson.

Blomberg, Craig L. 1990. *Interpreting the Parables.* Downers Grove: Inter-Varsity Press.

Boadt, Lawrence. 1998. The international Bible Commentary. Farmer, William R. (ed.). Genesis; 348-394. Collegeville, The Liturgical Press.

Boice, J.M. 1986. *The Minor Prophets: An Expository Commentary*. Grand Rapids: Zondervan.


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Bowman, Raymond A. and Gilkey, Charles W. 1954. "Nehemiah," in G. Carpenter (ed). *The Interpreter's Bible* Vol. 3, 764-775. New York: Abingdon.

Bratcher, Robert G. 1982. *A Translator's Guide to Paul's First Letter to the Corinthians* (Helps For Translators). New York: United Bible Societies.

Bruce, F.F. 1971. *1 and 2 Corinthians* (New Century Bible) London: Oliphants.

Bruce, F.F. 1983. *Philippians.* NIBC; Peabody: Hendrickson.

Brueggemann, Walter 1982. *Genesis: A Bible Commentary for Teaching and Preaching.* Atlanta: John Knox.

Calkins, Raymond. 1947. *The Modern Message of the Minor Prophets.* New York: Harper.

Carpenter, E.E. 1962. "Tithe," in George A. Buttrick A. (ed). *The Interpreter's Dictionary of the Bible: an illistrated encyclopedia identifying and explaining,* 654-655. Nashville: Abingdon Press.

Carson, Donald A. 1984. "Matthew," in FE Gaebelein (ed) *The Expositor's Bible Commentary.* vol. 8; 481-484. Grand Rapids: Zondervan.

Carson, Donald. A., Moo, Douglas and Morris, Leon 1992. *An Introduction to the New Testament.* Grand Rapids: Zondervan.

Chafer, Lewis Sperry. 1974. *Major Bible Themes* (revised ed.; ed. John Walvoord); Grand Rapids: Academie Books.

Church, L. F. 1960. *Matthew Henry's Commentary*. London: Marshall, Morgan & Scott.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Collins, Raymond F. 1999. *1 Corinthians.* Sacra Pagina Series; vol. 7. Collegeville: Liturgical Press.

Cook, Charles A. 1908. *Stewardship and Missions*. Philadelphia: The Judson Press.

Davis, George B. *"Are Christians Supposed to Tithe*," CTR 2. 1987.

Dentan, Robert C. 1956. "The Book of Malachi", in George A Carpenter (ed), *The Interpreter's Bible.* vol. 6, 1140-1143. New York: Abingdon.

Du Toit, S. In "Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika vir die jaar 1956."

Fee, Gordon D. 1987. *The First Epistle to the Corinthians.* NICNT. Grand Rapids: Eerdmans.

Fee, Gordon D. 1995. *Paul's Letter to the Philippians.* NICNT; Grand Rapids: Eerdmans.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

France, R. T. 1989. *Matthew: Evangelist and Teacher.* Grand Rapids: Academie.

Fretheim, Terence E. 1997. "A Theological Interpretation of Scripture", in Stephen E Fowl. Blackwell Publishing LTD: Victoria.

Garland, David E. 2003. *1 Corinthians.* BECNT. Grand Rapids: Baker.

Goddard, Burton L. 1960. "Malachi," in Carl F.H Henry (ed), *The Biblical Expositor: The Living Theme of the Great Book.* vol. 2; 385-392. Philadelphia: A. J. Holman.

Groenewald E.P. 1989. Die Evangelie volgens Lukas. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers

Guthrie, D. & Motyer, J.A. (eds) 1970. *The New Bible Commentary*. England: Inter-Varsity Press. Pg. 804

Guthrie, Donald. 1990. *New Testament Introduction.* revised ed.; Downers Grove: Inter-Varsity Press.

Guthrie, George H. 2002. “Hebrews,” in Clinton E Arnold (ed), *Zondervan Illustrated Bible Background Commentary* vol. 4, 39-52. Grand Rapids: Zondervan.

Haines, Lee. 1967 The Wesleyan Bible Commentary. (Carter, Charles W. et al). Volume One, Part 1: Genesis and Exodus; 64-65. Grand Rapids, Eerdmans.

Harrel, C.J. 1953. *Stewardship and the Tithes*. New York: Abingdon Press.

Hartley, J. E. 1992. *Leviticus*. WBC 4; Waco: Word.

Hawthorne, G.F. 1986. “Tithes,” in Colin Brown (ed). *The New International Dictionary of New Testament Theology* Volume 3, 851-855. Grand Rapids: The Paternoster Press.

Hasting, James 1921 *Encyclopeadia of Religion and Ethics. Volume* XII. Edinburgh: T&T Clark.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Haupt, Charles. 1984. *Beproef My Tog Hierin*. Kaapstad: Blackshaws.

Hess, Richard S. 1992*. Abel,” in Anchor Bible Dictionary*. ed David Noel Freedman. New York: Doubleday. Pg. 9-10

Hill, Andrew E. 1988. Malachi: A New Translation with Introduction and Commentary. (The Anchor Bible). New York: Doubleday Dell Publishing Group, Inc.

Isbell, Charles D. 1980. *Malachi: A Study Guide Commentary*. Grand Rapids: Zondervan.

Jagersma, H. 1978. *The Tithes in the Old Testament. “Remembering All the Way.”* London: SCM Press.

James H. J. 1921. *Encyclopeadia of Religion and Ethict. Volume XII.* Edinburgh: T&T Clark.

James, Inglis. 1968. *A Topical Dictionary of Bible Texts*. Washington: Baker Book House Company.

Kaiser, Walter C. Jr. 1984. *Malachi: God's Unchanging Love*. Grand Rapids, MI: Baker.

Kaiser, Walter C. Jr. 1996. "The Law as God's Gracious Guidance for the Promotion of Holiness," in Wayne Strickland (ed), *Five Views on Law and Gospel, 191-213.* Grand Rapids: Zondervan.

Kendal R.T. 1982. *Tithing: Discover the Freedom of Biblical Giving*. London: Hodder and Stoughton.

Kobelski, P. J. 1981. *Melchizedek and Melchireša.* Washington: The Catholic Biblical Association of America.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Koester, C. R. 2001. *Hebrews: A New Translation with Introduction and Commentary.* New York: Doubleday.

Kurianal, James. 2000. *Jesus Our High Priest: Ps 110:4 as the Substructure of Heb 5:1–7,28.* New York: Peter Lang.

Lenski, Richard. C. H. 1946. *The Interpretation of St. Paul's First and Second Epistle to the Corinthians.* Columbus: Wartburg Press.

Lindars, Barnabas. 1991. *The Theology of the Letter to the Hebrews*. Cambridge: Cambridge University Press.

Loh, J. en Nida, E. A. 1977. *A Handbook on Paul's Letter to the Philippians.* Helps for Translators; New York: United Bible Societies.

Lowry, Osca. 1940. *Die Sonde wat Ons Wegsteek*. Roodepoort: Transo Pers.

McComiskey, Thomas Edward. 1985. “Amos,” in Frank E. Gaebelein (ed), *Expositor’s Bible Commentary.* vol. 7, 269-334. Grand Rapids: Zondervan.

Merrill, Eugene H. 1994. *Deuteronomy.* NAC; Nashville: Broadman & Holman.

Metzger, Bruce M. and Murphy, Roland E. (eds.) 1991. *The New Oxford Apocrypha: New Revised Standard Version.* New York: Oxford University Press.

Mijnhardt, C.F. 1986. *Afrikaanse Bybelkorkondansie*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

Morley, B. K . 1996. “Tithe, Tithing,” in Walter A Elwell (ed). *Evangelical Dictionary of Biblical Theology, 779-784*. Grand Rapids: Baker.

Morris, L. 1981. “Hebrews,” in Frank E. Gaebelein (ed), *The Expositor’s Bible Commentary.* vol. 12, 55-69. Grand Rapids: Zondervan.

Moule, H.C.G. 1897. *Philippian Studies: Lessons in Faith and Love from St. Paul’s Epistle to the Philippians.* New York: A. C. Armstrong & Son.

Noth, Martin. 1956. *The History of Israel.* New York: Harper & Brothers.

Ogden, Graham S. 1987. *A Promise of Hope: a Call to Obedience : A Commentary of the Books of Joel and Malachi*. Grand Rapids: Eerdmans

Owen, J.J. 1989. *Analytical Key to the Old Testament: Isaiah – Malachi.* Vol 4. Grand Rapids: Baker.

Payne, J. Barton. 1988. “1 and 2 Chronicles,” in Frank E. Gaebelein (ed), *The Expositor Bible Commentary*. vol. 4. Grand Rapids: Zondervan.

Pedersen, J. 1947. *Israel, Its Life and Culture I-IV.* London: Oxford University Press.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Petersen, David L. 1995. *Zechariah 9-14 and Malachi: A Commentary* (The Old Testament Library). Louisville, Kentucky: Westminster John Knox.

Polaski, D.C. 1976. Malachi 3:1-12. *Interpretation*. 54/4, 416-418

Powell, Edward, 1979. *Tithing and Dominion*. Vallecito: Ross House Books.

Reddit, P.L. 1995. *Haggai, Zechariah and Malachi*. (The New Century Bible Commentary). Grand Rapids: Eerdmans.

Richardson, A.J. 2004. *The Doctrine and Discipline of the African Methodist Episcopal Church*. Nashville: AMEC Sunday School Union.

Roth, Cecil. 1996. "Tithes." *Encyclopaedia Judaica. Volume 15, 1156-1163*. Israel: Ketter Publishing House Jerusalem.

Saddler, Gilbert C. 2003. *The Tithe - Have Ye Robbed God?* Johannesburg: Destiny Publishers.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Schuller, Eileen M. 1996. "The Book of Malachi," in *The New Interpreters Bible. Volume VII, 843-877.* Nashville: Abingdon Press.

Smith, John Merlin Powis 1967. *A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Malachi.* ICC; Edinburgh: T. & T. Clark.

Smith, Ralph L. 1972. "Amos," in *The Broadman Bible Commentary.* vol. 7, 103-111. Nashville: Broadman.

Smith, Ralph L. 1984. *Micha – Malachi* (Word Biblical Commentary). Waco, Texas: Word.

Snyman, Fanie. 1995. *Gesprek met God: Maleagi*. Orion: Halfway House.

Speiser, E.A. 1964. *Genesis, Anchor Bible, Vol. 1*. New York: Doubleday.

Stevens, G.B. 1911. *The Theology of the New Testament*. Edinburgh: T&T Clark.

Stibbs, A.M. 1970. *So Great Salvation: The Meaning and Message of the Letter to the Hebrews*. Exeter: Paternoster.

Talbert, Charles H. 1989. *Reading Luke: A Literary and Theological Commentary on the Third Gospel.* New York: Crossroads.

Taylor, R.A. and Clendenen, E.R. 2004. *Haggai and Malachi* (The New American Commentary: An Exegetical and Theological Exposition of Holy Scripture, Vol. 21A). Nashville: Broadman and Holman Publishers.

Thomson, J.G. 1962. "Tithes," in J.D. Douglas (ed), *New Bible Dictionary, 1205*. Leicester: Inter-Varsity Press.

Ulmer, Kenneth C. 2008. *Making Your Money Count*. Cape Town: CTP Book Printers.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Frethein, T.E. 1997. "Malachi," *in W.A. VanGemeren, New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis. Vol. 2, 203-206*. Grand Rapids: Zondervan.

Verhoef, Pieter. 1974. "A Hermeneutical Consideration," in John H. Allis, *The Law and the Prophets: Old Testament Studies, 115-127.* Nutley: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Verhoef, Pieter. 1987. "*Books of Haggai and Malachi* ," in *The New International Commentary on the Old Testament, 174-183.* Grand Rapids: Eerdmans.

Vincent, Marvin R. 1897. *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistles to the Philippians and to Philemon.* ICC; Edinburgh: T. & T. Clark.

Visagie, Chris 2003. *Understanding the Principle of Tithing*. Cape Town: Express Printers.

Von Orelli, C. 1977. *The Twelve Minor Prophets.* Minneapolis, MN: Klock and Klock.

Vosloo, W. & F. Van Rensburg, F. 1999. *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Watley, William D. 1995. *The Layperson's Guide to Tithing*. Nashville: AME Sunday School Union.

Watley, William D. 2006. *Breaking Financial Barriers*. Milwaukee: Northwestern Publishing House.

Webley, Simon. 1978. *Money Matters: Christian Stewardship of Money*. Leicester: Inter-Varsity Press.

Wenham, Gordon J. 2003. Eerdmans Commentary on the Bible. Dunn, James D.G. and Rogerson John W. (ed.). Genesis; 32-70. Grand Rapids, Michigan.

Whalen, J.P. 1967. New Catholic Encyclopaedia. Volume XIV, 171-178. New York: McGraw Hill Book Compony.

Whartenby, Thomas J., Jr. 1991. "Genesis:28:10–22," *Int* 45 IBC. Atlanta: John Knox Pg. 404.

Williams, Deric. 1989. New Concise Bible Dictionary. London: Inter-Varsity Press.

Wolfgramm Arno J. 2001. *Stewardship: What I Do with What God Gave Me*. Milwaukee: Northwestern Publishing House.

Yamauchi, Edwin. 1988. "Nehemiah," in Frank E. Gaebelein (ed), *Expositor's Bible Commentary.* vol. 7, *736-749.* Grand Rapids: Zondervan.

Young, E.J. and Baldwin, J.G. 1988. "The Book of Malachi," in J.D. Douglas (ed) *New Bible Dictionary*, *708-742.* Weaton, IL: Tyndale House.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

**PUBLIKASIES**

"Annual Conference Journal: Pastoral Reports, Commission Reports & Minutes of the previous Annual Conference, " of the Cape Annual Conference of the Fifteenth Episcopal District of the African Methodist Episcopal Church. 2005

Glazer-McDonnald, Beth. 1987. *Malachi: The Divine Messenger*, Ph.D. diss., The University of Chicago. Atlanta, GA: Scholars.

O'Brien, Julia M. 1987. *Priest and Levite in Malachi*, Ph.D diss., The University of Chicago. Atlanta, GA: Scholars.

**PERSOONLIK ONDERHOUDE**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Africa, Ursala. 20 Mei 2009. Athlone

Armstrong, Ronald. 20 Mei 2009. Kuilsrivier

Beukes, Christopher. 20 Mei 2009. Athlone

Engelbrecht, Johan. 20 Mei 2009. Athlone

Fortune, James. 20 Mei 2009. Athlone

Ntshanyana, Otto. 20 Mei 2009. Athlone